| Departementele ontvangstes                             | 2017/2018             |                             |                          | 2016/2017             |                             |                          |
|--|-----------------------|-----------------------------|--------------------------|-----------------------|-----------------------------|--------------------------|
|  | Beraamde bedrag R'000 | Werklike bedrag geïen R'000 | (Oor) / ondergeïen R'000 | Beraamde bedrag R'000 | Werklike bedrag geïen R'000 | (Oor) / ondergeïen R'000 |
| Belastingontvangstes:                                  |                       |                             |                          |                       |                             |                          |
| Motorvoertuiglisensies                                 | 1 399 552             | 1 572 067                   | (172 515)                | 1 285 065             | 1 433 664                   | (148 599)                |
| Verkoop van goedere en dienste anders as kapitaalbates | 92 224                | 127 679                     | (35 455)                 | 87 833                | 113 723                     | (25 890)                 |

| Departementele ontvangstes               | 2017/2018             |                           |                        | 2016/2017             |                           |                        |
|--|-----------------------|---------------------------|------------------------|-----------------------|---------------------------|------------------------|
|  | Beraamde bedrag R'000 | Werklike bedrag geï R'000 | (Oor) / ondergeï R'000 | Beraamde bedrag R'000 | Werklike bedrag geï R'000 | (Oor) / ondergeï R'000 |
| Rente, dividende en verhuring van grond  | -                     | 984                       | (984)                  | -                     | 1 976                     | (1 976)                |
| Verkoop van kapitaalbates                | -                     | 475                       | (475)                  | -                     | 3 369                     | (3 369)                |
| Transaksies in finansiële bates en laste | 1 179                 | 16 407                    | (15 228)               | 8 088                 | 24 194                    | (16 106)               |
| Oordragte ontvang                        | -                     | 3 000                     | (3 000)                | -                     | 6 765                     | (6 765)                |
| Boetes, strafboetes en verbeurings       | 244                   | 1 602                     | (1 358)                | 232                   | 1 307                     | (1 075)                |
| <b>Totaal</b>                            | <b>1 493 199</b>      | <b>1 722 214</b>          | <b>(229 015)</b>       | <b>1 381 218</b>      | <b>1 584 998</b>          | <b>(203 780)</b>       |

'n Oorvordering van R229,015 miljoen of 15,34 persent is gerealiseer op departementele ontvangstes vir die 2017/18-boekjaar. In die vorige boekjaar het die oorvordering op ontvangstes R203,780 miljoen of 14,75 persent beloop. Die toename in werklike ontvangstes vergeleke met die vorige jaar is R137,216 miljoen of 8,66 persent. Die vernaamste bydraer tot die oorvordering van departementele ontvangstes in 2017/18 is motorvoertuiglisensies teen 75,33 persent van die totale oorvordering.

Inkomste vanuit motorvoertuiglisensies oorheers steeds die departement se eie ontvangstes, met die restant wat hoofsaaklik opgemaak word uit terugbetalings, uitreiking van lisensies vir abnormale vragte, kursusgelde, uitreiking van operateurslisensies, verpersoonlike voertuigregistrasienuommers, verhuring van kantoorgeboue, boetes, strawwe en verbeurings, asook 'n oordrag van Drakenstein munisipaliteit met betrekking tot die medefinansiering van die verbeterings aan Hoofweg (HW) 201 tussen die N1 en HW91.

Die getal geregistreerde voertuie het vanaf 1 939 657 soos op 31 Maart 2017 toegeneem tot 1 991 566 soos op 31 Maart 2018, 'n netto toename van 51 909 motorvoertuie of 2,68 persent.

Daar was 'n netto afname in die getal spesiale nommerplate van 675 of 8,93 persent vanaf 7 557 soos op 31 Maart 2017 tot 6 882 soos op 31 Maart 2018. Die getal permitte wat in die oorsigjaar vir abnormale vragte uitgereik is, het ook met 566 of 6,26 persent afgeneem vanaf 9 041 soos op 31 Maart 2017 tot 8 475 soos op 31 Maart 2018.

Die vernaamste redes vir die verbetering in voorsiene prestasie gedurende 2017/18 kan toegeskryf word aan:

- Motorvoertuiglisensies:
  - 'n Gemiddelde toename van 6 persent op motorvoertuiglisensiefioie met ingang van 1 April 2017;
  - Verbeterde invorderingsprosedures vir agterstallige gelde;

- Vrywillige betaling van voorgeskrewe gelde vir motorvoertuiglisensies deur voertuigeienaars; en
  - 'n Toename in die motorvoertuigpopulasie.
- Ontvangs van agterstallige huurgeld.
- Verkoop van eiendom:
  - Erwe 227; 228 en 231 Kraaifontein; en
  - 'n Gedeelte van Erf 3779 Langa.
- Befondsing wat vanaf die Drakenstein munisipaliteit ontvang is vir verbeteringe aan provinsiale pad HW201.

Benewens die akkommodasie wat die DVOW gratis aan staatsdepartemente en -entiteite verskaf, was daar geen gratis dienste wat 'n beduidende inkomste sou voortbring indien 'n tarief gehef sou word nie.

Slegte skulde ten bedrae van R2 075 000, wat hoofsaaklik met skade aan voertuie, padkonstruksie en instandhoudingsaanleg en werknemerskuld verband hou, is tydens die oorsigjaar afgeskryf.

## Besonderhede oor tariewe gehef deur die DVOW

Tariewe op provinsiale vlak vasgestel:

- Gelde vir motorvoertuiglisensies: Hierdie gelde word deur die Nasionale Padverkeerswet (NRTA), (Wet 93 van 1996) gereguleer. Die Provinsiale Minister van Vervoer en Openbare Werke in samewerking met die Provinsiale Tesourie het 'n gemiddelde tariefverhoging van 6 persent, geldig vanaf 1 April 2017, geïmplementeer.
- Skutgelde: Hierdie gelde word deur die Nasionale Wet op Padvervoer (NLTA) (Wet 5 van 2009) en die NRTA gereguleer. Die tariewe, geldig vanaf 21 April 2011, wat deur die Provinsiale Minister van Vervoer en Openbare Werke vasgestel is, het onveranderd gebly.
- Kursusgelde ten opsigte van die GLVK: Hierdie gelde word deur die Wet op Openbare Finansiële Bestuur (PFMA) (Wet 1 van 1999) gereguleer. 'n Gemiddelde tariefverhoging van 6,2 persent, geldig vanaf 1 April 2017, is geïmplementeer.
- Verhuring van staatsbehuising: Die voorgeskrewe tariewe word toegepas soos in die PFMA beoog.
- Verhuring van staatsgeboue: Ooreenkomste word teen markverwante tariewe aangegaan of teen tariewe wat andersins deur die provinsiale tesourie, soos beoog in die PFMA, goedgekeur is.

Tariewe op nasionale vlak vasgestel:

- Gelde vir 'n vrystellingspermit: Hierdie gelde word deur NRTA gereguleer. Die Minister van Vervoer het hierdie gelde met ingang 19 Februarie 2016 verhoog gegrond op die koste wat inderwaarheid wetenskaplik bepaal is gegrond op die produsenteprysindex.

- Gelde vir spesiale diskrete en verpersoonlikte nommerplate: Hierdie gelde word deur NRTA geregleer. Die tariewe wat met ingang 1 Februarie 2003 deur die Minister van Vervoer neergelê is, het onveranderd gebly.
- Diverse gelde: Hierdie gelde word deur die Wes-Kaapse Wet op Padvervoer, 1998 en NRTA geregleer. Die tariewe wat met ingang 1 April 2010 deur die Minister van Vervoer neergelê is, het onveranderd gebly.
- Gelde vir operateurslisensies: Hierdie gelde word deur NLTA geregleer. Die tariewe wat met ingang 17 Desember 2009 deur die Minister van Vervoer neergelê is, het onveranderd gebly.
- Diensgelde vir begeleiding deur provinsiale verkeer (abnormale vragte): Hierdie gelde word deur NRTA geregleer.

## Programbesteding

Tabel 3 verskaf details oor programbesteding.

**Tabel 3: Besteding per program**

| Naam van program                 | 2017/2018              |                          |                            | 2016/2017              |                          |                            |
|----------------------------------|------------------------|--------------------------|----------------------------|------------------------|--------------------------|----------------------------|
|                                  | Finale begroting R'000 | Werklike besteding R'000 | (Oor)/onderbesteding R'000 | Finale begroting R'000 | Werklike besteding R'000 | (Oor)/onderbesteding R'000 |
| Administrasie                    | 174 981                | 172 753                  | 2 228                      | 165 468                | 162 645                  | 2 823                      |
| Openbare Werke-infrastruktuur    | 1 866 836              | 1 842 558                | 24 278                     | 1 731 166              | 1 696 286                | 34 880                     |
| Vervoer-infrastruktuur           | 3 438 947              | 3 429 381                | 9 566                      | 3 256 339              | 3 243 655                | 12 684                     |
| Vervoer-bedrywe                  | 1 212 071              | 1 211 596                | 475                        | 1 189 556              | 1 188 287                | 1 269                      |
| Vervoer-regulering               | 801 912                | 794 428                  | 7 484                      | 690 725                | 681 973                  | 8 752                      |
| Gemeenskaps-gebaseerde Programme | 53 841                 | 52 904                   | 937                        | 59 410                 | 55 862                   | 3 548                      |
| <b>Totaal</b>                    | <b>7 548 588</b>       | <b>7 503 620</b>         | <b>44 968</b>              | <b>7 092 664</b>       | <b>7 028 708</b>         | <b>63 956</b>              |

Die DVOW het 99,4 persent van sy begrotingstoewysing vir die oorsigjaar bestee. In die vorige boekjaar het besteding 99,1 persent van die begrotingstoewysing beloop. Die groei in werklike besteding, vergeleke met die vorige jaar se besteding, is 6,76 persent.

Die oorspronklike voorsiening vir werknemerkoste in die departement is gegrond op die koste van gevulde poste in Februarie 2017 plus 'n voorsiening vir die vulling van 'n beperkte aantal kritieke poste, hoofsaaklik in die infrastruktuur- en verkeersbestuurkomponente.

Aangesien die begroting vir werknemerkoste geormerk en geklassifiseer is as spesifiek en eksklusief begroot, was verskuiwing van fondse weg van werknemerkoste nie toegelaat nie tensy dit deur 'n parlementêre wet goedgekeur is.

Derhalwe is die onderbesteding van R23,806 miljoen op hierdie item oorbetal aan die provinsiale inkomstefonds. Gedurende die 2017 Aangepaste Beramingsproses het die Departement fondse van vergoeding van werknemers na goedere en dienste verskuif om die voorsiening vir alternatiewe dienslewingsmeganismes aan te vul soos 'n bestuurskontraakteur om infrastruktuurlowering te ondersteun.

Die onderbesteding aan werknemerskoste is hoofsaaklik weens vakatures wat nie binne die beplande tydraamwerk gevul is nie, asook natuurlike attrisie van die diensstaat, welke koste ook 'n impak op verwante goedere- en diensitems gehad het.

Bo en behalwe die onderbesteding op werknemerskoste en verwante goedere- en dienste-items, waardeur al die programme geraak is, word die vernaamste redes vir afwykings hieronder per program aangetoon.

### *Program 2: Openbarewerke-infrastruktuur*

Die onderbesteding op eiendomsbelasting is hoofsaaklik te wyte aan uitstaande fakture vir tariewe op paaie sowel as die tydwende proses om rekeninge se geldigheid te bepaal en te rekonsilieer.

### *Program 3: Vervoerinfrastruktuur*

Sekere munisipaliteite het nie hul toekennings vir die konstruksie en instandhouding van vervoerinfrastruktuur gedurende die 2017/18-boekjaar geëis nie. Dit het gelei tot geringe onderbesteding op die program vir oordragbetalings, aangesien munisipaliteite nie in staat was om infrastruktuurprojekte, soos beplan, uit te voer nie.

## 4.4 Viremente en oorgedraagde fondse

### Viremente

Tabel 4 verskaf besonderhede oor viremente wat vir die boekjaar aangebring is.

**Tabel 4: Viremente vir 2017/18**

| Hoofverdeling vanaf             | Aan                      | R'000  | Rede  |
|---------------------------------|--------------------------|--------|---|
| 1. Administrasie                | 3. Vervoerinfrastruktuur | 1 100  | Versnelde paaie infrastruktuur lowering.  |
|                                 | 5. Vervoerregulering     | 3 900  | Agentskapsgelde betaalbaar aan munisipaliteite weens oorverhaling van gelde vir motorvoertuiglisensies. |
| 2. Openbarewerke-infrastruktuur | 3. Vervoerinfrastruktuur | 56 465 | Versnelde paaie infrastruktuur lowering.  |
|                                 |                          | 727    | Voorsiening vir professionele bestuurspermitte en vervoerkoste.   |
|                                 | 5. Vervoerregulering     | 1 466  | Agentskapsgelde betaalbaar aan munisipaliteite weens oorverhaling van gelde vir motorvoertuiglisensies. |



| Hoofverdeling vanaf                 | Aan                      | R'000  | Rede  |
|-------------------------------------|--------------------------|--------|---|
| 3. Vervoerinfrastruktuur            | 5. Vervoerregulering     | 25 960 | Agentskapsgelde betaalbaar aan munisipaliteite weens oorverhaling van gelde vir motorvoertuiglisensies. |
| 4. Vervoerbedrywe                   | 5. Vervoerregulering     | 7 000  | Agentskapsgelde betaalbaar aan munisipaliteite weens oorverhaling van gelde vir motorvoertuiglisensies. |
| 5. Vervoerregulering                | 3. Vervoerinfrastruktuur | 1 800  | Versnelde paaie infrastruktuur lewering.  |
|                                     | 4. Vervoerbedrywe        | 109    | Werknemerskoste hersiening.   |
| 6. Gemeenskaps-gebaseerde Programme | 5. Vervoerregulering     | 1 000  | Agentskapsgelde betaalbaar aan munisipaliteite weens oorverhaling van gelde vir motorvoertuiglisensies. |

## Oorgedraagde fondse

Tabel 5 verskaf besonderhede oor versoeke vir die oordra van fondse vanaf 2016/17 tot 2017/18.

**Tabel 5: Versoek vir oordra van fondse vanaf 2016/17 tot 2017/18**

| Programme                        | R'000         | Doel   |
|----------------------------------|---------------|--|
| Program 1: Administrasie         | 905           | Om voorsiening te maak vir diefstalle en verliese.   |
| Program 3: Vervoerinfrastruktuur | 1 800         | Om die Stellenbosch Munisipaliteit te subsidieer met die verbetering van die munisipaal-geproklameerde HW27-pad.   |
| Program 4: Vervoerbedrywe        | 2 708         | Aan George Munisipaliteit om die George Geïntegreerde Vervoernetwerk (GGOVN) implementering van die daaropvolgende GGOVN-fases te ondersteun.  |
|                                  | 13 424        | Om voorsiening te maak vir die beplanning, ontwikkeling, toesig en implementering van projekte by prioriteitsmunisipaliteite ingevolge die Provinsiale Volhoubare Vervoerprogram (PVVP). |
|                                  | 4 500         | Vir die opstel van skutregulasies.   |
| Program 5: Vervoerregulering     | 484           | Vir die afsluiting van die aanlyn-webtoepassingsfasiliteit op die Internet-nummerplaat-aansoekstelsel (INPAS).   |
|                                  | 3 060         | Om voorsiening te maak vir toenemende oorbelaastingbeheer bedryfskoste.  |
| <b>Totaal</b>                    | <b>26 881</b> |  |

## 4.5 Behoud van inkomste

Tabel 6 verskaf details oor inkomste wat van 2016/17 tot 2017/18 behou is.

**Tabel 6: Inkomste behou van 2016/17 tot 2017/18**

| Programme                                | R'000  | Doel  |
|--|--------|---|
| Program 3:<br>Vervoer-<br>infrastruktuur | 5 000  | Uit oordordering van gelde vir motorvoertuiglisensies om voorsiening te maak om sekuriteit by alle Gemiddelde Spoed Oor Afstand (ASOD) terreine te voorsien om die risiko van vandalisme en diefstal te mitigeer.   |
| Program 4:<br>Vervoerbedrywe             | 292    | Van finansiële transaksies in bates en laste om vir die implementering van GGOVN-infrastruktuur benut te word.  |
|  | 4 000  | Uit oordordering van gelde vir motorvoertuiglisensies; verkoop van goedere en dienste; rente, dividende en verhuring van grond en finansiële transaksies in bates en laste om aan Overstrand Munisipaliteit oorgedra te word vir die implementering van die niegemotoriseerde vervoerinfrastruktuur (NGV).  |
|  | 1 016  | Uit oordordering van gelde vir motorvoertuiglisensies om benut te word vir die beplanning, ontwikkeling, oorsiening en implementering van PVVP-projekte in Stellenbosch en Overstrand munisipaliteite.  |
|  | 5 000  | Uit oordordering van gelde vir motorvoertuiglisensies om benut te word vir die GGOVN geskilbeslegtingsproses.   |
|  | 6 000  | Uit oordordering van gelde vir motorvoertuiglisensies vir die beplanning van die Conradie Better Living Model-vervoerdienste.   |
|  | 7 000  | Uit oordordering van gelde vir motorvoertuiglisensies vir die verbetering en optimalisering van vervoerstelsels deur voorsiening te maak vir migrasie van die Geïntegreerde Vervoerligtingstelsel (GVIS) van die oorspronklike ontwikkelaar na die Departement (R2 000 000), en om die GVIS/ASOD-toepassingstelsel (R5 000 000) te voltooi deur die insluiting van die ontwikkeling van verslaggewing en Geografiese Inligtingstelsel (GIS) funksionaliteit, asook 'n diensrooster vir verkeersbeampies wat in die veld is. |
| Program 5:<br>Vervoerregulering          | 6 068  | Voorwaardelike toekenning van die RTMC ontvang vir verkeersveiligheidsprojekte.   |
|  | 2 000  | Uit oordordering van gelde vir motorvoertuiglisensies vir toenemende oorbelaastingbeheer bedryfsbefondsing.   |
|  | 10 000 | Uit oordordering van gelde vir motorvoertuiglisensies vir die verbetering en optimalisering van vervoerstelsels deur verfyning en ontwikkeling van die Besigheidprosesbestuurstelsel en sy migrasie na Process Suite om verskeie besigheidspesesse in die operateurlisensie-omgewing te integreer (R4 000 000), en om die verouderde Regsadministrasiebedryfstelsel met 'n Verkeersadministrasie- en Lisensieringstelsel (TALS) te vervang (R6 000 000).  |
|  | 3 000  | Uit oordordering van gelde vir motorvoertuiglisensies vir die benut van padveiligheidsopvoeding en kommunikasie-veldtogte.  |
|  | 1 000  | Uit oordordering van gelde vir motorvoertuiglisensies vir die verkryging van forensiese asemtoets vir alkohol (EBAT)-masjiene en toerusting vir die herimplementering van asem-alkoholtoetse by die alkohol-bewysentrums in George en Worcester.  |
|  | 2 100  | Uit oordordering van gelde vir motorvoertuiglisensies vir die verkryging en installing van spelingsaanwysers by 14 voertuigtoetsentrums (VTS's) om aan die wetgewende vereistes van die NLTA te voldoen.  |
|  | 620    | Uit oordordering van gelde vir motorvoertuiglisensies vir die verbetering en toerusting van verkeersentrums, hoofsaaklik kantoormeubels.  |

| Programme                                   | R'000         | Doel   |
|---|---------------|--|
|   | 7 000         | Uit oovordering van gelde vir motorvoertuiglisensies en verkoop van goedere en dienste vir radiokommunikasietoerusting wat verkeersbeamptes sal toelaat om in radiokontak met mekaar te bly selfs al is hulle nie naby hul patrollievoertuie nie, om die tweerigtingradionetwerk by verkeersentrums van analoog na digitaal te verander, asook om die radiobeheerkamer met internetkonneksie toe te rus. |
|   | 4 500         | Uit die verkoop van goedere en dienste vir die verkryging en verbetering van alkoholtoetsers om verkeersbeamptes toe te rus om effektiewe asem-alkoholtoetse as deel van hul amptelike pligte uit te voer.   |
| Program 6: Gemeenskaps-gebaseerde Programme | 697           | Voorwaardelike toekenning ontvang van die Onderwys- en opleidingsowerheid vir die staatsdienssektor (PSETA) vir die sweisleerlingskapsprogram.   |
| <b>Totaal</b>                               | <b>65 293</b> |  |

#### 4.6 Ongemagtigde, onreëlmatige en vrugtelose en verkwistende uitgawes

Die redes vir ongemagtigde, onreëlmatige en vrugtelose en verkwistende uitgawes wat in 2017/18 geïdentifiseer is, die bedrae betrokke en stappe wat geneem is om herhaling te voorkom, word hieronder uiteengesit.

##### Ongemagtigde uitgawes

| Lêernommer | Beskrywing | Bedrag | Korrektiewe stappe |
|------------|------------|--------|--------------------|
| -          | -          | Nul    | -                  |

##### Vrugtelose en verkwistende uitgawes

| Lêernommer | Beskrywing | Bedrag | Korrektiewe stappe |
|------------|------------|--------|--------------------|
| -          | -          | Nul    | -                  |

##### Onreëlmatige uitgawes

Die tabel hieronder wys die nuwe sake wat in 2017/18 na vore gekom het.

| Lêernommer     | Beskrywing  | Bedrag    | Korrektiewe stappe  |
|----------------|---|-----------|---|
| FC 3/6/1/4/149 | Nie-nakoming van Finansiële Instruksie - oorskryding van goedgekeurde beperkings. | R500.00   | Opleiding is aan die betrokke amptenare verskaf.  |
| FC 3/6/1/4/150 | Nienakoming van VKB-delegasies – net een kwotasie verkry.                         | R495.90   | Opleiding is aan die betrokke amptenare verskaf.  |
| FC 3/6/1/4/151 | Nie-nakoming van Finansiële Instruksie - oorskryding van goedgekeurde beperkings. | R2 486.65 | Amptenare het waarskuwingsbriewe ontvang en 'n Intërne Kommunikasie is uitgestuur om amptenare vir opleiding uit te nooi. |

## 4.7 DVOW se toekomsplanne

Die volgende wetgewende en beleidsaangeleenthede sal nagestreef word:

- Wes-Kaapse Wet op die Bestuur van Onroerende Bates en regulasies om die Wes-Kaapse Wet op Grondadministrasie te vervang;
- Wes-Kaapse Wet op Provinsiale Padverkeer– bepaling wat die minister in staat sal stel om regulasies, met inbegrip van skutting, uit te vaardig;
- Wes-Kaapse Wet op Openbare Vervoerraamwerk;
- Hersiene Beleid oor Gemeenskapsdeelname in Infrastruktuurprojekte; en
- Digitale strategie.

Die DVOW het ook planne vir ander terreine waarop hy hom beywer:

- Die Masakh'iSizwe-beursprogram en Professionele ontwikkelingsprogram (POP) het ten doel om werk te maak van vaardigheidstekorte deur die DVOW te help om sy mensehulpbronskapasiteit te bou en die organisasie in staat te stel om sy mandaat na te kom terwyl toegang tot opleiding- en werksgeleenthede aan die jeug gebied word. Voorts sal POP ondersoek instel na die insluiting van ander dissiplines en die implementering van programme by plaaslike owerhede.
- Die realisering van beter doeltreffendheid in die gebruik van drinkbare en nie-drinkbare water in kantoorgeboue oor die medium termyn sal in 2018/19 een van die fokusareas vir infrastruktuurprojekte wees.
- 'n Uitnodiging om te tender gaan aan kwalifiserende respondente uitgereik word vir die uitdrukking van belangstelling vir 'n geïntegreerde eiendomsbestuurstelsel wat sal help met die hele lewensklusbestuur van die onroerende bateportefeulje.
- Die volledige implementering van die gekonsolideerde GGOVN, met 'n fokus op die lewering van 'n hoë standaard van diens aan die mense van George, verfyning van bedrywe om finansiële volhoubaarheid te behaal, en versterking van die regering se vermoë om bedrywe en die kontrak te bestuur.
- Gaan voort met die implementering van toepaslike maatreëls om spoor-, vrag- en vervoerveiligheid in die Wes-Kaap te verbeter deur koördinasie en samewerking met sleutel-belanghebbendes in lyn met die betrokke implementeringsprogramme.
- Die implementering van die loods-DVP in die Theewaterskloof, Kaap Agulhas en Overberg Munisipaliteite sal voortgaan, terwyl die beplanning vir die Weskus en Khayelitsha-streek na verwagting voltooi sal word. Ons sal voortgaan met die toetsing en verfyning van binne-voertuig wetstoepassingstechnologie wat met die Outomatiese nommerplaaterkenningstelsel en ASOD-stelsels geïntegreer kan word.
- Daar word vernuwende water- en energiebesparende-maatreëls beplan.

Die Provinsiale regulatoriese entiteit (PRE), Nasionale Departement van Vervoer (NDvV) en die Stad Kaapstad sal die proses hervat om Suid-Afrika se eerste Munisipale Regulatoriese Entiteit te vestig.

## Openbare-private-vennootskappe (OPV's)

OPV's ondersteun die openbare en private sektore om saam daaraan te werk om infrastruktuur te befonds en te bou. OPV's word deur Tesourieregulasie 16 en die Wet op Openbare Finansiële Bestuur geregleer. Die OPV-projeksiklus omvat vier stadiums en goedkeuring vanaf die NT moet in elke stadium verkry word.

| Goedkeuringstadium | Beskrywing   |
|--------------------|--|
| TA I               | NT-goedkeuring vir die projekuitvoerbaarheidstudie.  |
| TA II A            | NT-goedkeuring vir die verkrygingsdokumentasie, insluitend die konsep OPV-ooreenkoms   |
| TA II B            | NT-goedkeuring van die verslag wat wys hoe die drie OPV-kriteria toegepas is in die evaluering van die tenders, hoe die voorkeurtender daaraan voldoen het, en enige ander inligting wat die NT mag verlang. |
| TA III             | NT-goedkeuring van die OPV-ooreenkoms wat sertifiseer dat die projek aan al die vereistes van Tesourieregulasie 16 voldoen.  |

| Projek                              | Stadium van Tesouriegoedkeuring |        |        |       | Opmerking   |
|-------------------------------------|---------------------------------|--------|--------|-------|---|
|                                     | TA I                            | TA IIA | TA IIB | TAIII |   |
| Chapmanspiek-rylaan                 |                                 |        |        | X     | Chapmanspiek-rylaan word steeds as 'n tolpad bedryf ingevolge die Wes-Kaapse Wet op Tolpaaie, 1999 (Wet 11 van 1999). Die konsessie-ooreenkoms duur tot 2033.   |
| Dorpstraat 13 – WKOD-hoofkantoor    |                                 | X      |        |       | Die projek behels die konstruksie van 'n kantoorgebou van 22 000 m <sup>2</sup> deur 'n OPV. Die projek is by die NT geregistreer en Tesouriegoedkeurings (TA I en TA II A) is toegestaan. Op 31 Oktober 2017 het die Departement twee vooraf gekwalifiseerde bidders skriftelik laat weet dat die Hoofkantoorakkommodasie OPV-tender beëindig is omrede die "bekostigbaarheidskriteria nie behaal is nie". |
| Staatsmotorvervoer (SMV) – Top Yard | X                               |        |        |       | Die Top Yard-projek is in Januarie 2015 as 'n OPV by die NT geregistreer. In Augustus 2015 is TA I-goedkeuring ontvang.<br>Hierdie projek is voorlopig uitgestel en sal agterweë bly omrede die perseel nie surplus tot die regering se behoeftes is nie.   |

Let wel: Skedule van NT-goedkeurings vir openbare-private-vennootskappe

## Herlewingsprojekte

Tydens die finalisering van die hoofbegroting vir 2017/18, is die Kaapstadse Sentrale Herontwikkelingsprogram as 'n program geïdentifiseer wat oor die mediumtermyn uitgefaseer word, hoofsaaklik as gevolg van befondsingsoorwegings as gevolg van die swak ekonomiese klimaat. Behalwe vir die Better Living Model Exemplar Project Game-Changer, moes die ander projekte tot by die volgende fase voltooi word en dan uitgestel word hangende beskikbaarheid van befondsing in die toekoms. Ontwikkelings met betrekking tot bekostigbare behuising gedurende 2017/18 het egter die nadruk gelê op die benutting van strategiese bates en die Artscape Founders Garden en Somerset-distrik

(Helen Bowden Nursing Home) projekte is geïdentifiseer as projekte wat oorweeg kan word om sodanige ontwikkelings te ondersteun.

'n Hersoneringsaansoek vir die hele Somerset-omgewing is in 2016 ingedien en die aansoek is tans in die fase vir openbare deelname. Antwoorde is gestuur op die besware wat ontvang is.

## Game Changer-projek

Die table hieronder verskaf 'n hoëvlak opsomming van die huidige game changer-projek.

| Projek                        | Opmerking   |
|-------------------------------|---|
| BLMEP - Conradie Game-Changer | <p>Die Projek bestaan uit drie primêre werkstrome, naamlik die beveiliging van:</p> <ul style="list-style-type: none"><li>• ontwikkelingsregte;</li><li>• openbare sektor befondsing; en</li><li>• 'n eiendomsontwikkelaar wat 'n maatskaplike behuisingsinstelling insluit.</li></ul> <p><b>Ontwikkelingsregte</b><br/>Die Stadse Munisipale Beplanningstribunaal het die hersoneringsaansoek in Oktober 2017 goedgekeur. 'n Openbare appèlproses het gevolg en die finale besluit van die Stad Appèl-owerheid word in Mei 2018 verwag.</p> <p><b>Openbare sektor befondsing</b><br/>Die nodige WKR-befondsingsverpligtinge is deur 'n Tesourie-goedgekeurde PFMA artikel 66 aansoek in Maart 2018 verseker.<br/>Stad Kaapstad- befondsingsverpligtinge wat deur die Vervoer en Stedelike Ontwikkelingsowerheid (VSO) besluite goedgekeur is, is aan 'n Wet op Munisipale Finansiëlebestuur, 2003 (Wet 56 van 2003) artikel 33 proses onderhewig wat tans aan die gang is en na verwagting in Oktober 2018 deur 'n volledige raadsbesluit afgesluit sal word.</p> <p><b>Verkryging van 'n eiendomsontwikkelaar</b><br/>Ontwikkelingsvoorstelle van die mark word in Junie 2018 verwag, en ná 'n 4-vlak evaluerings- en onderhandelingsproses sal dit na verwagting teen September 2018 na 'n voorwaardelike aanstelling lei.<br/>Na voldoening aan die vereistes van die Wes-Kaapse Wet op Landadministrasie, 1998 (Wet 6 van 1998) en die Wet op die Bestuur van Onroerende Regeringsbates, 2007 (Wet 19 van 2007) (GIAMA), word onvoorwaardelike aanstelling in Desember 2018 verwag. Na verwagting sal die sooispit in Desember 2018 plaasvind.</p> |

## 4.8 Gestaakte aktiwiteite

Daar is geen gestaakte aktiwiteite om te rapporteer nie.

## 4.9 Nuwe of voorgestelde aktiwiteite

Daar is geen nuwe of voorgestelde aktiwiteite om te rapporteer nie.

## 4.10 Voorsieningskanaalbestuur (goedere en dienste)

Geen ongevraagde tenders is in die loop van die oorsigjaar aangegaan nie.

Standaardbedryfsprosedures (SBP), sjablone en werktuie is in plek om die risiko van onreëlmatige uitgawes te versag deur die ontwerp en implementering van bespeurende,

korrektiewe en voorkomende beheermaatreëls in die RB se VKB-delegasies en ander meegaande delegasies.

Die RB se VKB-delegasies is hersien en sal gefinaliseer word vir uitreiking aan die Departement in die 2018/19-boekjaar.

Die vernaamste uitdagings verwant aan VKB sluit in:

- Die dwarsliggende geïntegreerde finansiële bestuurstelsel (IFMS) se ontwikkeling is nog nie afgehandel nie;
- Die gebrek aan 'n funksionele gestandaardiseerde projekbestuurstelsel wat vir die departement gekonfigureer is;
- Die wetgewende raamwerk vir VKB word tans hersien en daar is potensiële risiko's wat met die veranderingsbestuursproses verband hou; en
- Die implementering van die NT se Sentrale Verskafferdatabasis (SVD) en sy implikasies vir verskaffers en kontrakteurs.

Hierdie uitdagings wek veral kommer gegewe die feit dat die departement beide voorsieningskanaal- en projekintensief is. Hierdie uitdagings is intussen versag deur:

- Ontwerp van gestandaardiseerde werktuie en sjablone;
- Die gebruik van elektroniese toepassings en dienste;
- Die verdere ontplooiing in die lynfunksie van 'n gebruikersvriendelike Ondernemingsbestuurstelsel gegrond op die vereistes van die ILBS;
- Hantering van die uitdagings wat met SVD ervaar word op 'n geval-tot-geval-basis; en
- Verskeie werksessies en konsultasies met die PT en regsdiens oor die 2017-voorkeurverkrygingregulasies.

#### **4.11 Geskenke en donasies in natura wat van onverwante partye ontvang is**

Geen geskenke en donasies in natura is van onverwante partye ontvang nie.

#### **4.12 Vrystellings en afwykings deur Nasionale Tesourie vergun**

Die aangepaste kontantstandaarde stel 'n departement vry van die aantekening van oloping in belastinginkomste. By implikasie hoef 'n departement nie enige ontvangbare of betaalbare rekeninge soos rente of ander veranderings wat regstreeks verband hou met die heffing of vordering van belastinginkomste in te reken nie.

#### **4.13 Gebeure na verslagdatum**

Op 21 Februarie 2018 het die Minister van Finansies gedurende die 2018/19-begrotingsrede aangekondig dat BTW op belasbare goedere en dienste met ingang van 1 April 2018 van 14 persent tot 15 persent styg. Die BTW styging sal 'n impak van R27 miljoen op die Departement se finansiële state hê.

#### 4.14 Ander

Daar was geen gebeure na die verslagdatum nie.

#### 4.15 Erkennings

Die volgende amptenare het toekennings ontvang tydens die Nasionale Batho Pele Uitnemendheidstoekennings wat op 2 Maart 2018 plaasgevind het:

- Hoof van die Departement Jacqueline Gooch het die silwer-toekenning (gesamentlik) ontvang vir die Beste Hoof van 'n Provinsiale Departement; en
- Sy het ook die brons-toekenning (gesamentlik) ontvang vir die Beste Funkionerende Provinsiale Departement.

Ter erkenning van diens is toekennings aan personeellede oorhandig wat 10, 20, 30 en 40 jaar se toegewyde diens het.

| Kategorieë        | 10 jaar | 20 jaar | 30 jaar | 40 jaar | Totaal |
|-------------------|---------|---------|---------|---------|--------|
| Aantal ontvangers | 101     | 16      | 73      | 7       | 197    |

Voorts, alhoewel daar toegegee word dat daar altyd ruimte vir verbetering is, het baie personeellede lang ure gewerk en 'n aansienlike poging aangewend om die departement op sy voortgesette reis na verbetering te ondersteun. Hierdie toewyding word waarlik waardeer.

Erkenning en waardering word ook betoon teenoor die provinsiale minister, mnr. Donald Grant, vir sy sterk leierskap en bestuurstoesig gedurende die verslagtydperk.

Die finansiële jaarstate, soos op bladsye 238 tot 349 uiteengesit, word hiermee goedgekeur.



**JT Gooch**  
**Rekenpligtige Beampte**  
**Departement van Vervoer en Openbare Werke**

**Datum: 31 Augustus 2018**



---

## 5 Verklaring van verantwoordelikheid en bevestiging van akkuraatheid van die jaarverslag

---

Na die beste van my wete en oortuiging bevestig ek die volgende:

- Dat alle inligting en bedrae wat deurlopend in hierdie jaarverslag openbaargemaak word, konsekwent is.
- Dat die jaarverslag volledig, akkuraat en vry van enige weglatings is.
- Dat die jaarverslag in ooreenstemming met die riglyne vir só 'n verslag, soos deur die NT uitgereik, voorberei is.
- Dat die finansiële jaarstate (Deel E) ooreenkomstig die aangepaste kontantstandaarde en die tersaaklike raamwerke en riglyne, soos deur die NT uitgereik, voorberei is.
- Dat die RB verantwoordelik is vir die voorbereiding van die finansiële jaarstate en vir die oordeel wat in hierdie inligting uitgespreek word.
- Dat die RB daarvoor verantwoordelik is om 'n stelsel van interne beheer daar te stel en te implementeer, welke stelsel ontwerp moet wees om redelike sekerheid ten opsigte van die integriteit en betroubaarheid van die prestasie-inligting, die finansiële jaarstate en, in lyn met 'n raamwerk vir bestuurstoetsing waarvoor met die Sentrum vir Korporatiewe Dienste (SKD) in die DvdP ooreengekom is, vir inligting oor Mensehulpbronbestuur (MH).
- Dat die eksterne ouditeure betrek is om 'n onafhanklike mening oor die finansiële jaarstate uit te spreek.
- Dat hierdie jaarsverslag, na my mening, 'n redelike weerspieëling van die bedrywighede, die prestasie-inligting, die MH-inligting en die finansiële aangeleenthede van die departement vir die boekjaar geëindig 31 Maart 2018 is.

Die uwe



---

**JT Gooch**  
**Rekenpligtige Beampte**  
**Departement van Vervoer en Openbare Werke**

**Datum: 30 Augustus 2018**

## 6 Strategiese oorsig

### 6.1 Visie

Die Departement van Vervoer en Openbare Werke (DVOW) ondersteun die Wes-Kaapse Regering se visie, soos vervat in die provinsiale strategiese plan 2014 – 2019, ten volle:

*“'n Opegeleentheid-samelewing vir almal”.*

Die DVOW se visie stem ooreen met die visie van die Wes-Kaapse Regering:

*“Om die pas aan te gee in die aflewering van regeringsinfrastruktuur en verwante dienste”.*

### 6.2 Missie

*“Die DVOW lewer infrastruktuur en dienste ter bevordering van sosio-ekonomiese uitkomst en veilige, bemagtigde en verbindende gemeenskappe.”*

### 6.3 Waardes

Die DVOW onderskraag die kernwaardes van die WKR ten volle:



Caring



Competence



Accountability



Integrity



Responsiveness

Hierdie waardes word almal deur spanwerk onderskraag. Hier volg 'n verduideliking van die betekenis van elk van hierdie kernwaardes:

**Tabel 7: Provinsiale waardes en verklarings oor gedrag**

| Waarde              | Verklaring oor gedrag  |
|---------------------|--|
| <b>Sorgsaamheid</b> | Ons sal poog om mense se behoeftes te verstaan en aandag daaraan te skenk.<br>Ons sal respek teenoor ander betoon.<br>Ons sal personeellede as meer as blote werkers behandel en hulle as mense na waarde ag.<br>Ons sal empatie teenoor personeellede toon.<br>Ons sal die positiewe kenmerke van die werkplek beklemtoon.<br>Ons sal opbouwende kritiek lewer wanneer nodig. |

| Waarde                  | Verklaring oor gedrag   |
|-------------------------|---|
| <b>Bevoegdheid</b>      | <p>Ons sal poog om te verseker dat personeellede altyd daartoe in staat is om die take te verrig waarvoor hulle aangestel is, dat hulle die DVOW se waardes internaliseer, en dat hulle altyd uitnemendheid nastreef.</p> <p>Ons sal met gehaltewerk, binne begroting en betyds ons gestelde uitkomste en teikens behaal.</p> <p>Ons sal daarna streef om die beste resultate tot diens van alle mense van die Wes-Kaap te behaal.</p> <p>Ons sal saam daaraan werk om ons konstitusionele verpligtinge sowel as die verpligtinge van ons verkose mandaat na te kom.</p>  |
| <b>Aanspreeklikheid</b> | <p>Ons verstaan ons doelwitte, rolle, delegasies en verantwoordelikhede ten volle.</p> <p>Ons is daartoe verbind om alle ooreengekome uitsette betyds te lewer.</p> <p>Ons hou mekaar aanspreeklik in die gees van onderlinge vertrouwe en gestanddoening van al ons verpligtinge.</p> <p>As individue sal ons verantwoordelikheid en eienaarskap aanvaar vir die resultate van ons werk en die gevolge dra wanneer ons nie hieraan voldoen nie.</p>  |
| <b>Integriteit</b>      | <p>Ons sal daarna streef om die ware toedrag van sake in elke situasie te verstaan en ten alle tye met integriteit optree.</p> <p>Ons sal eerlik wees, respek betoon en positiewe waardes beoefen.</p> <p>Ons sal ten alle tye betroubaar en vertroubaar wees deur te doen wat ons beloop het om te doen.</p> <p>Ons sal ten alle tye in alle gevalle met integriteit optree en sodoende verseker dat ons korrupsie-vry bly.</p>  |
| <b>Vernuwing</b>        | <p>Ons streef daarna om nuwe idees te implementeer, dinamiese diensopsies te skep en dienste te verbeter.</p> <p>Ons streef daarna om kreatiewe denkers te skep wat uitdagings en geleenthede vanuit alle moontlike perspektiewe beskou.</p> <p>Ons is burgersentries en het die vermoë om alle opsies te oorweeg en 'n vindingryke oplossing te vind.</p> <p>Ons waardeer werknemers wat bestaande praktyke bevraagteken met die oog daarop om hulle te hersien, te vernuwe en te verbeter.</p> <p>Ons kweek 'n omgewing waarbinne innoverende idees aangemoedig en beloon word.</p> <p>Ons het begrip vir foute wat in goedertrou begaan is en laat toe dat werknemers daaruit leer.</p> <p>Ons werk saam daaraan om probleme op te los sodat ons strategiese organisatoriese doelwitte verwesenlik kan word.</p> |
| <b>Responsiwiteit</b>   | <p>Ons neem die openbare mening ernstig op deur te luister na en die stem van die mense te hoor (luister meer en praat minder).</p> <p>Ons sal tydig op alle situasies reageer en onself altyd afvra of dit die regte antwoord is, waar dinge dalk skeef kan loop en hoe ons 'n beter diens kan lewer.</p> <p>Ons sal op 'n samewerkende wyse met mekaar, ons belanghebbers en die media in gesprek tree deur al die inligting te verskaf.</p> <p>Ons sal daarna streef om die beste resultate tot diens van alle mense van die Wes-Kaap te behaal en om op hulle terugvoer te reageer.</p>   |

## 7 Wetgewende en ander mandate

Die DVOW se mandaat word ontleen aan die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 (hierna verwys na as die Grondwet) en die Grondwet van die Wes-Kaap, 1997 (Wet 1 van 1998). Sekere mandate is gelyklopende verantwoordelikhede, terwyl ander die uitsluitlike verantwoordelikheid van die provinsiale regeringsfeer is. Hierdie mandate,

asook dié wat uit funksionele wetgewing en beleide ontleen is, word in hierde afdeling uiteengesit.

| Funksie | Wetgewing  |
|---------|--|
| Vervoer | <p><b>Wet op die Administratiewe Beregting van Padverkeermisdrywe, 1998 (Wet 46 van 1998) (AARTO)</b></p> <p>Bevorder gehalte van padverkeer deur bepalings neer te lê vir 'n skema om padverkeeroortredings te ontmoedig, om die beregting van padverkeeroortredings te fasiliteer, om die vervolging van oortreders ingevolge nasionale en provinsiale wette verwant aan padverkeer te ondersteun, om 'n strafpuntstelsel te implementeer, om bepalings neer te lê vir die daarstelling van 'n agentskap om die skema te administreer, om bepalings neer te lê vir die daarstelling van 'n raad om die agentskap te verteenwoordig, en om bepalings neer te lê vir aangeleenthede wat daarmee verband hou.</p>   |
|         | <p><b>Wet op Advertering Langs Paaie en Strookbebouing, 1940 (Wet 21 van 1940)</b></p> <p>Plaas die verantwoordelikheid op die DVOW om die vertoon van advertensies te reguleer in sekere buitestedelike gebiede waar hierdie liggings sigbaar is vanaf geproklameerde provinsiale paaie asook om die deponering of agterlating van ongebruikte masjinerie of afval en die oprigting, konstruksie of neerlê van strukture en ander dinge in die omstreke van sekere geproklameerde provinsiale paaie te beheer sowel as die toegang wat tot sekere grond via sodanige paaie verleen word.</p>  |
|         | <p><b>Wet op Nasionale Landvervoer, 2009 (Wet 5 van 2009)</b></p> <p>Bepaal die proses vir die transformering en herstrukturering van die nasionale landvervoerstelsel wat geïnisieer is deur die Nasionale Landvervoeroorgangswet, 2000 (Wet 22 van 2000) deur:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• die formulering en implementering van provinsiale landvervoerbeleid en -strategie;</li> <li>• die beplanning, koördinerende en fasilitering van landvervoerkoninkies;</li> <li>• samewerking tussen munisipaliteite; en</li> <li>• skakeling met ander regeringsdepartemente.</li> </ul>   |
|         | <p><b>Nasionale Padverkeerswet, 1996 (Wet 93 van 1996)</b></p> <p>Die DVOW, met die LUR as aangewese gesaghebber, moet verseker dat alle funksies verwant aan die registrasie en lisensiëring van motorvoertuie, die toetsing van bestuurders se bevoegdheid en die toetsing van voertuie se bevoegdheid uitgevoer word. Voorts is die DVOW ook daarvoor verantwoordelik om enige geleenthede te beheer wat op openbare paaie aangebied word.</p> <p>Die NRTA reguleer die registrasie en lisensiëring van motorvoertuie, vervaardigers, bouers en invoerders; bevoegdheid van bestuurders; operateurbevoegdheid; padveiligheid; padverkeerstekens; spoedgrense; ongelukke en ongelukverslae; roekelose of nalatige bestuur; onbedagsame bestuur; bestuur onder die invloed van bedwelmende drank of 'n dwelm wat 'n narkotiese effek het; en diverse padverkeeroortredings.</p> |
|         | <p><b>Wet op die Nasionale Kwalifikasieraamwerk, 2008 (Wet 67 van 2008) (NKR)</b></p> <p>Lê bepalings neer vir die verdere ontwikkeling, organisering en beheer van die Nasionale Kwalifikasieraamwerk.</p> <p>Van toepassing op: onderrigprogramme of leerprogramme wat lei tot kwalifikasies of gedeeltelike kwalifikasies wat binne die Republiek deur onderwysinstansies aangebied word; en op aanbieders van vaardighedsontwikkeling.</p>   |

| Funksie                                  | Wetgewing  |
|--|--|
|  | <p><b>Wet op die Padverkeerbestuurskorporasie, 1999 (Wet 20 van 1999)</b><br/>Lê bepalings, in openbare belang, neer vir koöperatiewe en koördinerende strategiese beplanning, regulering, fasilitering en wetstoepassing ten opsigte van padverkeeraangeleenthede deur die nasionale, provinsiale en plaaslike regeringsfere; reguleer die uitkontraktering van padverkeerdienste; lê bepalings neer vir die infasering van private belegging in padverkeer en, met die oog daarop, lê bepalings neer vir die vestiging van die Padverkeerbestuurskoöperasie en verwante aangeleenthede.</p> <p><b>Nasionale Padvervoerwet, 1997 (Wet 74 van 1977)</b><br/>Lê bepalings neer vir die beheer van sekere tipes padvervoer en aangeleenthede wat daarmee verband hou.</p> <p><b>Wes-Kaapse Wet op Provinsiale Padverkeeradministrasie, 2012 (Wet 6 van 2012)</b><br/>Reguleer sekere padverkeeraangeleenthede in die provinsie.</p>  |
|  | <p><b>Wes-Kaapse Konsepwysigingswet op Padvervoer (Konsepwet 8 van 1996) (WCRTA)</b><br/>Lê bepalings neer vir die daarstelling van 'n provinsiale vervoerregistrator en die registrasie van minibustaxiverenigings, -operateurs en -voertuie.</p> <p><b>Wes-Kaapse Wet op Tolpaaie, 1999 (Wet 11 van 1999)</b><br/>Lê bepalings neer vir die heffing van tolgeld op provinsiale openbare paaie in die Wes-Kaap en vir die beplanning, ontwerp, verklaring, konstruksie, bedryf, bestuur, beheer, instandhouding en rehabilitering van provinsiale tolpaaie.</p> <p><b>Kaapse Ordonnansie op Paaie, 1976 (Ordonnansie 19 van 1976)</b><br/>Bepaal dat die provinsie die uitsluitlike mag het om die statutêre boulyne synde 5,0 m en 95 m te verswak in soverre dit met die onderskeie provinsiaal geproklameerde paaie verband hou, en lê bepalings neer vir die wysiging/verandering van paaie se klassifikasie (artikel 4). Sodanige aansoeke word gewoonlik vanaf die tersaaklike distriksmunisipaliteit via die distrikkpaddingenieur ontvang, maar hulle kan ook vanuit die DVOW se hoofkantoor ontstaan.</p>  |
| <p>Openbare Werke en Eiendomsbestuur</p> | <p><b>Wet op die Bestuur van Onroerende Staatsbates, 2007 (Wet 19 van 2007) (GIAMA)</b><br/>Het ten doel om die behaling van die staat se diensleweringsoogmerke op te skerp deur behoorlike bestuur van die onroerende bates te verseker wat deur staatsinstansies benut en beheer word. GIAMA stipuleer die verantwoordelikhede van die gebruiker en dié van die opsiener wat, in die Wes-Kaap, die DVOW Provinsiale Openbare Werke is.</p> <p><b>Nasionale Wet op Bouregulasies en Boustandaarde, 1977 (Wet 103 van 1977)</b><br/>Vereis dat die DVOW, as 'n bewaarder en reguleerder van die beboude omgewing in die Wes-Kaap, moet verseker dat alle geboue en konstruksiewerk op staatseiendom aan wetgewing voldoen.</p> <p><b>Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, 1999 (Wet 25 van 1999)</b><br/>Stel 'n geïntegreerde en interaktiewe stelsel daar vir die bestuur van nasionale erfenishulpbronne, lê algemene beginsels neer vir die beheer van erfenishulpbronbestuur, stel 'n geïntegreerde stelsel in vir die identifisering, evaluering en bestuur van erfenishulpbronne, en stel die provinsies in staat om erfenisowerhede in te stel wat magte moet aanvaar om sekere kategorieë van erfenishulpbronne te beskerm en te bestuur. Vereis van die DVOW om sekere eiendomme wat vir ontwikkeling- of herlewingsaktiwiteite geïdentifiseer is aan 'n omvattende erfenisimpakevaluering- en goedkeuringsproses te onderwerp en om die erfenisaspekte van die ter sprake eiendomme te behou.</p> |

| Funksie  | Wetgewing   |
|--|---|
|  | <p><b>Wes-Kaapse Wet op Grondadministrasie, 1998 (Wet 6 van 1998)</b><br/>Lê bepalings neer vir die verkryging van onroerende eiendom en die vervreemding van grond in besit van die WKR, en vir die bestuur van aangeleenthede wat hiermee verband hou. Derhalwe is die DVOW daarvoor verantwoordelik om die bate- en eiendomregister deurentyd by te werk, addisionele benodigde eiendomme te bekom en eiendomme wat in onbruik verval, af te staan of te herontwikkel.</p>   |
| Transversale   | <p><b>Wet op Basiese Diensvoorwaardes, 1997 (Wet 75 van 1997)</b><br/>Bring die reg tot billike arbeidspraktyke, soos na verwys in artikel 23(1) van die Grondwet, tot uitvoer en lê bepalings neer vir die regulering van basiese diensvoorwaardes, om sodoende aan die Republiek se verpligtinge as 'n lid van die Internasionale Arbeidsorganisasie te voldoen.</p>  |
|  | <p><b>Wet op Basiese Diensvoorwaardes, 1997 (Wet 75 van 1997) Ministeriële bepaling 4: UOWP, geproklameer 4 Mei 2012</b><br/>Bevat die standaardbepalings en voorwaardes vir werkers wat in elementêre beroepe in 'n UOWP-projek aangestel word.</p>  |
|  | <p><b>Wet op Breë-basis Swart Ekonomiese Bemagtiging (BBBEE), 2003 (Wet 53 van 2003)</b><br/>Stel 'n wetgewende raamwerk daar vir die bevordering van breë-basis swart ekonomiese bemagtiging (BBBEE); bemagtig die minister om kodes van goeie praktyk uit te reik en om transformasiemanifeste af te kondig; en rig die Adviesraad vir Swart Ekonomiese Bemagtiging op.</p>   |
|  | <p><b>Wet op Mededinging, 1998 (Wet 89 van 1998)</b><br/>Lê bepalings neer vir die daarstelling van 'n Mededingingskommissie wat verantwoordelik is vir die ondersoek, beheer en evaluasie van beperkende praktyke, misbruik van dominante posisie, en samesmeltings; vir die daarstelling van 'n Mededingingstribunaal wat verantwoordelik is vir beregtiging in sulke aangeleenthede; vir die daarstelling van 'n Mededingingsappèlhof; en vir aangeleenthede wat daarmee verband hou.</p>  |
|  | <p><b>Wet op die Ontwikkelingsraad vir die Konstruksiebedryf, 2000 (Wet 38 van 2000)</b><br/>Stel die CIDB daar wat, onder andere, verantwoordelik is vir die ontwikkeling van die bedryf ter verbetering van die lewering van infrastruktuur aan die Suid-Afrikaanse publiek; om met alle belanghebbers saam te werk met die oog op die volhoubare groei van konstruksie-ondernemings en beste praktyke aan die kant van werkgewers, kontrakteurs en die beroepe; om beste praktyke te identifiseer en nasionale standaarde te bepaal; en om gemeenskaplike en etiese standaarde te bevorder vir die lewering van konstruksiewerke en kontrakte.</p> |
|  | <p><b>Wet op Verbruikersbeskerming, 2008 (Wet 68 van 2008) (CPA)</b><br/>Kom neer op 'n oorkoepelende raamwerk vir verbruikerbeskerming. Alle ander wette wat bepalings vir verbruikerbeskerming neer lê (gewoonlik binne 'n bepaalde sektor) moet tesame met die CPA gelees word ten einde 'n gemeenskaplike standaard van beskerming te verseker. Die wet is van toepassing op alle goedere en dienste.</p>   |
|  | <p><b>Wet op Beheer van Toegang tot Openbare Persele en Voertuie, 1985 (Wet 53 van 1985)</b><br/>Lê bepalings neer vir die beveiliging van sekere openbare persele en voertuie en vir die beskerming van mense daar op of daar in, en vir verwante aangeleenthede.</p>  |
| <p><b>Strafproseswet, 1977 (Wet 51 van 1977)</b><br/>Lê bepalings neer vir prosedures en verwante aangeleenthede in strafsake.</p> |   |

| Funksie | Wetgewing  |
|---------|--|
|         | <p><b>Wet op die Verdeling van Inkomste (DORA) (Jaarliks)</b><br/>                     'n Jaarlikse wet uitgevaardig deur die parlement wat, onder andere, bepalings neerlê vir die billike verdeling van inkomste wat na verwagting nasionaal geeïen sal word met die oog op verdeling tussen nasionale, provinsiale en plaaslike regeringsfere en vir voorwaardelike toekenings ten einde die regering se beleidsdoelwitte te behaal. Voorts werk dit voorspelbaarheid in die hand asook die versekering dat alle toewysings aan provinsies en munisipaliteite benut sal word ten einde die regering in staat te stel om sy multi-jaar-begroting saam te stel.</p> |
|         | <p><b>Wet op Diensbillikheid, 1998 (Wet 55 van 1998)</b><br/>                     Het ten doel om billikheid in die werkplek te bewerkstellig deur: 1) gelyke geleenthede te bevorder asook die billike behandeling van werknemers ten einde onbillike diskriminasie uit die weg te ruim; en 2) maatreëls ten opsigte van regstellende aksie te gebruik met die oog daarop om die ervarings van diegene wat voorheen ten opsigte van indiensneming te nagekom is, reg te stel sodat billike verteenwoordiging in alle beroepskategorieë en op alle vlakke binne die werksmag bewerkstellig kan word.</p>   |
|         | <p><b>Wet op die Beheer van Vuurwapens, 2000 (Wet 60 van 2000)</b><br/>                     Stel 'n omvattende, doeltreffende stelsel vir vuurwapenbeheer en verwante aangeleenthede saam.</p>   |
|         | <p><b>Wet op die Raamwerk vir Interregeringsverhoudinge, 2005 (Wet 13 van 2005)</b><br/>                     Lê bepalings neer vir die daarstelling van 'n raamwerk waarvolgens die nasionale regering, provinsiale regerings en plaaslike owerhede interregeringsverhoudinge kan bevorder; lê bepalings neer vir meganismes en prosedures waarvolgens interregeringsgeskille opgelos kan word; en lê bepalings neer vir verwante aangeleenthede.</p>  |
|         | <p><b>Wet op Arbeidsverhoudinge, 1995 (Wet 66 van 1995) (LRA)</b><br/>                     Stel die DVOW in staat om ekonomiese ontwikkeling, maatskaplike geregtigheid, arbeidsvrede en die demokratisering van die werkplek te bevorder deur uitvoering te gee aan die doel van die Wet insluitend: om 'n raamwerk te verskaf waarbinne werknemers en hul vakbonde, werkgewers en werkgewersorganisasies gesamentlik kan onderhandel om lone, diensvoorwaardes en ander sake van gemeenskaplike belang te bepaal; om arbeidsgeskille doeltreffend op te los en voorsiening te maak vir werknemers se deelname aan besluitneming in die werkplek.</p>               |

| Funksie | Wetgewing  |
|---------|--|
|         | <p><b>Plaaslike Regering: Wet op Munisipale Stelsels, 2000 (Wet 32 van 2000)</b><br/>Lê bepalings neer vir kernbeginsels, -meganismes en -prosesse wat nodig is sodat munisipaliteite progressief kan werk aan die maatskaplike en ekonomiese opheffing van plaaslike gemeenskappe, en verseker dat universele toegang tot noodsaaklike dienste bekostigbaar is vir almal; omskryf die regsraad van 'n munisipaliteit as iets wat die plaaslike gemeenskap binne die munisipale area insluit, in vennootskap met die munisipaliteit se politieke en administratiewe strukture werk; lê bepalings neer vir die manier waarop munisipale magte en funksies beoefen en uitgevoer word; lê bepalings neer vir gemeenskapsdeelname; stel 'n eenvoudige en bemagtigende stelsel daar vir die kernprosesse van beplanning, prestasiebestuur, hulpbronmobilisering en organisatoriese verandering wat die nosie van ontwikkelingsgerigte plaaslike regering ten grondslag lê; lê bepalings neer vir 'n raamwerk vir openbare administrasie en mensehulpbronontwikkeling; om die armes te bemagtig en te verseker dat munisipaliteite se tariewe en kredietbeheerbeleide hulle in ag neem deur 'n raamwerk daar te stel vir die lewering van dienste, diensleweringsooreenkomste en munisipale distrikte; lê bepalings neer vir kredietbeheer en skuldvordering; en stel 'n raamwerk daar vir ondersteuning, monitering en standaardstelling deur ander regeringsfere ten einde plaaslike regering progressief uit te bou tot doeltreffende frontlinie-ontwikkelingsagentskappe wat in staat is om die aktiwiteite van alle regeringsfere te integreer vir die algehele maatskaplike en ekonomiese opheffing van gemeenskappe in harmonie met hul natuurlike omgewing.</p> <p><b>Wet op Nasionale Omgewingsbestuur, 1998 (Wet 107 van 1998) (NEMA)</b><br/>Lê bepalings neer vir samewerkende bestuurstoestig oor omgewingskwessies deur beginsels neer te lê vir besluitneming oor aangeleenthede wat 'n impak op die omgewing het, instansies daar te stel wat samewerkende bestuurstoestig sal bevorder en prosedures neer te lê om die omgewingsfunksies te koördineer wat deur staatsorgane uitgevoer word; en om bepalings neer te lê vir aangeleenthede wat daarmee verband hou.</p> <p><b>Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid, 1993 (Wet 85 van 1993)</b><br/>Vereis dat die DVOW, as 'n bewaarder en reguleerder van die beboude omgewing, verseker dat alle bou- en konstruksiewerk op staatseiendom, ongeag deur wie dit onderneem word, onderneem word in nakoming van hierdie wetgewing en dat die strukture vir die duur van hul leeftyd steeds hieraan sal voldoen.</p> <p><b>Wet op die Raamwerk vir Voorkeurverkrygingsbeleid, 2000 (Wet 5 van 2000)</b><br/>Lê bepalings neer dat 'n staatsorgaan sy voorkeurverkrygingsbeleid moet bepaal en 'n voorkeerpuntstelsel moet implementeer waarvan die oogmerke kan insluit dat kontrakte aangegaan word met persone, of kategorieë van persone, wat histories deur onbillike diskriminasie op grond van ras, geslag of gestremdheid benadeel is.</p> <p><b>Wet op die Voorkoming en Bestryding van Korrupte Aktiwiteite, 2004 (Wet 12 van 2004)</b><br/>Lê bepalings neer ter versterking van maatreëls om korrupsie en korrupte aktiwiteite te voorkom en te bestry.</p> <p><b>Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting, 2000 (Wet 2 van 2000) (PAIA)</b><br/>Dié wet bevorder 'n kultuur van deursigtigheid en aanspreeklikheid by openbare en private liggame deur die reg tot inligting te verwesenlik (soos bepaal in artikel 32 van die Grondwet) en aktief 'n samelewing te bevorder waarin mense doeltreffend toegang kan verkry tot inligting wat hulle in staat stel om hul regte meer doeltreffend uit te oefen en te beskerm.</p> |



| Funksie | Wetgewing  |
|---------|--|
|         | <p><b>Wet op Bevordering van Administratiewe Geregtigheid, 2000 (Wet 3 van 2000) (PAJA)</b><br/>Verleen uitvoering aan artikel 33 van die Grondwet wat bepaal dat almal die reg het tot administratiewe optrede wat wettig, redelik en prosedureel billik is. Enigeen wie se regte negatief beïnvloed is deur administratiewe optrede het die reg om redes daarvoor gegee te word. PAJA het te make met algemene administratiewe reg en is derhalwe bindend vir administrasie in sy geheel op alle regeringsvlakke.</p> <p><b>Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting, 2013 (Wet 4 van 2013)</b><br/>Bevorder die beskerming van persoonlike inligting wat deur openbare en private liggame verwerk word; stel sekere voorwaardes ten einde minimumvereistes vir die verwerking van persoonlike inligting daar te stel; lê bepalings neer vir die daarstelling van 'n Inligtingregulator om sekere magte uit te oefen en sekere pligte en funksies ingevolge die Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting, 2000 te verrig; lê bepalings neer vir die uitreiking van gedragskodes; lê bepalings neer vir die regte van persone ten opsigte van ongevraagde elektroniese mededelings en geoutomatiseerde besluitneming; reguleer die vloed van persoonlike inligting oor die grense van die Republiek heen; en lê bepalings vir verwante aangeleenthede neer.</p> <p><b>Wet op Provinsiale Argiewe en Rekorddiens van die Wes-Kaap, 2005 (Wet 3 van 2005)</b><br/>Bewaar die argiefferenis vir gebruik deur die regering en mense van Suid-Afrika, en bevorder doeltreffende, aanspreklike, deursigtige regering deur die behoorlike bestuur en versorging van staatsrekords.</p> <p><b>Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet 1 van 1999)</b><br/>Ondersteun deursigtigheid, aanspreeklikheid en gesonde bestuur ten opsigte van die DVOW se inkomste, uitgawes, bates en laste.</p> <p><b>Staatsdienswet, 1994 (Proklamasie 103 soos op 3 Junie 1994 in Staatskoerant 15791 gepubliseer)</b><br/>Hierdie is die vernaamste Wet wat openbare administrasie beheer. Dit bepaal die administratiewe en operasionele raamwerk vir staatsdepartemente deur riglyne neer te lê sover dit die indiensneming van en praktyke verwant aan menshulpbronne betref, m.a.w. indiensnemingsvoorwaardes, ampstermyne, dissipline, aftrede en ontslag van lede van die staatsdiens en aangeleenthede wat hiermee verband hou.</p> <p><b>Wet op die Bestuur van Openbare Administrasie, 2014 (Wet 11 van 2014)</b><br/>Bevorder die basiese waardes en beginsels wat openbare administrasie beheer soos na verwys in artikel 195(1) van die Grondwet; lê bepalings neer vir die verplasing en sekondering van werknemers in openbare administrasie; reguleer die doen van sake met die staat; lê bepalings neer vir kapasiteitsontwikkeling en opleiding; lê bepalings neer vir die daarstelling van die Nasionale Regeringskool; lê bepalings neer vir die gebruik van inligting- en kommunikasietegnologie in openbare administrasie; en lê bepalings neer waarvolgens die minister minimumnorme en -standaarde vir openbare administrasie kan stel.</p> <p><b>Wet op Vaardigheidsontwikkeling, 1998 (Wet 97 van 1998)</b><br/>Lê bepalings neer vir 'n institusionele raamwerk om nasionale, sektor- en werkplekstrategieë te ontwikkel om die vaardighede van die Suid-Afrikaanse werksmag te ontwikkel en te verbeter, en om daardie strategieë by die Nasionale Kwalifikasieraamwerk te integreer. As toonaangewende werkgewer moet die DVOW nakoming van die werkgewer se verpligtinge verseker ten opsigte van die werkplekooreenkoms en verseker dat hierdie ooreenkoms in die werkplek geïmplementeer word. By wyse van die UOWP implementeer die DVOW leerlingskap- en vaardigheidsontwikkelingsprogramme vir deelnemers in vakmanverwante velde.</p> |

| Funksie | Wetgewing   |
|---------|---|
|         | <p><b>Radiowet, 1952 (Wet 3 van 1952)</b><br/>Beheer radio-aktiwiteite en verwante aangeleenthede.</p>  |
|         | <p><b>Wes-Kaapse Ordonnansie op Grondgebruikbeplanning (Wysigingswet), 2009 (Wet 1 van 2009)</b><br/>Reguleer grondgebruikbeplanning in die Wes-Kaap en verwante aangeleenthede.</p>  |
|         | <p><b>Wes-Kaapse Wet op die Monitering en Ondersteuning van Munisipaliteite, 2014 (Wet 4 van 2014)</b><br/>Bring artikels 154(1) en 155(6) van die Grondwet tot uitvoer deur verdere bepalings neer te lê vir maatreëls om munisipaliteite te ondersteun, munisipaliteite se kapasiteit te ontwikkel en te versterk en om hul prestasie te verbeter. Bring ook artikel 106(1) van die Wet op Plaaslike Regering; Wet op Munisipale Stelsels tot uitvoer deur bepalings neer te lê vir monitering in gevalle waar gebrekkige prestasie en wanadministrasie in munisipaliteite vermoed word, en vir aangeleenthede wat daarmee verband hou.</p> |

Die nasionale en provinsiale beleide en strategieë wat hieronder beskryf word, begelei die DVOW in hoofsaak in die nakoming van sy verantwoordelikhede.

| Funksie | Beleide  |
|---------|--|
| Vervoer | <p><b>Nasionale strategie vir vraglogistiek, 2005</b><br/>Verlaag binnelandse vragkoste deur laer stelselkoste wat voortspruit uit verhoogde doeltreffendheid, betroubaarheid en verlaagde vervoertye om sodoende haalbare modale opsies tussen pad- en spoorvervoer aan klante te bied.</p>   |
|         | <p><b>Nasionale strategie vir openbare vervoer, 2007</b><br/>Twee hooftrekke is hier ter sprake, naamlik:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Versnelde modale opgradering, wat ten doel het om nuwe, doeltreffender, universeel toeganklike en veilige openbare vervoer en bedrewe operateurs te verskaf; en</li> <li>• Geïntegreerde snelvervoernetwerke vir openbare vervoer, wat ten doel het om oplossings vir geïntegreerde openbare vervoer te ontwikkel en te optimaliseer.</li> </ul>          |
|         | <p><b>Nasionale padveiligheidsstrategie, 2011-2020</b><br/>Hanteer padveiligheidskwessies deur die onderskeie padveiligheidsstrategieë, -strukture en -intervensies van al die rolspelers en agentskappe in die padveiligheidsarena te integreer en te koördineer.</p>   |
|         | <p><b>Nasionale padveiligheidsstrategie, 2011-2020</b><br/>Informeel h nasionaal gekoördineerde poging om opvoeding en wetstoepassing ten opsigte van swak padgebruikgedrag te verbeter in lyn met internasionale beste praktyke en aanbevelings van die Wêreldgesondheidsorganisasie vir ontwikkelende lande.</p>   |
|         | <p><b>Nasionale strategie vir landelike vervoer, 2007</b><br/>Lê riglyne neer vir al drie regeringsfere om op h geïntegreerde, ooreenstemmende en gekoördineerde wyse werk te maak van die uitdagings verwant aan mobiliteit en toegang in landelike gebiede. Twee hoofstrome word in hierdie strategie uitgelig, naamlik die bevordering van gekoördineerde landelike nodale en koppelende ontwikkelings, en die ontwikkeling van vraag-responsiewe, gebalanseerde en volhoubare landelike vervoerstelsels.</p> |

| Funksie   | Beleide   |
|---|---|
|   | <p><b>Witskrif oor nasionale vervoerbeleid, 1996</b><br/>Handel oor veilige, betroubare, doeltreffende, doelmatige, ten volle geïntegreerde vervoerbedrywe en -infrastruktuur. Hierdie behoort aan die behoeftes van vrag- en passasierklante te voldoen op 'n wyse wat regeringstrategieë vir ekonomiese en maatskaplike ontwikkeling sal ondersteun en omgewing- en ekonomiese volhoubaarheid in die hand sal werk.</p> <p><b>Witskrif oor provinsiale vervoerbeleid, 1997</b><br/>Bou voort op die basis wat deur nasionale witskrif vir 'n vervoerbeleid daargestel is en verskaf meer detail oor spesifieke intervensies in reaksie op die behoeftes en geleenthede in die Wes-Kaap, met erkenning vir heersende en toekomstige bevoegdhede wat aan provinsies en ander regeringsfere ooreenkomstig die Grondwet toegewys kan word.</p> <p><b>Riglyne vir toegang tot paaie</b><br/>Lê riglyne neer vir praktiserende ingenieurs en beplanners, sowel as eiendomsontwikkelaars, om aanvaarbare standaarde vir padtoegang te ontwikkel.</p> <p><b>Suid-Afrika se strategiese raamwerk vir padinfrastruktuur (RISFSA)</b><br/>Lê riglyne neer vir herdefiniëring van die Suid-Afrikaanse paaie-netwerk, en help padowerhede om bestaande padnetwerke te herklassifiseer.</p> <p><b>Padveiligheidsstrategie vir die Wes-Kaapse Provinsie, 2005</b><br/>Moedig 'n veiliger padomgewing aan deur padveiligheid oral in die provinsie te bevorder met 'n fokus op nasionale en provinsiale roetes; en is verantwoordelik vir die basiese opleiding van alle verkeersbeampterekrute in die provinsie ten einde eenvormigheid en professionaliteit te verseker.</p> <p><b>Wes-Kaapse beleidsverklaring ten opsigte van die vervoer van passasiers met spesiale behoeftes (SBP's), 2009</b><br/>Plaas sekere verantwoordelikhede op die DVOW, met insluiting van:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Aanmoediging van die inkrementele toeganklikheid van spoorinfrastruktuur en verskaffing van opleiding aan operateurs en hul personeel om sensitief op te tree teenoor persone met spesiale behoeftes;</li> <li>• Ondersteuning van die lewering van universeel toeganklike inligtingsdienste oor openbare vervoer;</li> <li>• Voorbereiding en publisering, in samehang met NDvV, van riglyne verwant aan vereistes rakende die toeganklikheid van openbare vervoervoertuie;</li> <li>• Versekering dat alle nuwe fasiliteite vir openbare vervoer só beplan word dat dit toeganklik is vir persone met spesiale behoeftes; en</li> <li>• Versekering dat alle toekomstige gekontrakteerde openbarevervoerdienste in die provinsie progressief die bedryf van toeganklike dienste insluit tot tyd en wyl alle gekontrakteerde dienste of toeganklik is en/of 'n alternatiewe vraag-responsiewe diens beskikbaar is.</li> </ul> |
| <p><b>Openbare Werke en Eiendomsbestuur</b></p> | <p><b>Wes-Kaapse provinsiale verkrygingsbeleid</b><br/>Ten doel om die bewaarder(s), onder andere, te begelei in die verkryging van onroerende bates en om eenvormige kriteria en prosesse te bevorder en te spesifiseer.</p> <p><b>Wes-Kaapse Provinsiale Regering se witskrif oor die bestuur van provinsiale eiendom, 2004</b><br/>Lê 'n raamwerk neer vir die begeleiding van aktiwiteite verwant aan vaste eiendom behorende aan die Wes-Kaapse Provinsiale Regering en ander eiendom wat deur die provinsiale regering benut word; en dit dek ook koördinerings met die eiendomsbestuuraktiwiteite van ander openbare/burgerlike rolspelers in die provinsie.</p>   |

| Funksie  | Beleide   |
|--|---|
|  | <p><b>Wes-Kaapse Infrastruktuurraamwerk, 2013</b><br/>Sorg dat die beplanning, lewering en bestuur van infrastruktuur wat aan alle belanghebbers (nasionale regering, provinsiale regering, plaaslike regering, semi-staatsorgane en die private sektor) verskaf word met die strategiese agenda en visie vir die provinsie ooreenstem.</p>   |
| <p><b>Uitgebreide-openbare werke-program</b></p> | <p><b>Riglyne vir die implementering van die UOWP</b><br/>Die UOWP se oogmerk is om kort- en mediumtermyn-werksgeleenthede te skep vir die armes en werkloos, as deel van die regering se strategie om armoede te beveg. Hierdie werkgeleenthede word gekombineer met opleiding wat daarop gemik is om die laaggeskoolde begunstigdes se vooruitsigte op indiensneming binne die formele indiensnemingsmark te verhoog. Die program is afgestem op geleenthede in die volgende sektore: infrastruktuur, omgewing, kultuur, en maatskaplike en nie-regering.</p> |
|  | <p><b>Riglyne vir die implementering van die Nasionale Jeugdiens (NJD)</b><br/>Bepaal dat implementering van jeugprogramme die verantwoordelikheid van alle staatsinstansies is. Verantwoordelikheid vir beplanning, koördinerende en inisiëring van doeltreffende en innoverende strategieë vir jeugontwikkeling berus dus eweneens by Nasionale Jeugkommissie en individuele staatsdepartemente op nasionale en provinsiale vlak.</p>   |
| <p><b>Transversale</b></p>                       | <p><b>Provinsiale strategiese plan, 2015/16-2019/20</b><br/>'n Stel oorkoepelende strategiese doelwitte vir die WKR vir die huidige verkose termyn waarin gewenste uitkomst vir die mediumtermyn (vyf jaar) uiteengesit word. Hierdie doelwitte weerspieël die behoeftes en prioriteite van die provinsiale regering en bevorder tesame geïntegreerde, verbeterde prestasie oor die openbare sektor in die Wes-Kaap heen.</p>   |
|  | <p><b>Departementele raamwerk en handleiding vir monitering en evaluering</b><br/>Beskryf die monitering- en evalueringstelsels en -werktuie wat daargestel is vir resultaatgedrewe bestuur in die staatsdiens.</p>   |
|  | <p><b>Departementele beleid oor die bestuur van rekords</b><br/>Lê die grondslag vir 'n korporatiewe kultuur van verantwoordelikheid vir die bestuur van inligting en rekords as 'n noodsaaklike vereiste vir doeltreffende dienslewering.</p>  |
|  | <p><b>Wes-Kaapse beleid oor e-Mobiliteit</b><br/>Transversale beleid oor die gebruik van sellulêre datakaarte vir amptelike doeleindes. Dit reguleer en standaardiseer die praktyke en prosedures vir die verkryging, voorsiening en gebruik van datakaarte in die WKR en sy departemente en vir die doelmatige en kostedoeltreffende bestuur van hierdie noodsaaklike diens.</p>   |
|  | <p><b>Wes-Kaapse Regering se transversale bestuurstelsel</b><br/>Het ten doel om meetbare uitkomst te behaal deur die fasilitering van sektorale klusters wat transversaal van kwessies werk maak met individuele lyndepartemente as die implementeringsagente; en beheer die implementering van die provinsiale strategiese plan transversaal regdeur die WKR. Die "Executive Project Dashboard" word as inligtingbestuurwerktuig vir hierdie stelsel gebruik.</p>   |
|  | <p><b>Witskrif oor mensehulpbronbestuur, 1997</b><br/>Fokus op noodsaaklikheid om mensehulpbronskapasiteit te ontwikkel en te transformeer ten einde die oogmerke van doeltreffende dienslewering en 'n getransformeerde staatsdiens te behaal.</p>   |

---

## **8 Organisasiestruktuur soos op 31 Maart 2018**

---

Die DVOW se makro-organisasoriese struktuur word op die volgende vier bladsye van hierdie verslag uiteengesit











## 9 Entiteite wat aan die provinsiale minister verslag doen

Alhoewel die departement nie vir enige openbare entiteite verantwoordelik is nie, word SMV as 'n handelsentiteit binne sy administrasie bedryf.

**Tabel 8: Entiteite wat aan die provinsiale minister verslag doen**

| Naam van entiteit | Wetgewende mandaat                     | Finansiële verwantskap  | Aard van bedrywe  |
|-------------------|--|---|---|
| SMV               | Hoofstuk 19 van die Tesourieregulasies | SMV word ingevolge Hoofstuk 19 van die Tesourieregulasies as 'n handelsentiteit bedryf. Die RB van die departement is ook die RB van die handelsentiteit. Die RB rapporteer aan die provinsiale minister. | Voorsiening van staatsmotorvoertuie aan kliëntdepartemente vir diensleweringdoeleindes. |

## Deel B: Prestasie-inligting

### 1 Ouditeur-generaal se verslag: Voorafbepaalde doelwitte

Die Ouditeur-generaal van Suid-Afrika (OGSA) het die nodige ouditprosedures op die prestasie-inligting uitgevoer ten einde bestuur in sy verslag van 'n ouditgevolgtrekking oor prestasie gemeet teen voorafbepaalde doelwitte te voorsien. Die doel met hierdie toets was om rapporteerbare bevindinge in die gerapporteerde prestasie-inligting te identifiseer, maar nie om bewyse in te win met die oog daarop om waarborge te lewer of 'n mening of gevolgtrekking oor hierdie aangeleenthede in die ouditverslag uit te spreek nie.

Verwys na bladsy 230 vir die Ouditeur-generaal se verslag, wat as Deel E: Finansiële Inligting gepubliseer word.

### 2 Oorsig van departementele prestasie

#### 2.1 Diensleweringomgewing

Die hoofdienste van die departement is:

| Hoofdiens:                               | Sleutelfunksies   |
|--|---|
| Administratiewe Dienste                  | <ul style="list-style-type: none"><li>• Verskaf strategiese, beleid- en operasionele ondersteuning binne die Departement.</li><li>• Verskaf finansiële bestuur- en voorsieningskanaaldienste binne die Departement.</li><li>• Verleen hulp aan munisipaliteite om GVP'e te ontwikkel.</li><li>• Fasiliteer die ontwikkeling van provinsiale departementele strategieë, beleide en planne.</li><li>• Bestuur die POP om skaarsvaardighede te ontwikkel op die terreine van vervoer, die bou-omgewing en ingenieurswese.</li><li>• Verskaf beurse vir individue wat besig is met studies op die terreine van vervoer, ingenieurswese en die bou-omgewing.</li></ul> |
| Openbare Werke-<br>infrastruktuurdienste | <ul style="list-style-type: none"><li>• Verkry en vervreem onroerende bates.</li><li>• Verseker optimale benutting van eiendomme in die provinsie se besit.</li><li>• Huur eiendom om akkommodasie te verskaf.</li><li>• Verskaf akkommodasiedienste aan provinsiale departemente en entiteite.</li><li>• Bou en hou gesondheid-, onderwys- en algemene geboufasiliteite in stand.</li><li>• Skep werksgeleenthede en ekonomiese bemagtiging deur die verskaffing van infrastruktuur.</li></ul>   |

| Hoofdiens:                      | Sleutelfunksies   |
|---------------------------------|---|
| Vervoerinfrastruktuurdienste    | <ul style="list-style-type: none"> <li>• Bou, rehabiliteer en hou die provinsiale padnetwerk in stand.</li> <li>• Bied leerlingskappe en graadopleiding aan.</li> <li>• Bied vakleerlingskappe vir dieselwerktuigkundiges aan.</li> <li>• Verskaf tegniese ondersteuningsdienste.</li> <li>• Skep werksgeleenthede en ekonomiese bemagtiging deur die verskaffing van infrastruktuur.</li> </ul>  |
| Vervoerbedryfdienste            | <ul style="list-style-type: none"> <li>• Bestuur en monitor gesubsidieerde en gespesialiseerde openbare vervoerdienste.</li> <li>• Koördineer en fasiliteer landvervoerveiligheids- en -nakomingsprogramme.</li> <li>• Evalueer, ondersteun en kapasiteer munisipaliteite ten opsigte van landvervoermobiliteit.</li> <li>• Ondersteun die implementering van NGV.</li> </ul>   |
| Vervoerreguleringsdienste       | <ul style="list-style-type: none"> <li>• Verskaf motorvoertuigregistrasie- en lisenieringsdienste deur munisipaliteite.</li> <li>• Verskaf dienste om motorvoertuie se padwaardigheid te toets.</li> <li>• Reik bestuurslisensies uit aan bevoegde bestuurders deur munisipaliteite.</li> <li>• Reik permitte uit vir abnormalevragvoertuie en geleenthede op openbare paaie.</li> <li>• Verskaf oorladingbeheerdienste op nasionale en provinsiale paaie.</li> <li>• Verskaf lisenieringsdienste aan openbare vervoeroperateurs.</li> <li>• Registreer minibustaxi-operateurs en -verenigings.</li> <li>• Implementeer en koördineer padveiligheidsprogramme.</li> <li>• Verskaf geskilbeslegtingsdienste in die openbarevervoerdomein.</li> <li>• Verskaf wetstoepassing op nasionale en provinsiale openbare paaie.</li> </ul> |
| Gemeenskapsgebaseerde Programme | <ul style="list-style-type: none"> <li>• Koördineer die UOWP.</li> <li>• Fasiliteer programme om opkomende kontrakteurs te ontwikkel.</li> <li>• Bied konstruksieverwante vaardigheidsontwikkelinggeleenthede aan, insluitende vakleerlingskappe vir vakmanvaardighede.</li> </ul>  |

## Vernaamste dienslewering uitdagings

Gedurende die oorsigjaar het 'n aantal uitdagings 'n negatiewe impak op die DVOW se dienslewering gehad:

- Onrus in die openbarevervoersektor wat met die GGIVN verband hou.
- Openbare aandrang dat WKR-besitte grond in sentraalgeleë dele van Kaapstad vir bekostigbare behuisingsdoeleindes gebruik word.
- Gemeenskapsonrus op konstruksieterreine wat die lewering van openbare infrastruktuur vertraag het.
- Geweld met betrekking tot geskille binne die taxibedryf het 'n impak gehad op pendelaars se veiligheid en die doeltreffende funksionering van die openbare vervoerstelsel.

- Die skerp toename in dienslewingsbetogings in die afgelope jaar het 'n groot impak op busbedrywigheede gehad, met busse wat verbrand is en langer reistye wat 'n verdere negatiewe impak op die nakoming van die rooster gehad het.
- Skaars projekbestuurhulpbronne moes van verkrygings en instandhoudingsprogramme herlei word om 'n intensiewe droogte versagtingsprogram te beplan.
- Veranderinge in NEMA het voortgegaan om die gebruik van gruisgroewe vir padkonstruksie te beïnvloed.
- Die toename in BTW op belasbare goedere en dienste sal na verwagting 'n impak op dienslewering hê.
- Moontlike stygings in tariewe, dienste en ander munisipale kostes sal na verwagting 'n impak op dienslewering hê.
- Huidige vervoerwetgewing beperk die potensiële rol wat provinsies kan speel om sekere openbare vervoeriniatiwe te verbeter. Dit word op nasionale vlak aangespreek.
- Die ontwikkeling van nuwe woonbuurte en winkelsentrums op plekke vêr van ekonomiesesentrums en aktiwiteite af, het geweldige druk op eise vir openbare goedere en dienste geplaas wat alreeds oorbelaas is.
- Interne afdelings binne die taxibedryf en regsuitdagings het tot 'n vertraging in verkiesings vir ampsdraers binne die Wes-Kaapse tak van die Suid-Afrikaanse Nasionale Taxiraad (SANTACO) gelei, met 'n gepaardgaande negatiewe impak op die openbare vervoerstelsel.
- Diensversteurings en operasionele mislukkings in die passasierspoorstelsel het verdere druk op ander vervoermiddele geplaas en die hoeveelheid padverkeer verhoog.

Hierdie uitdagings word deur verskeie versagterende strategieë bestuur.

Die Wes-Kaap is ook deur drie natuurrampe getref, naamlik die vuur langs die Tuinroete, 'n ernstige winterstorm in Junie 2017 in die Stad Kaapstad en die waterkrisis as gevolg van droogte. Hierdie rampe het 'n fundamentele impak op die dienslewering van die Departement gehad, aangesien kritieke hulpbronne herlei moes word om die WKG en munisipaliteite by te staan om onmiddellike bedreigings vir lewe en infrastruktuur aan te pak.

Die verwoestende brande in Plettenbergbaai en Knysna het na swaarkry vir die mense van hierdie dorpe en omliggende gebiede gelei, en dit het miljoene rande se skade aan openbare-infrastruktuur gebring. Gedurende die loop van die krisis, is mense gestrand in gebiede wat deur die brand bedreig is met geen manier om weg te kom nie. Die DVOW het hierdie mense gehelp deur met die GGOVN-busmaatskappy, George Link, te werk wat dit moontlik gemaak het vir die Go George-busse om beskikbaar te wees om mense weg van gevaar af te vervoer.

'n Frats storm het die Tuinroete voorafgegaan. 'n Buitengewoon groot storm het die suidelike kus in die eerste week van Junie 2017 getref met windsnelhede tot 120 km / h hoog. Die storm het tot sterftes gelei en skole regoor die Wes-Kaap beskadig. Huise dwarsoor Kaapstad en omliggende gebiede is verspoel.

Verkeerswetstoepassers is na die rampgebiede ontplooi, op 'n groot risiko vir hulself, om verkeer te reguleer en na alternatiewe veiliger roetes te herlei, en om noodvoertuie te begelei indien nodig. Openbare werke-infrastruktuurprojekte moes herorganiseer word en konstruksiespanne moes heraangetrek word om dringend aan skade aandag te skenk sodat skole wat geaffekteer is in die kortste moontlike tyd weer operasioneel kon wees.

Swak presterende kontrakteurs het op die gehalte van sekere infrastruktuurprojekte en hul voltooiingsdatums 'n impak gehad. Verdragings en in sommige gevalle die kansellasie van projekte, het 'n negatiewe uitwerking op die werks- en bemagtigingsgeleenthede gehad wat daaruit kon lei. Hierdie mislukkings het ook beteken dat instandhoudingsbesteding onder verhoogde druk gekom het.

Byvoorbeeld, op die kontrak om Hoofpad 33 tussen Oudtshoorn en De Rust te rehabiliteer, is NMC Civils JV, 'n vennootskap tussen NMC (Edms) Bpk en NMC Civils (Edms) Bpk op 25 Januarie 2017 aangestel om die rehabilitasie en gedeeltelike verbreding van Hoofweg 33 gedeelte 3 tussen Oudtshoorn en De Rust te doen. Aanvanklike vordering met die projek was bevredigend, indien nie uitstaande nie, maar na swak prestasie in Julie en Augustus 2017 is kommer uitgespreek. Hierdie kommer is weer tydens September 2017 geopper, nadat talle klagtes, navrae en appèlle van verskaffers rakende nie-betaling ontvang is. Teen die begin van Oktober 2017 was die vordering ernstig beperk en daar is besluit om die kontrakteur formeel aan te spreek om die situasie onmiddellik reg te stel of beëindiging van die kontrak in die gesig te staar. Ongelukkig kon die kontrakteur nie aan die vereistes voldoen nie en is die kontrak met ingang van 7 November 2017 beëindig.

As gevolg van 'n hofuitdaging tot die beëindiging was dit nie moontlik om voort te gaan met die aanstelling van 'n vervangingskontrakteur tot vroeg in Februarie 2018 nie. 'n Beperkte tenderproses is gebruik om die vervangingskontrakteur te identifiseer en die werk sal na verwagting in Junie 2018 hervat word.

## Vernaamste dienslewingsprestasies

### *Diens: Koördineer die UOWP*

Die DVOW gaan voort om die UOWP in die Wes-Kaap te koördineer wat daarop gemik is om die totale aantal werksgeleenthede wat in die provinsie geskep word, te verbeter (oor alle regeringsfere en die nie-regeringssektor) en om vroue deelnemers, die jeug en persone met gestremdhede te teiken.

Die provinsiale institusionele reëling is deur die 12 funksionele Provinsiale Forums gehandhaaf. Veertig openbare liggamme het tegniese ondersteuning ontvang om die gehalte van hul UOWP-databestuur en -verslagdoening te verbeter wat met programdoelwitte en teikens verband hou.

### *Diens: Fasiliteer programme om opkomende kontrakteurs te ontwikkel*

Die kontrakteurontwikkelingsprogram het vier hoof opleidingsprogramme geïmplementeer.

- Konstruksie-inligtingsessies vir opkomende kontrakteurs van regoor die Wes-Kaap in vennootskap met DVOW Voorsieningskanaalbestuur, die Nasionale Departement

van Openbare Werke, Suid-Afrikaanse Inkomstediens, Departement van Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme (DEOET), die CIDB, die Boubedingingsraad en plaaslike munisipaliteite. Hierdie twee-dag sessies het gefokus op die verskaffing van inligting aan deelnemende kontrakteurs om te verseker dat hulle aan alle regeeringsreëls en -beleide voldoen.

- Die munisipale-gebaseerde opleidingsprogram, 'n vyf weke opleidingsprogram gemik op CIDB Graad 1- en 2-kontrakteurs.
- Die gestruktureerde opleidingsprogram gemik op graad 1 en 2 opkomende kontrakteurs en oor tien maande geïmplementeer.
- Gevorderde opleiding en mentorsteun, wat in die jaar onder oorsig aan 19 Graad 3 tot 5 kontrakteurs verskaf is.

Daarbenewens is vaardigheidsopleiding aan kontrakteurs in rekenaarvaardighede soos Microsoft Excel en Microsoft Project voorsien, sowel as in die beroepsgeondheid en -veiligheid (OHS).

### *Diens: Skep werk en ekonomiese bemagtiging deur die verskaffing van infrastruktuur*

Die Bemagtigingsimpakassessering-instrument (EmplA) lig die ontwerp- en konstruksieproses van spesifieke departementele projekte ter waarde van meer as R5 miljoen in; dit teken ook die werklike impak ten opsigte van histories benadeelde individue aan.

In die boekjaar onder oorsig, is 19 EmplAs op beplande departementele infrastruktuurprojekte geïnisieer. Twaalf implementeringsverslae oor bemagtigingsdoelwitte is aangegaan. In die boekjaar onder oorsig, het die eenheid by 35 gemeenskapsbetrokkenhede die implementeringsdirektorate en hul kliëntdepartemente ondersteun.

### *Diens: Bied konstruksieverwante vaardigheidsontwikkelingsgeleenthede aan, insluitend vakleerlingskappe*

Vaardigheidsontwikkelingsprogramme wat daarop gemik is om jongmense aan konstruksieverwante ambagte bloot te stel, is deur die volgende inisiatiewe geïmplementeer:

- NJD-programme het jeug opgelei deur 12-maand vakleerlingskappe dwarsoor die Wes-Kaap;
- Sweisleerlinge is opgelei in vennootskap met die Staatsdienssektor-onderwys- en opleidingsowerheid;
- Verdere vakleerlinge is in elektriese en sweisambagte opgelei; en
- Jeug het aan die Premier se PAY-program deelgeneem.

### *Diens: Bied vakleerlingskappe vir vervoerverwante werktuigkundiges aan*

Om gekwalifiseerde vakmanne te word, ondergaan vakleerlinge 'n vier-jaar-tydperk van formele en praktiese opleiding, voorgeskrewe eksamens en praktiese assessering deur die sektorale onderwys- en opleidingsowerheid vir vervaardiging-, ingenieurs- en verwante

dienste (MERSETA). Vakleerlinge wat deur die DVOW ondersteun is, het opleiding by die meganiese werkwinkel in Bellville ontvang en doen Nasionale Tegnieuse Sertifikaat-kursusse by 'n tegnieuse kollege. 'n Totaal van 8 vakleerlinge het gedurende die oorsigjaar as deel van die vakleerlingskaprogram as ambagsmanne gekwalifiseer.

Inhuisopleiding van dieselmotorkundiges het in 2010 begin. Teen die einde van die 2017/18-boekjaar het 32 vakleerlinge die ambagstoets (die praktiese assessering deur MERSETA vir die aangewese ambag van dieselmotorkundige) suksesvol voltooi. Van die 32 opgeleide dieselmotorkundiges het 26 loopbane in die private sektor aanvaar. Ses ambagsmanne van die program is nadat hulle gekwalifiseer is, permanent deur die DVOW aangestel.

Daar is tans 16 vakleerlinge in die program, waarvan 15 dieselmotorkundigevakleerlinge en een 'n passer-en-draaier-vakleerling is.

*Diens: Bestuur die professionele ontwikkelingsprogram om werk te maak van die vaardigheidstekorte op die terreine van vervoer, ingenieurswese en die beboude omgewing*

Die POP het voortgegaan om werknemers te help deur 'n bevorderlike leerwerkplek omgewing vir die opleiding en ontwikkeling van werknemers en gegradueerdes te skep om professionele registrasie te bekom en te handhaaf. Benewens die hulp aan die werknemers van die DVOW, het die program die Weskus Distriksmunisipaliteit in Moorreesburg bygestaan met betrekking tot die professionele registrasie van hul kandidate. Een van hierdie kandidate het in die boekjaar professionele registrasie behaal en 'n ander het sy dokumentasie vir professionele registrasie ingedien.

In die boekjaar onder oorsig, het vier DVOW-deelnemers suksesvol professionele registrasie by die tersaaklike professionele liggame behaal.

| Dissipline    | Kategorie | Totaal   | Ras      |          |          |          | Geslag   |          |
|---------------|-----------|----------|----------|----------|----------|----------|----------|----------|
|               |           |          | S        | B        | W        | I        | M        | V        |
| Siviel        | Tegnikus  | 4        | -        | 3        | -        | 1        | -        | 4        |
| <b>Totaal</b> |           | <b>4</b> | <b>-</b> | <b>3</b> | <b>-</b> | <b>1</b> | <b>-</b> | <b>4</b> |

S = Swart; B = Bruin; I = Indiër; W = Wit; V = vroulik; M = manlik

*Diens: Bestuur die graadprogram vir professionele ingenieurs (GPEP) om die behoorlike opleiding en retensie van graduandi in die vervoer- en ingenieursveld te fasiliteer*

Ter ondersteuning van infrastruktuurlowering is die graadprogram vir professionele ingenieurs (GPEP), met die ondersteuning van mentors om die behoorlike opleiding en retensie van graduandi, gedurende die oorsigjaar voortgesit. Gegradueerdes wat aan die minimum vereistes vir professionele registrasie by die Ingenieursraad van Suid-Afrika (ECSA) voldoen het, is daarna as professionele persone geregistreer. Sommige van hierdie ingenieurswese en tegnieuse gegradueerdes is permanent binne die Padnetwerkbestuur-tak aangestel.



### *Diens: Bied beurse aan verdienstelike studente deur die Masakh'iSizwe-beursprogram*

Die Masakh'iSizwe-beursprogram fokus op die aanlok en fasilitering van die ontwikkeling van skaars en kritiese vaardighede om die bedryfsbehoefte van die Departement te bevredig. Beurse word toegeken ter verwerwing van 'n hoër diploma, graad of nagraadse kwalifikasie op die terreine van vervoer, ingenieurswese of die beboude omgewing. Die Masakh'iSizwe-beurs en POP bied 'n samehangende pakket van ondersteuning wat die beurshouers in 'n posisie plaas om akademie te presteer, ervaring op te doen, werk te kry en professionele registrasie te kry.

Die onderliggende konsep van die beursprogram is om finansiële benadeelde jeug deur tersiêre onderrig, ondersteuningsdienste, werkplasing en private onderrig te bemagtig. Die program bied 'n samewerkende beurs in vennootskap met die privaat sektor en hoërondewysinstellings om hulpbronne te deel ter ondersteuning van sosio-ekonomiese ontwikkeling, terwyl vaardigheidstekorte aangespreek word en die geleenthede vir leer en werksgeleenthede gemaksimaliseer word.

'n Totaal van 72 nuwe eksterne beurse is in die akademiese jaar toegeken, wat beteken dat die totaal op 188 staan. Die uiteensetting word hieronder beskryf.

| Dissipline                | Getal beurshouers | Ras       |           |          |           | Geslag    |            |
|---------------------------|-------------------|-----------|-----------|----------|-----------|-----------|------------|
|                           |                   | S         | B         | I        | W         | V         | M          |
| Argitektuur               | 9                 | 1         | 5         | -        | 3         | 6         | 3          |
| Beboude omgewing          | 9                 | 2         | 4         | 1        | 2         | 2         | 7          |
| Siviele Ingenieurswese    | 110               | 41        | 53        | 5        | 11        | 41        | 69         |
| Elektriese Ingenieurswese | 21                | 9         | 7         | -        | 5         | 7         | 14         |
| Geomatiek                 | 5                 | 1         | 3         | -        | 1         | 1         | 4          |
| Meganiese Ingenieurswese  | 26                | 6         | 10        | 2        | 8         | 6         | 20         |
| Eiendomstudies            | 4                 | -         | 3         | -        | 1         | 2         | 2          |
| Stad- en Streekbeplanning | 3                 | 2         | 1         | -        | -         | 2         | 1          |
| Vervoerstudies            | 1                 | -         | 1         | -        | -         | 1         | -          |
| <b>Totaal</b>             | <b>188</b>        | <b>62</b> | <b>87</b> | <b>8</b> | <b>31</b> | <b>68</b> | <b>120</b> |

S = Swart; B = Bruin; I = Indiër; W = Wit; V = vroulik; M = manlik

### *Diens: Voorsien, bou en hou akkommodasie vir provinsiale departemente in stand*

#### **Onderwysfasiliteite**

Infrastruktuurlewering vir onderwysfasiliteite word onder Pos 5: Onderwys voorsien, terwyl daar in Pos 10: Vervoer en Openbare Werke voorsiening gemaak word om as implementeringsagent vir die WKOD op te tree.

DVOW het bygedra deur die voorsiening van infrastruktuur om onderwysuitkomstes in die Wes-Kaap te verbeter terwyl PSD1: "Skep geleenthede vir groei en werk" ook ten uitvoer gebring word. Een voorbeeld is die konstruksie van die nuwe Eersterivier Hoërskool in Blue Downs, Kaapstad. Hierdie nuwe, R60 miljoen skoolkonstruksieprojek het in Junie 2016 begin

en bied nou 'n broodnodige skool vir die toenemende bevolking in Eersterivier aan. Die hoërskool bied vir 1 200 Graad 8 tot 12 leerders akkommodasie, onderrig- en ondersteuningspersoneel, met 'n beplande toekomstige uitbreiding wat kan sien dat leerderkapasiteit tot 1 480 styg.

Die bou van hierdie skool het die deelname en samewerking van die WKOD as kliënt vereis. Die skool bestaan uit:

- 33 klaskamers;
- 2 spesialiseerde klaskamers;
- 2 wetenskaplaboratoriums;
- 1 multi-mediasentrum; en
- 1 rekenaargesteunde-opleidingslaboratorium.

Die projek het omvattende konstruksiewerk asook bemagtigingsgeleenthede vir geteikende ondernemings en plaaslike arbeiders ingesluit. 'n Totaal van 22 persent van die konstruksiewaarde is toegeken aan geteikende ondernemings, terwyl 6 persent aan plaaslike arbeid toegeken is. Tydens hierdie projek het die NJD 10 lewensvaardighede-opleidingsgeleenthede aangebied wat buite die terrein plaasgevind het, terwyl nog 10 boubedryf-opleidingsgeleenthede op die terrein aangebied is.

### **Gesondheidsfasiliteite**

Infrastruktuurlewering vir gesondheidsfasiliteite word onder Pos 6: Gesondheid befonds, en voorsiening word gemaak in Pos 10: Vervoer en Openbare Werke om die funksie van implementeringsagent vir die provinsiale departement van gesondheid te verrig.

DVOW het bygedra deur infrastruktuur te voorsien om die doeltreffendheid van die gesondheidsleweringstelsel in die Wes-Kaap te verbeter, terwyl PSD1: "Skep geleenthede vir groei en werk" ook ten uitvoer gebring is, asook die WKR se groenekonommiese-inisiatief deur die voltooiing van die Hillside-kliniek in Beaufort-Wes teen 'n koste van ongeveer R24,5 miljoen.

Die nuwe kliniek is gebou om die kliniek in Constitutionstraat te vervang ná dit te klein geraak het om aan die primêre gesondheidsbehoefte van Beaufort-Wes se toenemende bevolking te voldoen. Hierdie fasiliteit spog met die meeste "groen"-kenmerke van enige primêre gesondheidsorgfasiliteit in die provinsie.

Hierdie 1 050 m<sup>2</sup> enkelverdieping gebou bevat 'n verskeidenheid volhoubare ontwerpkenmerke. 'n Passiewe ontwerpbenadering is geneem om die uiterste klimaatstoestande van die Karoo te verminder en die behoefte aan verhitting en verkoeling te verminder.

Dik vasgestampde grondmure is gekies as gevolg van hul hoë termiese massa. Hulle raak stadig warm, wat gedurende die intense hitte van die dag die binnekant koel hou. Ondergrondse termiese rotsvoorrade met ventilasieskoorstene word gebruik om die lug van buite af te voor die tyd te verhit of verkoel voordat dit in die fasiliteit versprei word.

Die kliniek is ontwerp om natuurlike daglig te optimaliseer. Gange met enkel ry banke, wat in 'n noordelike rigting wys en groot oorhange het, beperk die penetrasie van die son in die somer, maar in die winter laat dit die sonlig diep in die gebou in. Die gange is wyd

genoeg om wagareas vir pasiënte in te sluit, en is rondom aangelegde binnehowe geleë. Die fasiliteit bied die volle omvang van primêre gesondheidsorgdienste aan, insluitend aansteeklike siektes en ondersteuningsorg, rehabilitasie, mondgesondheid, chroniese siektesorg en vrou- en kindergesondheidsdienste. Dit het ook 'n apteek, en areas vir ontvangs en rekordhouding. Ander volhoubare ontwerpkenmerke sluit in energie-doeltreffende ligte, sonwaterverwarming, en 'n boorgat vir besproeiing van die waterwyse landskap. Die grootste uitdaging was rondom die konstruksie van die vasgestampde grondmure, 'n onkonvensionele benadering tot konstruksie, maar hoogs toepaslik op hierdie terrein.

### Algemene geboue

Die opknapping en modernisering van die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling (DMO) se Langa plaaslike kantoor en dienssentrum, wat 'n doelgebaseerde kinderterapiekamer insluit, is in 2017 voltooi.

Die nuwe kantoorakkommodasie in die Groengebou van die Karl Bremer-hospitaal in Bellville is ook voltooi. Hierdie R152 miljoen-fasiliteit bied kantoorakkommodasie aan 320 DvG-personeel. Die gebou gebruik minder water, genereer minder afval, en bied gesonder werksomstandighede, in vergelyking met ander kantoorgeboue van dieselfde grootte.

Die GBCSA het die gebou met 'n 5-ster Groenster SA ontwerpgradering toegeken, asook die eerste GBCSA Sosio-Ekonomiese Kategorie Loodstoekenning.

Die gebou beskik oor 'n rioolwater-suiweringsinstallasie wat rioolwater skoonmaak sodat dit in die verhitting, ventilasie en lugversorging (HVAC)-stelsel asook in die rioolspoelstelsel hergebruik kan word. HVAC-afvalwater word ook ingesamel en hergebruik. Terwyl reënwater gewoonlik van meeste stedelike geboue afloop in munisipale dreine in, is die omgewing van die Groengebou só ontwerp dat dit die infiltrasie van reënwater in die grond vergemaklik.

Die DVOW, in sy rol as onroerende batebestuurder vir die WKR, is verantwoordelik vir die voortdurende verbetering van die omgewingsvolhoubaarheid van sy eiendomsbesit. Al hierdie pogings help ook om die aanvraag-kant ingrypings van die WKR se Waterbesigheidskontinuiteitsplan in werking te stel om watergebruik gedurende die huidige droogte en daarna te verminder.

Die grootmaatinfrastruktuur in die York Park-kantoorgebou in George is opgegradeer met die vervanging van die HVAC-installasie, passasiershysbakke en elektriese retikulasie gedurende die jaar onder oorsig. Hierdie infrastruktuur-opgradering moes voltooi word voordat daar met die modernisering van die verskillende vloere in die gebou begin is. Die modernisering van die grond- en eerste verdieping het begin en is sal volgens skedule in 2018/19 voltooi word.

Verskeie kantoor moderniseringsprojekte is gedurende die jaar onder oorsig voltooi, insluitende die 1<sup>ste</sup> en 5<sup>de</sup> verdieping in Dorpstraat 9, wat komponente van die DVOW akkommodeer, asook verskeie vloere in Union House, wat die DMO akkommodeer. Die konstruksie op die modernisering van Dorpstraat 3 het begin. Dit sal 'n rioolwaterbehandeling- en gryswaterherwinningstelsel insluit.

Die Energy Security Game-Changer het 'n "beligtingsveldtog" onderneem om regeringsgeboue meer hulpbron-doeltreffend te maak deur personeel aan te moedig om ligte buite kantoorure af te skakel. Die DVOW, veral Dorpstraat 9, was een van die top vyf beste presteerders in hierdie verband. Gedurende 2017/18 het die DVOW altesaam 554 vergeleë water- en elektrisiteitsmeters geïnstalleer wat die werklike meting van nutverbruik in WKR-geboue aansienlik verbeter het en die prestasie van ons geboue wat in die jaarlikse eiendomdoeltreffendheidsverslag vasgelê is, ingelig het. Die hoofbestuursfokus van die EDV is die vooruitsig om eiendomsprestasiedata te versamel en meet, om hierdie prestasiedata gereeld en streng te monitor en die geleenthede vir doeltreffendheid en doeltreffendheidswinste wat uit die data voortspruit, te bestuur.

As gevolg van lewensvatbaarheidstudies, is 'n verdere agt fotovoltaiëse sonpanele gedurende die jaar geïnstalleer na aanleiding van die vier fotovoltaiëse sonpaneel-aanlegte wat in die voorafgaande jaar op die dakke van provinsiale geboue geïnstalleer is.

### **Inisiatiewe om watergebruik te verminder**

Na aanleiding van die erge droogte- en waterkrisis is 'n aantal sleutelprojekte en inisiatiewe om waterbesparing in kantoorverblyf te bevorder, begin, insluitende:

- Chemiese stelsels in watergekoelde verkoelers in SSK-geboue afskakel en die stelpunte van die verkoelers aanpas;
- Grondwaterstelsel in Dorpstraat 9 ingebruik neem om toilette te spoel en vir die bestaande watergekoelde verkoelers in die somer gebruik te word;
- Uitvoerbaarheidsassessering van kantoorgeboue in die SSK wat in provinsiale besit is vir grond- en gryswater herwinbaarheid, rioolwater-suiweringstelsels en drukversterkerpompe;
- Installasie van drukversterkerpompe by die Vangate Shared Service Centre; en
- Waterlose urinele in WKR-gebiede installeer.

Met betrekking tot onroerende batebestuur (OBB), het die Departement uitdrukkings van belangstelling van potensiële diensverskaffers genooi om 'n geïntegreerde eiendomsbestuurstelsel te ontwikkel wat sal help met die volledige lewensiklusbestuur van die onroerende bateportefeulje en 'n gepaste inligtings- en kommunikasietegnologie oplossing in die OBB-domein te fasiliteer.

### ***Diens: Voorsiening van padinfrastruktuur***

Die DVOW het padnetwerkbeplanning gefasiliteer deur geïntegreerde beplanningsvergaderinge wat deur die gesamentlike beplanningsinisiatiewe van die Departement van Plaaslike Regering en die Departement van Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning byeengeroep is. Verder het vergaderinge met die munisipaliteite van Swartland, Drakenstein, Overstrand, Mosselbaai en die Stellenbosch Vervoerwerksgroep ook plaasgevind. Die DVOW het voortgesette skakeling met sleutelbelanghebbendes, soos die Stad Kaapstad Vervoer en Stedelike Ontwikkelingsowerheid en SANRAL, gehandhaaf.

Op 'n projekvlak het die DVOW omgewingsassesserings en implementeringsooreenkomste met munisipale en nasionale owerhede aangegaan,

insluitend agentskappe soos SANRAL, PRASA, Stad Kaapstad Elektries, Eskom en die nasionale Departement van Waterwese en Sanitasie.

Die omvattende padnetwerk bly 'n kritieke bate van die Departement, met 'n vervangende koste waarde wat meer as R100 miljard beloop. Die belangrikheid van hierdie bate vir die ekonomiese groei van die Wes-Kaap word aangedui deur die feit dat die WKR in hierdie boekjaar alleen (2017/18) R3,405 miljard aan die konstruksie en instandhouding van vervoerinfrastruktuur toegewys het, wat 'n beduidende deel van die DVOW se besteding uitmaak. Die netwerk dra die grootste gedeelte van die verkeer in die provinsie en bied belangrike ekonomiese verbindings tussen gemeenskappe en streke.

Herstelwerk aan die historiese Swartbergpas is gedurende die jaar gemaak nadat 'n kitsvloed in April 2017 die gedeelte tussen die ingang van die pas op die Prins Alfred-kant en Tweede Water weggespoel het. Die herkonstruksiewerk het ongeveer R10 miljoen gekos en oor 'n jaar gestrek. Die herstel van hierdie ikoniese padverbinding tussen die Groot Karoo en die Klein Karoo sal na verwagting verreikende ekonomiese voordele vir die streek hê.

'n Groot ekonomiese drywer vir Prince Albert en Oudtshoorn is toerisme. Toerisme-aktiwiteite sluit jaarlikse besoeke aan die Swartbergpas in. Om hierdie rede was dit belangrik vir die DVOW en Prince Albert Munisipaleit om die pad te herstel. Die Swartbergpas het 'n belangrike alternatiewe roete tussen die Groot Karoo en die Klein Karoo geword deur Meiringspoort en Seweweekspoort, wat albei dikwels oorstromings gehad het. Hierdie "interne" projek het die aanstelling van 16 tydelike plaaslike werkers gehad. Een geskoolde werker het die muurherbouwerk gedoen. Die konstruksiespan wat verantwoordelik is vir die herbou van die muur het opleiding ontvang in die aanleg van pleisterborde om hul vaardighede te help ontwikkel. Toerusting-operateurs is ook gehuur wanneer nodig. Die res van die projekspan is uit interne hulpbronne by die Oudtshoorn Distrikpadingenieur (DRE) Kantoor en die Eden Distriksmunisipaliteit, opgemaak, wat die koste van die projek aansienlik verminder het. Die pas is in April 2018 geopen.

Werk is voortgesit op die projekte wat goedgekeur is gebaseer op hul bydrae tot ekonomiese groei en werkskepping in die Bate-reserwefonds:

- Toevoeging van 'n 3<sup>de</sup> baan op die N1 by Durbanweg-wisselaar;
- Padwerke om die Saldanhabaai Nywerheidsontwikkelingsone (NOS) toe te dien met die tweede fase van konstruksie wat gedurende hierdie jaar begin; en
- Die voorlopige ontwerp van die Wingfield-wisselaar-opgraderingsprojek het gedurende die jaar voortgegaan, in oorleg met verskeie tegniese belanghebbendes.

Die beplanningsfase vir die opgradering van die N7 tussen Potsdam en Melkbosstrand na snelwegstandaarde nader voltooiing.

Vernuwende maatreëls is by padkonstruksie terreine geïmplementeer om drinkbare water te spaar en nedrinkbare water te gebruik. Baie van die padprojekte wat gedurende die boekjaar onderneem is, was nie binne die groter munisipale gebiede van die Stad Kaapstad nie. Projekte wat deur waterbeperkings geraak is, was proaktief om die waterbehoefte vir konstruksieaktiwiteite te verminder, byvoorbeeld op die N1-

verbreidingprojek tussen Plattekloofweg en die Old Oak-wisselaar is boorgate by die konstruksierrein gesink. Die boorgate is nie ná konstruksie ontmantel nie, maar is gehou as reserwe waterbronne indien die Stad Kaapstad hul gebruik in die toekoms benodig.

Op die Annandale-pad opgradeerprojek in Stellenbosch was waterbeperrings wat destyds op Stellenbosch in werking was, nie so beswarend as dié wat deur die Stad Kaapstad ingestel is nie en munisipale water was vir die projek beskikbaar. 'n Bewuste besluit is egter geneem om eerder behandelde afvalwater uit Sandvlei Waterbehandelingswerke teen bykomende koste vir die projek te gebruik. As gevolg van hierdie besluit is ongeveer 20 miljoen liter drinkbare water op die projek gespaar.

Padkontrakte het verwysings na waterbeperrings ingesluit, aangesien kontrakteurs bewus moes wees van die belangrikheid om hul watergebruik tydens konstruksieaktiwiteite te verminder. Strenger kontrakmeganismes word ontwikkel om groter besparings vir toekomstige projekte te realiseer.

### *Diens: Bestuur en moniteer gesubsidieerde en gespesialiseerde openbare vervoerdienste*

Die DVOW het voortgegaan om 'n busdiens in die gebied van Stad Kaapstad gedurende hierdie oorsigtydperk te subsidieer en bestuur deur sy kontrak met die Golden Arrow-busdiens (GABS). Die elektroniese monitering van die diens het voortgegaan, wat die DVOW bemagtig om deurlopende diensverbeteringe te maak en betalings aan die operateur te verifieer.

Die subsidie word deur die toekenning vir openbarevervoerbedrywe (PTOG) befonds, wat met 5,97 persent toegeneem het, laer as die gekontrakteerde betalingskoers aan die gesubsidieerde busoperateur – 8,71 persent. Dit het gelei tot 'n afname in die aantal kilometers wat gesubsidieer kan word, sowel as die aantal gesubsidieerde dienste wat deur die operateur verskaf word. Die uitwerking van hierdie verandering was veral treffend op gebiede met 'n baie hoë diensaanvraag. Daarbenewens het die opskorting van Metrorail-dienste vir amper drie maande op die Sentrale Lyn 'n groot impak gehad, wat gelei het tot 'n merkbare toename in die aanvraag na busroetes langs die Sentrale Lyn, wat aansienlike druk op busbedrywigheede gedurende spits tyd veroorsaak het.

Daar heers steeds onsekerheid oor die opdrag van verantwoordelikheid van die Kaapse Metropolitaanse-gebied se gesubsidieerde busdiens aan die Stad Kaapstad. Die Stad se aansoek word steeds deur die Minister van Vervoer oorweeg.

Die vennootskap met die Stad Kaapstad ter ondersteuning van die Dial-a-Ride-diens is in die oorsigjaar voortgesit en word as 'n suksesvolle intervensie beskou om werk te maak van sommige van die openbare vervoerbehoefte van passasiers met spesiale behoeftes.

Die DVOW, saam met die Munisipaliteit van George en George Link ('n privaat maatskappy wat uit voormalige taxi- en minibus-operateurs bestaan) het voortgegaan om Fase 1, 2 en 3 van die Go George-busdiens te bestuur en verfyn, met fokus op die toenemende klante. Alhoewel daar 'n verdraging met die implementering van Fase 4 is, wat die gemeenskappe van Thembalethu, Borchers en Parkdene moet dien, is daar sedert Mei 2015 'n toename van 50 persent in reise op bestaande dienste. Verder is die vermoë van passasiers om kaartjies te koop, verbeter deur die uitgebreide

“kaartjievoetspoor”. Daar is nou 50 punte waar passasiers buite die bus kan kaartjies koop, wat dus die instaptyd verminder en plaaslike besighede en entrepreneurs in George bevorder. Met betrekking tot opleidingsinisiatiewe, het meer as 250 kandidate van die minibustaxibedryf bestuurdersopleiding ontvang en kan hulle as Go George-busbestuurders in diens geneem word. Noodhulp opleiding is ook aan 237 persone gegee en 31 mense het opleiding oor universele toegang ontvang. Hierdie opleiding sal voortgaan.

Verskeie infrastruktuurverbeteringe is gedurende die jaar onder oorsig vir die Go George-diens voltooi. Dit sluit in die vervaardiging van 'n bykomende 120 busskuilings, waarvan 51 geïnstalleer is. Daar was voorvalle van vandalisme van busskuilings, dus sal die oorblywende skuilings eers nader aan die volgende implementering van nuwe roetes geïnstalleer word. Nuwe sypaadjies (8,4 km) is in Knysna, Blanco, Courtney, York en Pacaltsdorp paaie voltooi. Vyf kruisings is met seine toegerus en die padverbeteringe word voortgesit. Belangriker nog, die opgradering van Nelson Mandela-boulevard is goed op dreef; die kontrakteur is in Junie 2017 aangestel en na verwagting sal die werk teen Junie 2018 klaar wees.

Die verkoop van 'n multi-reiskaartjie buite die bus is hierdie jaar bekendgestel, wat die publiek die geleentheid bied om afslag te kry deur “massa”-reise vooraf te koop. Daarbenewens het dit gehelp om die instaptye en die hoeveelheid kontant wat op busse gedra word te verminder.

Die DVOW is steeds sentraal in die bestuur en toesig oor die implementering van die Go George-diens, die finalisering van die bekendstelling en oudit van die Intelligente Vervoerinstellingstelsel (ITIS), en dit maak aansienlike vordering met die implementering van die Outomatiese Tariefinstellingstelsel (OTI), wat in die volgende finansiële jaar geïmplementeer sal word.

### *Diens: Koördineer en fasiliteer landvervoerveiligheid- en -nakomingsprogramme*

Die DVOW het geïntegreerde bewusmakingsveldtogte oor bestuurdervermoeidheid gehou wat daarop gemik is om bestuurders se gedrag te modifiseer ten einde die aantal noodlottige ongelukke in die Wes-Kaap te verminder.

Die Padveiligheidsimplementeringsprogram is gefinaliseer. Die DVOW sal gedurende 2018/19 die voorstelle vir die program evalueer en implementeer.

### *Diens: Reik bestuurslisensies uit aan bevoegde bestuurders*

Die DVOW werk steeds ten nouste saam met gemagtigde munisipaliteite om die standaard van die dienste wat hulle aan die publiek lewer, te verbeter. Toetsentrums vir bestuurderslisensies (BLTS'e) kon daarin slaag om die gemiddelde tyd wat 'n lid van die publiek moet wag om 'n leerlinglisensie te bekom na twee maande te verlaag, en die wagtydperk om 'n bestuurderslisensie te bekom na drie maande. Hierdie wagtydperke word as redelik beskou aangesien hulle aansoekers in staat stel om behoorlik vir eksaminering voor te berei en kan die waarskynlikheid verlaag van 'n hoë mislukkingskoers wat agterstande kan skep en wagtydperke kan verhoog.

Die DVOW verseker 'n veilige en toepaslik gereguleerde voertuig- en bestuurderpopulasie deur nakomingsinspeksies om bedrog te voorkom by toetsstasies vir voertuie (VTS'e) en BLTS'e.

### *Diens: Reik permitte uit vir abnormale vragvoertuie en geleenthede op openbare paaie*

Die DVOW het voortgegaan om gedurende 2017/18 abnormale vragvoertuigpermitte te prosessee en uit te reik.

'n Stelsel om die klassifikasie en registrasie van abnormale vragvoertuie meer vaartbelyn te maak, word tans ontwikkel en aansienlike vordering is reeds gemaak.

### *Diens: Registreer minibustaxi-operateurs en -verenigings*

Die Provinsiale Vervoerregistrator het oor algemene jaarvergaderings (AJV's) van minibustaxiverenigings toesig gehou soos deur die gestandaardiseerde minimumkonstitusie van verenigings en die Wes-Kaapse Wysigingswet op Landvervoer vereis word.

Memoranda van verstandhouding tussen die DVOW en industriestrukture wat minibustaxi-, metertaxi- en klein busoperateurs verteenwoordig, is in 2017/18 hersien.

### *Diens: Verskaf geskilbeslegtingsdienste in die openbare vervoerdomein*

Die ontwikkeling van 'n provinsiale konflikbestuur-aksieplan (CMAP) is gefinaliseer en deur belanghebbers geteken insluitende munisipaliteite, verkeersowerhede en die SAPD. Die CMAP verskaf ooreengekome interne prosedures wat gevolg moet word in gevalle van dispute tussen taxi-operateurs en -verenigings, en stel protokolle daar wat gevolg moet word deur alle regeringsbelanghebbendes in geval van gewelddadige konflikte in die openbare vervoerdomein.

Met minibustaxi-raadverkieings wat in 2017/18 gebeur het, het partykonflik en knoeieri vir uitvoerende posisies aan die gang gekom, met die verskyning van 'n liggaam genaamd die Minibustaxibedryfstakspan (MTITT) wat die geldigheid van die verkose provinsiale leierskap van SANTACO Wes-Kaap uitgedaag het. Die DVOW het tussenbeide getree deur 'n afgetrede Hoogste Hof van Appèl regter aan te stel om onafhanklik tussen die twee groepe te bemiddel en aanbevelings aan alle partye oor die interpretasie en toepaslikheid van betwiste grondwette oor die uitstaande verkiesings te gee.

e-Roepdienste soos Uber het groot ontwrigtings veroorsaak vir gevestigde metertaxi-ondernemings oral in die wêreld, en Suid-Afrika en die Wes-Kaap was geen uitsondering nie. Metertaxi-operateurs sowel as Uber-bestuurders het protesaksies teen Uber georganiseer en versoek dat die DVOW ingryp. Die DVOW het 'n interregeringstaakspan saam met Stad Kaapstad en die SAPD saamgestel om werk te maak van die vernane kwellinge wat deur alle partye geopper is, insluitend onwettige bedrywe (bedryf sonder 'n geldige bedryfslisensie) en die impak wat 'n oorvoorsiening van voertuie op metertaxi-operateurs sowel as Uber-vennote het. Die taakspan het op 'n plan van aksie ooreengekom wat 'n hersiening deur die PRE van wetgewing en praktyknotas insluit ten einde e-roepdienste te akkommodeer sowel as 'n gesamentlike afdwingingsplan en 'n



hersiening van die Stad se GVP om 3-roepdienste te akkommodeer en te reguleer. Die DVOW en die PRE het ook insette gegee oor die moontlike wysiging van die NLTA om duidelikheid oor e-roepdienste te gee en die manier waarop hulle gereguleer moet word.

Spanning tussen wettige en onwettige minibustaxi-operateurs bly 'n rede tot kommer, en die SAPD het voortgesette monitering van die situasie onderneem met die ondersteuning van Stad Kaapstad en DVOW Verkeerswetstoepassing. Blatante onwettige aksies soos die werwing van onwettige operateurs en die voorkoming van wettige operateurs om te werk het gelei tot die implementering van dissiplinêre maatreëls teen 'n aantal verenigings ingevolge die artikel 7(A)(20) van die WCRTA Wysigingswet wat deur die PRE ingestel is. Vrygrond Taxivereniging, wat met die Congress of Democratic Taxi Associations (CODETA) geaffilieer is, is een vereniging wat deur die Registrateur beboet is.

Konflik tussen lidverenigings en operateurs wat met die Cape Amalgamated Taxi Association (CATA) geaffilieer is, het tot geweld toegeem, met 'n aantal noodlottige skietgevalle wat direk met die konflik verband hou. Ingevolge die CMAP, het die SAPD beheer geneem van die situasies in Delft en Langa, met ondersteuning van die Stad Kaapstad en die DVOW, om wettige en onwettige operateurs te identifiseer en bemiddelingsdienste te verskaf. Die provinsiale Vervoerregistrator het 'n kennisgewing ingevolge artikel 91 van die NLTA voorberei wat die LUR vir vervoer en openbare werke in staat stel om 'n area te verklaar as een waarin buitengewone maatreëls toegepas mag word, met inbegrip van die sluiting van sekere staanplekke en roetes. Die vooruitsig dat staanplekke en roetes dalk gesluit kan word, was genoeg om al die partye by die onderhandelingsstafel te kry. 'n Ooreenkoms is met die hulp van 'n onafhanklike bemiddelaar bereik om die konflik op te los en 'n einde aan die geweld te maak, ten minste vir 'n rukkie. Die DVOW, in samewerking met die SAPD en die Nasionale Vervolgingsgesag (NVG) het sedertdien onderneem om die hoofsaake van hierdie konflikte te ondersoek en aan te pak, insluitend oorverhandeling, oorneem van roetes, en afpersingsdienste soos georganiseerde misdadigers.

### *Diens: Padveiligheidskommunikasie*

In 2017/18, is die Safely Home-kalender suksesvol onderhou ten spyte van fiskale uitdagings.

Uitbreiding van digitale aktiwiteite, veral sosiale media, is gebruik om die veldtog se reik te vergroot weens die relatief hoë vlakke van opbrengs op belegging wat beskikbaar is. 'n Aanlyn "influencer"-veldtog is vir die eerste keer op die kalender bygebring. Daarbenewens is goedkoper "guerrilla"-tipe advertensies geproduseer, wat indien moontlik vrywillige talent gebruik het. Aggressiewe onderhandeling van gebruiksregte sal ook in die toekoms koste bespaar.

Die batebasis van hoëgehalte-verkeersveiligheidsinhoud is gedurende die jaar aansienlik opgebou met verskeie groot kreatiewe ontwikkelinge wat plaasgevind het, insluitend 'n baie sterk klem op alkoholgebruik onder motoriste ter ondersteuning van die WKG se doel om alkoholskade te verminder:

- "Everybody Knows" het op drink en bestuur gefokus.
- "Boys" (RBT) het op drink en bestuur gefokus.

- "It Can Wait" het op afgeleide bestuur gefokus.
- "The Knock On Effect" het op spoed gefokus.
- "Man Up, Slow Down" (Ter ondersteuning van 16 Dae van Aktivisme) het op spoed gefokus.
- "It Can Wait 2" (Wêreld se grootste idioot) het op afgeleide bestuur gefokus.
- Pikkie Penguin animasie:
  - Spoed.
  - Kinder voetgangers.
  - Senior voetgangers.

Groot sukses ingevolge nasionale en internasionale erkenning was met die guerrilla-stuk "It Can Wait" bereik, wat tien-miljoen kyke gehad het, insluitend meer as 50 miljoen op die VK se Daily Mail Facebook-blad alleen. Die kalender het talle nasionale en internasionale toekennings gewen, insluitend 'n Brons Leeu by Cannes en verskeie Orchids (insluitend algehele Orchid van die Jaar 2017) en 'n verskeidenheid digitale kreatiewe toekennings.

Die Safely Home Opname Jaar 3 is in 2017/18 uitgevoer. Resultate het getoon dat padveiligheid stadig in die openbare bewussyn as 'n belangrike sosio-ekonomiese kwessie toeneem, maar aanwysers wys steeds dat bewustheid nie altyd in gedragsverandering oorsit nie. Insigte wat deur die opname verkry is, gaan voort om die beplanning en ontwikkeling van die kalender te bestuur. Gedurende die boekjaar is besondere aandag aan die oordra van resultate gegee, om op so 'n wyse plaas te vind dat padveiligheidsbelanghebbendes die bevindinge kan aanneem.

### *Diens: Verkeerswetstoepassing*

Terwyl die meeste privaat en openbare padgebruikers die reëls van die pad nakom, sal voortdurende en konsekwente verkeerswetstoepassing altyd nodig wees. Die impak van verkeerswetstoepassing kan verbeter word deur verbeterde toepassingsmaatreëls en - tegnieke, insluitend die gebruik van vernude toepassingstechnologie, asook geteikende padveiligheidsverbeteringe wat alle padgebruikers akkommodeer en doeltreffende openbare opvoeding en kommunikasieveldtogte.

### *Diens: Vernude regulatoriese- en toepassingsinisiatiewe*

#### **Padongeluksterftes**

In vergelyking met 2016/17, was daar 'n algehele toename in padongeluksterftes in die Wes-Kaap, insluitend alle munisipale gebiede. Voetgangersterftes bly steeds 'n groot bekommernis en verteenwoordig die hoogste bydraende faktor tot sterftes. Dit is egter bemoedigend om kennis te neem dat die statistieke in die tabel hieronder 'n vermindering van 4,75 persent in sterftes vir 2017/18 aandui vir hierdie spesifieke tipe padgebruiker.

Gedurende die afgelope jaar was die DVOW en ons vennote daaraan toegewy om die wetstoepassing-misie uit te voer deur geïntegreerde verkeers- en padveiligheidsinisiatiewe te lewer wat daarop gemik is om lewens te red. Terwyl ons ons visie nie bereik het nie: "Niemand moet op ons paaie beseer word of sterf nie", gaan ons voort om vordering te maak en waardevolle lesse te leer wat ons help om ons benadering

gereeld aan te pas. Alle pogings met betrekking tot deurlopende regulerende toepassing sal voortgaan om die ongeluk sterftes holisties te verminder.

| Padgebruiker            | 1 April 2016/17 | 31 Maart 2017/18 | Variansie (%) |
|-------------------------|-----------------|------------------|---------------|
| Fietsryer               | 30              | 16               | 46,67         |
| Bestuurder              | 249             | 284              | (14,06)       |
| Van voertuig afgeval    | 9               | 13               | (44,44)       |
| Motorfiets-agtersitplek | 2               | 2                | 0             |
| Motorfietsryer          | 66              | 72               | (9,09)        |
| Ander                   | 22              | 20               | 9,09          |
| Passasier               | 325             | 362              | (11,38)       |
| Voetganger              | 674             | 642              | 4,75          |
| <b>Totaal</b>           | <b>1 377</b>    | <b>1 411</b>     | <b>(2,47)</b> |

*Bron: DvG: Forensiese Patologiedienste*

*Let wel: Hakies dui op 'n toename in sterftes*

### Distriksveiligheidsplan

Die DVP is in September 2016 in samewerking met alle tersaaklike belanghebbendes in die Overberg Distrik geïmplementeer. Na die DVP in hierdie distrik geïmplementeer is, was daar 'n aansienlike vermindering in padsterftes in vergelyking met 2016/17.

As gevolg van die suksesvolle loodsprojek in die Overberg, het die WKR in vennootskap met die Stad Kaapstad in Januarie 2018 'n tweede DVP in Khayelitsha/ Lingeletu-Wesgebied geïmplementeer. Die klem op die veiligheid van voetgangers het 'n besondere betekenisvolle uitwerking op hierdie gebied gehad.

Die derde DVP wat vir die Weskus-gebied geormerk is, is gedurende 2017/18 beplan. Alle tersaaklike belanghebbendes is tot die inisiatief verbind, met volle bekendstelling na verwagting in 2018/19.

### Mobiele voertuigtoetseenhede (VTE)

Mobiele VTE wat deur die RTMC geborg is om verkeerswetstoepassing te help om op die plek voertuie se padwaardigheid te toets, is sedert hul implementering uiters suksesvol gewees.

Sewentig VTE -geïntegreerde bedrywe is in samewerking met plaaslike owerhede en die SAPD onderneem. Die VTE is vir 372 bedryfsure ontplooi. 'n Totaal van 1 932 voertuie is getoets, waarvan 612 artikel 44 Beëindigde Kennisgewings ontvang het, vier geskut is en twee bestuurders is in hegtenis geneem omdat hul onder die invloed bestuur het. Twee inhegtenisnemings vir bedrieglike dokumentasie is gemaak.

### Forensiese asemtoets vir alkohol en mobiele toetseenhede

Die Wes-Kaap was die eerste provinsie wat EBAT hervestig het met die vestiging van die Alkohol Bewysentrum by die Vangate Shared Resource-sentrum in Athlone. 'n Tweede Alkohol Bewysentrum is in Desember 2017 by die George Provinsiale Verkeersentrum in die N2-streek in bedryf gestel.

Suid-Afrika se eerste mobiele Ewekansige Asemtoetseenheid is deur die Department van stapel gestuur en word in daaglikse bedrywighede in die Overberg Distrik ontplooi. Die implementering van EAT in ander gebiede van die provinsie word ondersoek.

Weeklikse alkoholbedrywighede dwarsoor die provinsie bly 'n deurlopende geïntegreerde wetstoepassingsprioriteit. Die hoogste opname asem-alkoholtoets was 1.69mg/l, wat sewe keer oor die wettige perk is. Die EAT-projek het 'n aansienlike bydrae gemaak tot die arrestasies wat gemaak is om onder die invloed te ry.

### Inbeslagneming en arrestasies vir die besit van onwettige dwelms en mariene lewe

Verkeerswetstoepassing was by 'n aantal inhegtenisnemings betrokke met betrekking tot die besit van onwettige dwelms en onwettige mariene lewe wat tydens die 2017/18 finansiële jaar op provinsiale en nasionale roetes in die Wes-Kaap plaasgevind het.

| Dwelm tipe     | Mariene lewe tipe | Aantal inhegtenisnemings | Geskatte monetêre waarde (R) |
|----------------|-------------------|--------------------------|------------------------------|
| Dagga          | -                 | 17                       | 2 534 800                    |
| Mandrax        | -                 | 2                        | 13 600                       |
| Khat           | -                 | 1                        | 382 000                      |
| -              | Kreef             | 1                        | 720 000                      |
| -              | Perlemoen         | 8                        | 6 344 000                    |
| <b>Totaal:</b> |                   |                          | <b>9 274 400</b>             |

*Bron:* DVOW Provinsiale Verkeersrekords

### Provinsiale "Skimkorps"-bedrywe

Verkeerswetstoepassing het 'n toegewyde skimkorpsspan wat in die verskillende streke met ongemerkte patrollievoertuie werksaam is om roekelose en nalatige bestuur, bewegende oortredings, asook verdagte aktiwiteite wat handel oor die vervoer van onwettige dwelms en ander stowwe, aan te pak.

### Vermoeienis-bewusmakingsveldtog

Moegheid het 'n groot rol gespeel in die toenemende aantal padongelukke oor die afgelope paar jaar, spesifiek op die N1-roete wat nie baie stoppe tussen dorpe bied sodat bestuurders die geleentheid het om voldoende te rus óf selfs hul reise op 'n veilige plek te onderbreek nie. Die implementering van 'n vermoeienis-bewusmakingsveldtog het die DVOW se Verkeerswetstoepassing gehelp om die risiko van bestuur terwyl die bestuurder moeg is, te verminder.

### Nuwe tegnologiese hulpbronne

Verkeerswetstoepassingspatrollievoertuie is aangepas om inligtingstelsels binne die voertuig te hê wat verkeersbeamptes toelaat om die wet op 'n slimmer, meer doeltreffende, en meer betroubare wyse toe te pas. Die stelsel neem operasionele inligting en statistieke op, wat in die Tak-besigheidsintelligensiestelsel ingevoer word vir verbeterde beplanning en implementering van hulpbronne.

## Media skakeling

Mediakommunikasie is 'n deurlopende prioriteit en 'n totaal van 716 radio-onderhoude en 16 televisie-aangeleenthede is gedurende die boekjaar met plaaslike radio- en televisiestasies uitgevoer. Spesiale uitsendings is gereeld op radio gedoen. Hierdie media-aangeleenthede het motoriste in kennis gestel van padtoestande, verkeerspatrone en ander inligting wat hul kan help om hul reise te beplan. Persvystellings is weekliks aan plaaslike koerante uitgereik. Tersaaklike materiaal is op sosiale media-platforms gepubliseer en onder andere is daar bewusmaking geskep oor sitplekgordels, alkohol, sigbaarheid, spoed, voetgangersveiligheid en die EAT-projek. Daar was oor die 1,3 miljoen kyke oor tersaaklike materiaal op Facebook en die video #ItCanWait op YouTube het steeds die hoogste volgelingskoers onder alle soortgelyke padveiligheidsbewusmakingsvideo-materiaal wat op Twitter, YouTube en Facebook beskikbaar is.

## 2.2 Diensleweringverbeteringsplan (DLVP)

### Diensleweringverbeteringsplan

Die DVOW het 'n DLVP ontwikkel vir die MTUR-tydperk 2016/17 – 2019/20 wat geïnformeer is deur sy strategiese plan en ooreenstem met sy JPP 2016/17. Die DLVP het ten doel om werk te maak van die volgende twee diensverbeteringsareas: PNB en padveiligheidsbestuur (PVB).

#### *Diens 1 vir PNB: Bestuur identifisering van opgraderingsprojekte vir ontwerpgoedkeuring vir grondpaaie*

Die Padbatestuursplan (PBBP) beskryf die status van provinsiale paaie en die effek van huidige belegging in paaie op die toekomstige toestand van die netwerk. Die PBBP het aangedui dat die algemene toestand van grondpaaie voortgegaan het om agter uit te gaan weens die onvoldoende hoeveelheid finansiële hulpbronne wat benodig word om die hele netwerk tot aanvaarbare standarde in stand te hou, sowel as voortslepende probleme met die opsporing van goedgekeurde gruisgroewe.

'n Ondersoek om die "Besluitnemingsproses" te optimaliseer is vir die goedkeuring van ontwerpe vir projekte om grondpaaie te verbeter, geïmplementeer. Hierdie nuwe sakeproses beoog om die keuringsproses te optimaliseer. Dit gaan egter nie die agterstand in grondpaaie uitroei nie, en dit sal ook nie die jaarlikse agteruitgang van grondpaaie aanpak nie. Die DVOW het 'n gevallestudie van HW538 onderneem, wat die vernaamste rolspelers soos boere (aartappels en sitrus), trokbestuurders en die provinsiale Departement van Landbou betrek het om die besluitnemingsproses oor of 'n grondpad opgegradeer moet word na 'n teerpad, aan te spreek en te fasiliteer.

#### *Diens 2 vir PVB: Verskerp padveiligheidsbewustheid onder die publiek*

Padveiligheidsbewusmakings- en ingrypingsprogramme wat spesifiek op skole en gemeenskappe gefokus is, is dwarsoor die provinsie geïmplementeer, in noue samewerking met ander departemente, veral die WKOD.

Die DVOW het voortgegaan om vennootskappe met eksterne belanghebbendes soos SANRAL en die Padongeluksfonds te vestig en handhaaf om die breër publiek te bereik om sodoende padgebruikers se gedrag te beïnvloed en dus die welstand van alle inwoners te verbeter.

Die voorsiene diensverbetering behels die aankweek van beter padgebruikergedrag deur opvoedingsingrypings om bewustheid van padveiligheid te skep vanaf die basislyn van 440 in 2015/16 tot 690 in 2019/20. Die geteikende getal ingrypings vir 2017/18 was 670, terwyl 764 ingrypings bereik is.

Tabelle 9 tot 13 lig die departement se DLVP-prestasies in 2017/18 toe.

**Tabel 9: Hoofdiensite verskaf en standaarde**

| Hoofdiensite  | Begunstigdes                         | Basisjaar: 2015/16   | Diensstandaard teen einde 2016/17                                 | Verlangde diensstandaard vir 2017/18                  | Werklike prestasie: 2017/18                           |
|---|--------------------------------------|--|---|---|---|
| Bestuur identifisering van opgraderingsprojekte vir ontwerpgoedkeuring. | Inwoners, boere, ander padgebruikers | Tans is daar geen proses vir die identifisering van projekte nie. Gevolglik is altesame 45 (oor-toegewyde) opgraderingsprojekte vir ontwerpgoedkeuring geïdentifiseer. | 6 opgraderings-projekte is vir ontwerpgoedkeuring geïdentifiseer. | 20 geïdentifiseerde projekte vir ontwerpgoedkeuring.  | 4 projekte geïdentifiseer vir ontwerpgoedkeuring.     |
| Verskerp padveiligheidsbewustheid onder die publiek.                    | Algemene publiek en skole            | 440 padveiligheidsopvoedings-bewusmakingsveldtogte is uitgevoer.   | 782 padveiligheidsopvoedings-ingrypings is uitgevoer.             | 670 padveiligheidsopvoedings-ingrypings is uitgevoer. | 764 padveiligheidsopvoedings-ingrypings is uitgevoer. |

**Tabel 10: Batho Pele-reëlins met begunstigdes (agt beginsels: oorlegpleging, toegang, ens.)**

| Huidige reëlins: 2016/17   | Verlangde reëlins 2017/18  | Werklike prestasie 2017/18         |
|--|--|------------------------------------|
| <b>Bestuur identifisering van opgraderingsprojekte vir ontwerpgoedkeuring.</b>   |  |                                    |
| <b>Oorlegpleging:</b>  | <b>Oorlegpleging:</b>  | <b>Oorlegpleging:</b>              |
| <p>Kliënte word geraadpleeg deur:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>Takvergaderings en velldata;</li> <li>Deighton se omvattende stelsel vir die bestuur van infrastruktuur (DTIMS);</li> <li>Verslag oor padnetwerkbewaring;</li> <li>Departementele intranet en internet;</li> <li>Departementele belanghebberverhoudinge;</li> <li>DVOW-nuusbrief;</li> <li>Diensmanifes; en</li> <li>Reklameborde.</li> </ul> | <p>Kliënte word geraadpleeg deur:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>Gesamentlike beplanningsinisiatiewe (JPI'e);</li> <li>Takvergaderings;</li> <li>Oorlegpleging met distriksmunisipaliteite;</li> <li>Velldata;</li> <li>Skakeling met ander padowerhede;</li> <li>Departementele belanghebberverhoudinge;</li> <li>DVOW-nuusbrief;</li> <li>Diensmanifes; en</li> <li>Reklameborde.</li> </ul> | Die verlangde standaard is behaal. |

| Huidige reëlings: 2016/17  | Verlangde reëlings 2017/18  | Werklike prestasie 2017/18         |
|--|---|------------------------------------|
| <b>Hoflikheid:</b>   | <b>Hoflikheid:</b>  | <b>Hoflikheid:</b>                 |
| Hoflikheid word gerapporteer en gemeet deur: <ul style="list-style-type: none"> <li>• Departementele belanghebberverhoudinge;</li> <li>• Hoofkantoor; en</li> <li>• DPI-kantore.</li> </ul>  | Hoflikheid word gerapporteer en gemeet deur: <ul style="list-style-type: none"> <li>• Departementele belanghebberverhoudinge;</li> <li>• Hoofkantoor; en</li> <li>• DPI-kantore.</li> </ul>   | Die verlangde standaard is behaal. |
| <b>Waarde vir geld:</b>  | <b>Waarde vir geld:</b>   | <b>Waarde vir geld:</b>            |
| Ekonomiese aanslag van elke projek   | Ekonomiese aanslag van elke projek  | Die verlangde standaard is behaal. |
| <b>Verskerp padveiligheidsbewustheid onder die publiek.</b>  |   |                                    |
| <b>Oorlegpleging:</b>  | <b>Oorlegpleging:</b>   | <b>Oorlegpleging:</b>              |
| Kliënte word geraadpleeg deur: <ul style="list-style-type: none"> <li>• Vergaderings met kliënte en belanghebbers; en</li> <li>• Indaba-sessies oor geïntegreerde ontwikkelingsplanne (GOP'e).</li> </ul>  | Kliënte word geraadpleeg deur: <ul style="list-style-type: none"> <li>• Fokusgroepvergaderings met geselekteerde belanghebbers; en</li> <li>• GOP-Indabasessies.</li> </ul>   | Die verlangde standaard is behaal. |
| <b>Toegang:</b>  | <b>Toegang:</b>   | <b>Toegang:</b>                    |
| Die diens is toeganklik: <ul style="list-style-type: none"> <li>• Hoofkantoor: Waalstraat 35, Kaapstad;</li> <li>• Beaufort-Wes-verkeersentrum;</li> <li>• George-verkeersentrum; en</li> <li>• Vredenburg-verkeersentrum.</li> </ul>              | Die diens is toeganklik: <ul style="list-style-type: none"> <li>• Hoofkantoor: Waalstraat 35, Kaapstad;</li> <li>• Beaufort-Wes-verkeersentrum;</li> <li>• George-verkeersentrum; en</li> <li>• Vredenburg-verkeersentrum.</li> </ul> | Die verlangde standaard is behaal. |
| <b>Hoflikheid:</b>   | <b>Hoflikheid:</b>  | <b>Hoflikheid:</b>                 |
| Hoflikheid word gerapporteer en gemeet deur: <ul style="list-style-type: none"> <li>• Verslag en gemaklike toegang tot direktoraat bestuur;</li> <li>• Departementele belanghebberverhoudinge; en</li> <li>• Deur Arrive Alive-webwerf.</li> </ul> | Hoflikheid word gerapporteer en gemeet deur: <ul style="list-style-type: none"> <li>• Benutting van Safely Home Reporter en/of webwerf; en</li> <li>• Departementele belanghebberverhoudinge.</li> </ul>                              | Die verlangde standaard is behaal. |



| Huidige reëlings: 2016/17  | Verlangde reëlings 2017/18   | Werklike prestasie 2017/18                             |
|--|--|--|
| <b>Openheid en deursigtigheid:</b>   | <b>Openheid en deursigtigheid:</b>   | <b>Openheid en deursigtigheid:</b>                     |
| Openheid en deursigtigheid word behaal deur: <ul style="list-style-type: none"> <li>• Jaarlikse prestasieplan;</li> <li>• Jaarverslag;</li> <li>• Jaarverslag aan burgers;</li> <li>• Intranet en Internet;</li> <li>• JPI'e;</li> <li>• GOP-Indaba-sessies; en</li> <li>• Openbare vergaderings.</li> </ul> | Openheid en deursigtigheid word behaal deur: <ul style="list-style-type: none"> <li>• Jaarlikse prestasieplan;</li> <li>• Jaarverslag;</li> <li>• Jaarverslag aan burgers;</li> <li>• Intranet en Internet;</li> <li>• JPI'e;</li> <li>• GOP-Indaba-sessies; en</li> <li>• Openbare vergaderings.</li> </ul> | Die verlangde standaard is behaal.                     |
| <b>Waarde vir geld:</b>  | <b>Waarde vir geld:</b>  | <b>Waarde vir geld:</b>                                |
| Verbetering nodig in die personeelhulpbronne by die Weskus- en Eden-kantore.   | Verbetering nodig in die personeelhulpbronne by die Weskus- en Eden-kantore.   | Eden: 2 hulpbronne verkry.<br>Weskus: nog niemand nie. |

**Tabel 11: Diensinligtingwerktuig**

| Huidige/werklike inligtingswerktuie  | Verlangde inligtingswerktuie   | Werklike prestasies                |
|--|--|------------------------------------|
| <b>Bestuur identifisering van opgraderingsprojekte vir ontwerpgoedkeuring.</b>   |  |                                    |
| Inligting word gekommunikeer deur: <ul style="list-style-type: none"> <li>• DVOW se jaarlikse prestasieplan;</li> <li>• Jaarverslag;</li> <li>• Jaarverslag aan burgers;</li> <li>• Internet en Intranet;</li> <li>• Interne en eksterne nuusbrief;</li> <li>• Reklameborde;</li> <li>• DTIMS;</li> <li>• Bewaringsverslag;</li> <li>• JPI'e; en</li> <li>• Diensmanifes.</li> </ul> | Inligting word gekommunikeer deur: <ul style="list-style-type: none"> <li>• DVOW se jaarlikse prestasieplan;</li> <li>• Jaarverslag;</li> <li>• Jaarverslag aan burgers;</li> <li>• Internet en Intranet;</li> <li>• Interne en eksterne nuusbrief;</li> <li>• Reklameborde;</li> <li>• DTIMS;</li> <li>• Bewaringsverslag;</li> <li>• JPI'e; en</li> <li>• Diensmanifes.</li> </ul> | Die verlangde standaard is behaal. |

| Huidige/werklike inligtingswerktuie  | Verlangde inligtingswerktuie  | Werklike prestasies                |
|--|---|------------------------------------|
| <b>Verskerp padveiligheidsbewustheid onder die publiek.</b>  |   |                                    |
| Inligting word gekommunikeer deur: <ul style="list-style-type: none"> <li>• Jaarlikse prestasieplan;</li> <li>• Internet en Intranet;</li> <li>• Jaarverslag;</li> <li>• Jaarverslag aan burgers;</li> <li>• Openbare vergaderings;</li> <li>• Uitstallings;</li> <li>• Bewusmakingsingrypings;</li> <li>• Radio-advertensies;</li> <li>• Sosiale media;</li> <li>• Pamflette;</li> <li>• Brosjures;</li> <li>• Diensmanifes;</li> <li>• E-pos;</li> <li>• Interne en eksterne nuusbrief;</li> <li>• Reklameborde;</li> <li>• Strooibiljette;</li> <li>• Persverklarings; en</li> <li>• Thusong-sentrums.</li> </ul> | Information is communicated through: <ul style="list-style-type: none"> <li>• Jaarlikse prestasieplan;</li> <li>• Internet en Intranet;</li> <li>• Jaarverslag;</li> <li>• Jaarverslag aan burgers;</li> <li>• Openbare vergaderings;</li> <li>• Uitstallings;</li> <li>• Bewusmakingsingrypings;</li> <li>• Radio-advertensies;</li> <li>• Sosiale media;</li> <li>• Pamflette;</li> <li>• Brosjures;</li> <li>• Diensmanifes;</li> <li>• E-pos;</li> <li>• Interne en eksterne nuusbrief;</li> <li>• Reklameborde;</li> <li>• Strooibiljette;</li> <li>• Persverklarings; en</li> <li>• Thusong-sentrums; en</li> <li>• "Safely Home Reporter" en -webwerf</li> </ul> | Die verlangde standaard is behaal. |

**Tabel 12: Klagtemeganisme**

| Huidige/werklike klagtemeganisme   | Verlangde klagtemeganisme   | Werklike prestasies                |
|--|---|------------------------------------|
| <b>Bestuur identifisering van opgraderingsprojekte vir ontwerpgoedkeuring.</b>   |   |                                    |
| Klagtes/ voorstelle/ komplimente/ navrae word geregistreer en gemoniteer deur: <ul style="list-style-type: none"> <li>• Paneelbesprekings;</li> <li>• JPI'e;</li> <li>• Departementele belanghebberverhoudinge.</li> </ul> | Klagtes/voorstelle/komplimente/navrae word geregistreer en gemoniteer deur: <ul style="list-style-type: none"> <li>• Paneelbesprekings;</li> <li>• JPI'e;</li> <li>• Departementele belanghebberverhoudinge.</li> </ul> | Die verlangde standaard is behaal. |
| <b>Verskerp padveiligheidsbewustheid onder die publiek.</b>  |   |                                    |
| Klagtes/ voorstelle/ komplimente/ navrae word regstreeks by en deur bestuur geregistreer en gemoniteer.  | Klagtes/ voorstelle/ komplimente/ navrae word geregistreer en gemoniteer: <ul style="list-style-type: none"> <li>• Regstreeks by en deur bestuur; en</li> <li>• Deur "Safely Home Reporter" en -webwerf.</li> </ul>     | Die verlangde standaard is behaal. |

**Tabel 13: Aansoeke ingevolge Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting (PAIA) vergun ingevolge artikel 46**

| No.          | Besonderhede van inligting versoek   | Datum waarop versoek ontvang is | Datum waarop uitstel vergun is * | Datum waarop versoek toegestaan is |
|--------------|--|---------------------------------|----------------------------------|------------------------------------|
| 1/2017/2018  | Rekords met betrekking tot alle UBER-bedryfslisensies  | 05.04.2017                      | 02.05.2017                       | 12.05.2017                         |
| 2/2017/2018  | Rekords met betrekking tot alle Weskus Swartland Taxiverenigings   | 24.04.2017                      | 23.05.2017                       | 13.06.2017                         |
| 3/2017/2018  | Bedryfslisensies: OLB 501654/5   | 10.07.2017                      | 11.08.2017                       | 24.08.2017                         |
| 4/2017/2018  | Bedryfslisensies: OLB 504056/2   | 04.07.2017                      | 30.08.2017                       | 20.09.2017                         |
| 5/2017/2018  | Kwalifikasies van mnr. VB Le Vack  | 07.08.2017                      | n.v.t.                           | 24.08.2017                         |
| 6/2017/2018  | HW191 Opgradering in Paarl   | 14.08.2017                      | 29.09.2017                       | 07.11.2017                         |
| 7/2017/2018  | Tender S215/15   | 13.10.2017                      | 30.10.2017                       | 28.11.2017                         |
| 8/2017/2018  | Tenderdokumente ingedien deur Generation Education Edms (Bpk) vir gedeelte 1 van Erf 3331, Constantia  | 21.11.2017                      | 15.12.2017                       | 02.02.2018                         |
| 9/2017/2018  | HW191 Opgradering insluitend oorhoofse brug en dienspad  | 07.12.2017                      | 03.01.2018                       | 22.02.2018                         |
| 10/2017/2018 | Tender S002/17   | 25.01.2018                      | n.v.t.                           | 16.02.2018                         |
| 11/2017/2018 | Versoek vir afskrifte van verskeie bedryfslisensiepermitte   | 29.01.2018                      | n.v.t.                           | 23.02.2018                         |
| 12/2017/2018 | Afskrif van Permit: CEY17979   | 18.01.2018                      | n.v.t.                           | 02.03.2018                         |
| 13/2017/2018 | Bedryfslisensie-aansoek vir David Busdienste   | 06.02.2018                      | n.v.t.                           | 07.03.2018                         |
| 14/2017/2018 | Al die riglyne van die beplanningsowerhede wat aan die Wes-Kaapse PRE gelewer is ten opsigte van die volgende bedryfslisensies: 8389589, 8389596, 8389479, 8389482 | 28.02.2018                      | n.v.t.                           | 26.03.2018                         |
| 15/2017/2018 | Projek C749: Opgradering van provinsiale pad tussen Franschoek en Paarl insluitende die voorgestelde herbelyning van HW191   | 26.02.2018                      | 27.03.2018                       | Lopend                             |
| 16/2017/2018 | SA Roadlink Edms (Bpk): Kansellasië van bedryfslisensies wat nie inwerking is nie  | 19.03.2018                      | -                                | Lopend                             |
| 17/2017/2018 | Rekords met betrekking tot die hersiening van 'n besluit oor die oordrag van bedryfslisensie No 508440/10  | 23.03.2018                      | -                                | Lopend                             |

Let wel: Uitstel vergun ingevolge artikel 26 van PAIA.

## 2.3 Organisasoriese omgewing

### Herstrukturering

Gedurende die oorsig jaar is die makro- en mikrostruktuur van die hoofdirektoraat: PNB ontwerp. Die doel met die nuwe organisasiestruktuur is om die padnetwerkprogram, beplannings-, ontwerp-, konstruksie- en instandhoudingsfunksies vaartbelyn te maak, sodat die tak meer reagerend op staatswye doelwitte kan wees en die gebruik van interne en eksterne hulpbronne kan optimaliseer. Werkevaluering van alle poste op die mikrostruktuur is in Desember 2017 afgehandel.

### Organisasoriese uitdagings

Die DVOW het 'n Strategiese Talentplan (STP) vir die volgende vyf tot 10 jaar ontwikkel om in 2018/19 geïmplementeer te word. Die doel van die STP is om die regte hoeveelheid mense, op die regte tyd, op die regte plek te hê wat gewillig is, in staat is, wil en toegelaat word om te presteer, waardeur die organisasie waarde vir sy belanghebbendes kan ontsluit en kan laat groei. 'n Kritieke uitkoms van die STP op 'n strategiese vlak is om die strategiese uitkomsgebaseerde doele en strategiese doelwitte van die DVOW te behaal. Talent en effektiewe talentbestuur speel 'n toenemend belangrike rol in die vermoë van 'n organisasie om suksesvol te wees en volhoubaar te kompeteer en / of waarde toe te voeg. Die STP stel die departement in staat om:

- Tydige implementering van strategie binne die beskikbare geleentheid;
- Vermoë om te kapitaliseer op toekomstige geleenthede en uitdagings;
- Lewering van voorste-, vernuwende- en toonaangewendedienste en produkte; en
- Bereiking en die vermoë om operasionele uitnemendheid te onderhou.

In die verkeerswetstoepassingsomgewing ding die DVOW mee met plaaslike owerhede om graduandi vanuit sy eie Gene Louw-verkeerskollege te lok. DVOW het gepoog om sy dienslewingskapasiteit te versterk deur werwing vir geteikende poste wat geïntegreerde dienslewering en goeie staatsbestuur bevorder. Vordering was egter stadiger as verwag weens probleme met die vulling van hierdie poste as gevolg van vergoeding van werknemers begrotingsbeperkings.

Die ongekende droogtekrisis het daartoe gelei dat die DVOW sleutel personeel gesekondeer het om aan WKR-versagtingsinisiatiewe deel te neem en het, as 'n spesifieke ingryping, die Adjunk-Direkteur-Generaal: Provinsiale Openbare Werke gesekondeer om die provinsiale regering se water-besigheidskontinuiteit-reaksie te lei. Dit het die komponent wat hy bestuur beïnvloed, wat vereis het dat tussentydse aanpassings aan die reëlins vir verslagdoening op 'n seniorvlak in die program gemaak word.

### Organisasoriese suksesse

In samewerking met die SKD, het die DVOW vyf talentsoeker-beamptes op driejaar-kontrakte aangestel om die DVOW met sy werwingspoging van hulp te wees.

Wat die billike indiensneming betref, het die DVOW vordering gemaak om sy manlike oorheersende personeelgetal aan te pak deur vroue op senior vlakke aan te stel.

Die numeriese teikens ingevolge die DVOW-goedgekeurde Diensbillikheidsplan (EE): 2017 – 22 vir die tydperk 1 April 2017 tot 31 Maart 2018 (Jaar 1 van die EE-plan) word in die tabel hieronder aangedui.

| Beroepsvlak   | Manlik     |            |           |            | Vroulik    |            |          |            | Buitelandse burgers |          | Totaal       |
|---|------------|------------|-----------|------------|------------|------------|----------|------------|---------------------|----------|--------------|
|   | S          | B          | I         | W          | S          | B          | I        | W          | Manlik              | Vroulik  |              |
| Top bestuur   | 0          | 1          | 0         | 1          | 0          | 1          | 0        | 1          | 0                   | 0        | <b>4</b>     |
| Senior bestuur  | 4          | 13         | 3         | 13         | 4          | 7          | 0        | 5          | 0                   | 0        | <b>49</b>    |
| Professioneel gekwalifiseerde en ervare spesialiste en middelbestuur  | 40         | 91         | 6         | 67         | 36         | 60         | 0        | 24         | 0                   | 0        | <b>324</b>   |
| Geskoolde tegniese en akademies gekwalifiseerde werkers, junior bestuur, toesighouers, voormanne en superintendente | 159        | 331        | 3         | 99         | 136        | 280        | 4        | 80         | 0                   | 0        | <b>1 092</b> |
| Semi-vaardige en diskresionêre besluitneming  | 74         | 148        | 1         | 33         | 64         | 133        | 2        | 34         | 0                   | 0        | <b>489</b>   |
| Ongekwalfiseerde en omskrewre besluitneming   | 163        | 170        | 1         | 11         | 54         | 84         | 0        | 9          | 0                   | 0        | <b>492</b>   |
| <b>Totaal permanent</b>   | <b>440</b> | <b>754</b> | <b>14</b> | <b>226</b> | <b>294</b> | <b>564</b> | <b>6</b> | <b>153</b> | <b>0</b>            | <b>0</b> | <b>2 451</b> |
| Tydlike werknemers  | 0          | 0          | 0         | 0          | 0          | 0          | 0        | 0          | 0                   | 0        | 0            |
| <b>Groot totaal</b>   | <b>440</b> | <b>754</b> | <b>14</b> | <b>226</b> | <b>294</b> | <b>564</b> | <b>6</b> | <b>153</b> | <b>0</b>            | <b>0</b> | <b>2 451</b> |

Om werkgeelykheid te behaal, is 'n deurlopende proses wat stelselmatige aandag vereis. DVOW werk hard daaraan om 'n demografiese verteenwoordigende en billike werksmag te skep en 'n kultuur in die werksplek wat respek vir menswaardigheid toon. Terwyl die verpligte VVW-riglyne en die gebrek aan beskikbare professionele persone binne die aangewese groepe in die beboede-omgewing 'n negatiewe uitwerking op die bereiking van EE-teikens gehad het, het die afname in nie-aangewese groeptotale, as gevolg van aftrede binne senior- en top bestuurskategorieë, die werwing van individue uit aangewese groepe tot 'n mate moontlik gemaak. Tabel 3.5.1 in Deel D weerspieël die EE-status aan die einde van die verslagdoeningstydperk.

Bemagtiging bly steeds 'n topprioriteit op die DVOW se ontwikkelingsagenda en strek oor alle funksies en programme heen. In die oorsigjaar het die DVOW werk- en ontwikkelingsgeleenthede geskep om bemagtiging te bevorder en om die voorsiening van skaarsvaardighede in die bou-omgewing te versterk.

Gedurende die verslagtydperk het 75 personeellede ondersteuning deur die personeelbeursskema ontvang, en deur die departementele werkplekvaardighedeplan, was h verdere 1 060 in staat om hul akademiese kwalifikasies en vaardighede te verbeter.

Die relatief hoë gemiddelde ouderdom van professionele persone, groot deel van ongeregistreerde tegniese personeel en tekort aan geregistreerde professionele persone in Suid-Afrika belemmer die proses om tegniese vakante poste te vul. Om te help met die professionalisering van die vervoer-, konstruksie- en ingenieursomgewing van die ses statutêre liggame dek die POP tans beroepe wat deur vier van hierdie liggame beheer word: ECSA, die Suid-Afrikaanse Raad vir die Argitektuurprofessie (SACAP), Suid-Afrikaanse

Raad vir Projek- en Konstruksiebestuursberoepe (SACPCMP), en die Suid-Afrikaanse Raad vir Bourekenkundeberoep (SACQSP). Daarbenewens ondersoek die program die maandelike insluiting van die Suid-Afrikaanse Raad vir die Eiendoms waardeerdersprofessie (SACPVP) om te help met die professionele registrasie van amptenare wat met eiendom werk. Die belangrikheid van professionalisering van die eiendomsinfrastruktuur beroep word nog nie in die Beroepspesifieke Dispensasie vir ingenieurs en verwante professionele persone erken nie.

### Bedankings/ aanstellings

Die eerste vroulike DVOW hoof- finansiële beampte (HFB) is aangestel nadat die voormalige bekleër aan die einde van Mei 2017 afgetree het. Die nuwe HFB het op 1 Junie 2017 diens aanvaar. Die Adjunk-Direkteur-Generaal: Strategie, Beplanning en Koördinerings het gedurende die verslagtydperk afgetree.

### Stakings

Drie werknemers het aan die Congress of South African Trade Unions (COSATU) staking deelgeneem wat op 7 September 2017 plaasgevind het. Dit is as 'n "geen-werk-geen-betaling" gebeurtenis hanteer, in ooreenstemming met die beleid.

### Stelselings

Die toepassingstatus van die stelsel word voortdurend gemoniteer en die nodige word gedoen om die stelsel stabiel te hou.

Die DVOW se BizProjects-program loop op 'n gedeelte omgewing met die ander provinsiale BizProjects-gevalle en word bestuur deur die dwarsliggende toepassingondersteuningskomponent van CE-I. Stelselings is ervaar weens netwerkprobleme. Alhoewel daar aanvanklik probleme was om die BizSuite op te gradeer om in 'n wolk-omgewing te loop, het die omgewing grootliks gestabiliseer.

### Gevalle van bedrog of korrupsie

Gevalle van bedrog of korrupsie vir die oorsigjaar word in die provinsiale forensiese diens (PFD) se sertifikaat oor vordering met sake hieronder beskryf.

| Gevalle                                   | Aantal gevalle |
|---|----------------|
| Onafgehandelde sake soos op 1 April 2017  | 5              |
| Nuwe sake (2017/18)                       | 6              |
| Afgehandelde sake (2017/18)               | (1)            |
| Sake verwys (2017/18)                     | (1)            |
| Onafgehandelde sake soos op 31 Maart 2018 | 9              |

## 2.4 Vername beleidsontwikkelings en veranderings aan wetgewing

Die Wes-Kaapse Wysigingswet op Provinsiale Verkeersadministrasie is op 12 September 2016 in konsepvorm vir openbare kommentaar gepubliseer. Kommentaar wat ontvang is,

is ontleed en aan die LUR voorgelê en goedkeuring is verkry om die kabinet te versoek om die wetsontwerp aan die wetgewer voor te lê.

### 3 Strategiese uitkomsgeoriënteerde doelstellings

Die departement se strategiese uitkomsgeoriënteerde doelstellings, en vordering wat gemaak is om die teikens in die vyfjaar- strategiese plan te behaal, word hieronder uiteengesit.

#### Strategiese uitkomsgeoriënteerde doelstelling 1: Maksimeer bemagtiging en werkskepping in die Wes-Kaap.

##### **Doelstellingverklaring:**

Om deur ontwikkelingsprogramme en infrastruktuurinvestering in die Wes-Kaap bemagtiging en werkskepping teen 31 Maart 2020 te maksimeer.

##### **Regverdiging:**

Strategiese intervensie wat deur alle regeringsfere geïdentifiseer is om die oogmerk om werkloosheid en armoede te halveer ooreenkomstig met die nasionale ontwikkelingsplan (NOP).

##### **Koppelings met PSD:**

Provinsiale strategiese doelwitte 1; 2; 4 en 5.

Om verder die WKR se Vaardighede "game-changer" te ondersteun, is daar betekenisvolle belegging gemaak om te verseker dat inwoners aan die infrastruktuursektor kan deelneem. Die DVOW se fokus op werklose jeug deur verskeie opleidingsareas in konstruksie en ingenieurswese soos loodgieterswerk, messelwerk en padwerke, laat jongmense toe om toegang tot beroepsvaardighede en ondervinding te kry om aan die ekonomie deel te neem.

Die volgehoue implementering van die DOP aan opkomende kontrakteurs dra by tot die vermoë om die werk professioneel te verrig, met betrekking tot sakevaardighede, bestuur en tender.

Die bemagtiging van taxi- en busoperateurs en die talle opleidings- en bewusmakingsprogramme vir beide die taxi- en busbedrywe, beoog om die vermoë en professionaliteit van hierdie bedryf te bemagtig en ontwikkel, terwyl die doeltreffendheid van die openbare vervoerstelsel verbeter word.

Die koördinerings van die UOWP in die Wes-Kaap het ook verseker dat die teikens wat nasionaal vir werkseleenthede gestel is, behaal is. Ondersteuningstrategieë word by die UOWP-implementeringsliggame in die provinsie ontplooi ten einde gestelde teikens te behaal.

Empla's op departementele kapitaalprojekte ter waarde van meer as R5 miljoen is aangegaan en 'n aantal van hierdie projekte is onderworpe aan evaluering om te bepaal of bemagtigingsdoelwitte behaal is.



**Strategiese uitkomsgeoriënteerde doelstelling 2: Bestuur provinsiale infrastruktuur en onroerende bates in die Wes-Kaap.**

**Doelstellingverklaring:**

Om provinsiale infrastruktuur en akkommodasie te fasiliteer, te beplan, te ontwerp, te ontwikkel en te lewer en om die lewensiklus van die provinsiale eiendomsportefeulje strategies te bestuur ten einde sosio-ekonomiese groei in die Wes-Kaap teen 31 Maart 2020 te ontsluit.

**Regverdiging:**

Infrastruktuurlewing en batebestuur van die provinsiale eiendomsportefeulje is 'n vereiste vir die ontsluiting van sosio-ekonomiese groei.

**Koppelings met PSD:**

Provinsiale strategiese doelwitte 1; 2; 3; 4 en 5.

Ten einde die bestendige daling in die gemiddelde toestandgraadindeks van die algehele portefeulje te beperk, het die DVOW 'n tussentydse benadering tot instandhouding ontwikkel wat op die drie kritieke komponente fokus wat die meeste noodherstelwerk benodig. Dit sal die agteruitgang stabiliseer en die Departement in staat stel om na 2023/24 na die algemene voorkomende instandhoudingsbenadering terug te keer.

Die DVOW het 'n aantal water- en elektrisiteitsafstandmeters geïnstalleer, wat die vermoë om werklike metings van nutverbruik in WKR-geboue aansienlik verbeter het en sy prestasie geïnformeer het, wat in die EDV aangeteken is.

Op grond van die uitvoerbaarheidstudies van die vorige jaar, is meer sonkrag-FV-installasies in provinsiale geboue geïnstalleer, terwyl 'n aantal waterbesparingsmaatreëls in die SSK-geboue geïmplementeer is.

Die implementering van raamwerkkontrakte is in die oorsigjaar voortgesit ten einde doeltreffende aflewering van bou-infrastruktuurprojekte te verseker.

Aansienlike vordering is gemaak met die hersiening van die Wes-Kaapse Wet op Landadministrasie en sy Regulasies.

Assessering van toestande vir die 5-jaar siklus wat op 31 Maart 2018 eindig is teen 31 Desember 2017 vir die hele OBB-portefeulje onderneem en afgehandel.

Dit informeer die programmering van geskeduleerde onderhoudsingrypings en die dokumentasie en samestelling van infrastruktuurprogrambestuursplanne deur fasiliteitgebruikers (in 'n ILBS-konteks), sowel as om DVOW as oorsiener in staat te stel om 'n onderhoudstrategie te ontwikkel.

Om die doeltreffende benutting van provinsiale geboue in die algemeen en toegewyde spasies spesifiek vas te lê, is die resultate van voortgesette meting en analise van energie-, water- en ruimtegebruik in die 6<sup>de</sup> uitgawe van die EDV vasgelê wat grootliks intern ontwikkel is.

**Strategiese uitkomsgeoriënteerde doelstelling 3: Lewer veilige, doeltreffende, geïntegreerde vervoerstelsels in die Wes-Kaap.**

**Doelstellingverklaring:**

Om deur vennootskappe veilige, doeltreffende, geïntegreerde vervoerstelsels te lewer wat ekonomiese groei en maatskaplike konnektiwiteit in die Wes-Kaap ondersteun teen 31 Maart 2020.

**Regverdiging:**

Veilige, doeltreffende, geïntegreerde vervoer is van kritieke belang om 'n verbetering in alle modusse van vervoer (en in die infrastruktuur en stelsels wat hulle ondersteun) te verseker ten einde die voorgename modale verskuiwing vanaf private na openbare vervoer en die verskuiwing van vrag vanaf pad na spoor in die Wes-Kaap te behaal.

**Koppelings met PSD:**

Provinsiale strategiese doelwitte 1; 3 en 4.

Die DVOW het met die implementering van die PSTP begin wat munisipaliteite gehelp het om plaaslike gepaste planne vir openbare vervoer en NGV te ontwikkel; dit bevat lesse wat deur die implementering van openbare vervoerverbeteringsinisiatiewe in Suid-Afrika, veral George en Kaapstad, geleer is.

In hierdie verband is 'n memorandum van ooreenkoms (MVO) met die munisipaliteit van Stellenbosch gesluit en uitgebreide beplanningsondersteuning het gelei tot die ontwikkeling van 'n gesamentlike program van volhoubare vervoeriniisiatiewe vir inkrementele implementering in die komende jare. MVO'e word met ander munisipaliteite gesluit.

Die DVOW bestuur en moniteer steeds 'n gesubsidieerde busoperateur in die Kaapse Metropolitaanse-gebied en die verbandhoudende PTOG op 'n doeltreffende wyse tot tyd en wyl hierdie funksie aan Stad Kaapstad oorgedra word. Dit het ook voortgegaan met die implementering van verdere fases van die hoë kwaliteit-openbare vervoernetwerk (Go George/ GGIVN) in George, wat die lewensgehalte van die dorp se mense in vennootskap met die George-munisipaliteit en die NDvV verbeter.

Voetgangersterftes is steeds 'n bron tot kommer en in die oorsigjaar is daar daaraan gewerk om padongeluksterftes vir alle kategorieë van padgebruikers te probeer verlaag, insluitend veiligheidsverbeteringe vir voetgangers by gevaarlike liggings op provinsiale paaie; sowel as die verskaffing van ASOD-infrastruktuur en ANPR-kapasiteit; die opskerpings van sigbare verkeerspolisiering by strategiese punte; die uitvoer van sigbare geïntegreerde verkeerswetstoepassingsbedrywe deur die DVP; die implementering van padveiligheids-, opvoeding- en bewusmakingsveldtogte by skole en in gemeenskappe wat in gevaar verkeer; en die implementering van ingrypings om uitputting onder bestuurders te beheer.

Om ekonomiese groei te stimuleer, is konstruksie en instandhouding van sleutelprojekte gedurende die oorsigjaar onderneem om die toestand van die padnetwerk te behou en te verbeter en om die skep van tydelike werkseleenthede te fasiliteer, insluitend die rehabilitering en opgradering van die N2 tussen Borchards Quarry en Swartklip-wisselaar, die rehabilitering en opgradering van die N1 tussen die Durbanville-wisselaar en Old Oak-wisselaar, en die rehabilitasie van hoofpad 31 tussen Ashton en Montagu. Die beplanning vir die uitbreiding van die padnetwerk wat die ontwikkeling van die Saldanha-baai-NOS ondersteun, is afgehandel.

'n Ondersoek na die ekonomiese en operasionele doeltreffendheid van die huidige streeksmodel vir padinstandhouding, waarvolgens sekere distriksmunisipaliteite as diensverskaffers optree om provinsiale paaie in stand te hou, is voortgesit. MVO'e met distriksmunisipaliteite is vir tyd en wyl verleng.

**Strategiese uitkomsgeoriënteerde doelstelling 4: Bevorder goeie bestuurstoelig, doeltreffendheid en doelmatigheid regdeur die DVOW.**

**Doelstellingverklaring:**

Om strategiese leierskap, bestuurstoelig en ondersteuning te verleen sodat die DVOW in staat is om geïntegreerde dienste doeltreffend en doelmatig te lewer ten opsigte van regeringsprioriteite teen 31 Maart 2020.

**Regverdiging:**

'n Doeltreffende en doelmatige departement wat geïntegreerde dienste lewer.

**Koppelings met PSD:**

Provinsiale strategiese doelwit 5.

Om voort te bou op die makro- en mikro-organisasiestruktuur, geldig vanaf 1 Oktober 2013 wat op 'n gefaseerde wyse geïmplementeer word, is verdere komplimentêre herstrukturering in die Hoofdirektorat: PNB afgehandel om funksies vaartbelyn te maak.

'n Strategiese plan is vir die DVOW ontwikkel, wat beoog om, onder andere, die visie van die Departement te bewerk om:

- in lyn met sy 20-jarige visie, 'n talentstrategie te ontwikkel;
- die tipe talent wat by die strategie pas, aan te lok en te werf; en
- beleidsinstrumente te ontwikkel wat die identifisering en versorging van interne talent moontlik maak met die doel om loopbaanroetes te bevorder.

'n Gesamentlike poging is aangewend om die VvW SBP te hersien, wat lei tot baie beter uitkomstes in 'n beperkte ekonomiese klimaat.

Gespesialiseerde raamwerkooenkomste vir algemene goedere en dienste is ontwikkel met die doel om doeltreffendheid in tyd, koste en moeite te behaal, en herhalende verkrygingsprosedures en die gepaardgaande verdragings in dienslewering te vermy.

Interne beheermaatreëls word voortdurend versterk en ondersteun deur die blootstelling van sleutelamptenare tot bedrog- en korrupsie-opleiding.

Die sukses van die implementering van die Departementele Korporatiewe Bestuursverbeteringsplan (DCGIP) gaan voort om die gehalte van finansiële bestuur te verbeter en dit word deur die opeenvolgende prestasie van die skoonouditstatus oor die laaste tydperk gedemonstreer en weer vir die 2017/18-boekjaar.

Die omsigtige monitering van betaling van fakture binne 30 dae by wyse van die stelsel om tred te hou met verskaffers se fakture (SITS) is voortgesit.

Die DVOW pas steeds die Wet op Breë Basis Swart Ekonomiese Bemagtiging toe in soverre die verkryging van alle goedere en dienste, kontrakteurs en diensverskaffers betref.

---

## 4 Prestasie-inligting per program

---

### 4.1 Program 1: Administrasie

#### Doel

Die doel van hierdie program is om oorhoofse bestuursondersteuning aan die departement te bied.

#### Subprogramme

- Kantoor van die LUR (kantoor van die provinsiale minister – vervoer en openbare werke)
- Bestuur van die departement
- Korporatiewe ondersteuning
- Departementele strategie

#### Strategiese doelwitte

|     |   |
|-----|---|
| 1.1 | Verbeter gehalte van finansiële bestuur.  |
| 1.2 | Fasiliteer doeltreffende en beveiligde benutting van inligtingstelsels, prosesse en kennis binne die departement                            |
| 1.3 | Verbeter vaardighede en kapasiteit op die terreine van vervoer, konstruksie, ingenieurswese en verwante dissiplines                         |
| 1.4 | Verbeter bestuur van dwarsliggende en geïntegreerde strategiese beplanning, beleidsontwikkeling, koördinerings en monitering en evaluering. |

#### Strategiese doelwitte, prestasie-aanwysers, beplande teikens en werklike prestasies

Hierdie program dra by tot departementele strategiese uitkomsgeoriënteerde doelstelling 4: Bevorder goeie bestuurstoetsig, doelmatigheid en doeltreffendheid dwarsdeur die departement by wyse van verskeie pogings.

Die Direkoraat: Vervoerbeleid en -strategieë het aan geïntegreerde munisipale aangeleenthede en beplanning deelgeneem deur munisipaliteite met die kapasiteit te voorsien met die bywerking van hul GVP soos in artikel 36(1) van die NLTA vereis word. Artikel 36(1) van die NLTA verwag van munisipaliteite om vyfjaar-GVP'e te ontwikkel. Die departement het 29 munisipaliteite (met uitsondering van Stad Kaapstad) gehelp. Hierdie planne word jaarliks bygewerk en elke vyf jaar hersien. Ingevolge artikel 9(2)(c) van die NLTA moet die provinsiale minister hulp verleen aan beplanningsowerhede wat nie oor die kapasiteit en hulpbronne beskik om die geïntegreerde beplanningsfunksie uit te voer nie.

Ten opsigte van die fasilitering van die ontwikkeling van provinsiale infrastruktuurstrategieë, -beleide en -planne is status quo-verslae vir elk van die plaaslike munisipaliteite in die Weskusdistrik afgehandel en as 'n status quo-verslag vir die Weskus gekonsolideer. Die sosio-ekonomiese en huidige stand van paaie en vervoer word in

hierdie verslag beskryf, met inbegrip van toekomstige planne soos uiteengesit in elke plaaslike munisipaliteit se GVP en GOP. Die verslag word afgesluit met 'n lys van ontwikkelingsgerigte prioriteite wat dalk as 'n gemeenskaplike vertrekpunt gebruik kan word om beplanning- en begrotingsprosesse te informeer sodat 'n meer geïntegreerde benadering tot infrastruktuurontwikkeling oor die kort-, medium- en langtermyn gevolg kan word.

As deel van sy e-visie, het die Departement die skakels tussen tegnologie en volhoubare ontwikkeling ondersoek. As deel van ons geïntegreerde denke en benadering, is verbeterde strategiese vennootskappe binne die lynfunksies verder versterk. Dit het gelei tot 'n meer gerigte en produktiewe funksionering in ooreenstemming met die manier waarop die konstruksiebedryf werk. Hierdie geïntegreerde benadering optimaliseer 'n voorsieningskanaal wat as 'n ekonomiese-, sosiale-, produksie- en organisasiesetel beskou kan word. Dit verseker dat maatskaplike doelwitte deel vorm van hoofstroom-verkrygingspraktyke en organisatoriese benaderings, net soos BGV en omgewingsbestuur vandag "besigheid soos gewoonlik"-praktyke vir alle vlakke van die regering is. Dit is in lyn met die benadering wat in die King IV-verslag voorgestel word, wat die belangrikheid van geïntegreerde denke en geïntegreerde verslagdoening beklemtoon (die organisasie as 'n integrale deel van die samelewing, korporatiewe burgerskap en insluiting van belanghebbendes) ter ondersteuning van volhoubare ontwikkeling.

Die DVOW het ook sy fokus gewysig om mense, proses en tegnologie as die hoof potensiaal van sy besigheid te beskou, deur eerder die fokus op data te vestig, wat in die diens van mense, prosesse en tegnologie is, 'n siening soos deur Gartner in 2018 gekonseptualiseer. Dit word in die analise van die DVOW se transaksies en verskaffers aangedui. Dit skep verdere sigbaarheid en lig ook ons strategiese fokus en besluitneming in. Dit word erken dat inligting en tegnologie oorvleuel, maar ook onderskeie bronne van waardeskepping is wat individuele risiko's inhou, asook geleenthede bied.

Die VKB-komponent het sy verkrygingsprosesse voorgelê en die registrasie van verskaffers op die WKVD gefasiliteer deur saam met die UOWP aan die DOP by KIS, asook verskafferontwikkelingsessies (in samewerking met DEOET asook verskeie munisipaliteite), deel te neem. Mini-werkswinkels is met verskaffers gehou, om registrasiedokumente goed deur te kyk vir foute en op die status van ingediende dokumentasie op te volg. Die eenheid het in samewerking met die Provinsiale Tesourie aan SVD-promosietoere deelgeneem asook om verskaffers op die SVD te registreer. 'n Spesifieke ingryping is gehou om die DPI-kantore met die SVD by te staan en op te lei.

Altesaam 50 raamwerkkontrakte vir geskeduleerde, daaglikse en noodonderhoud vir alle werkgroepe is in plek gestel. Spesiale sorg is geneem om nie klein gegradeerde kontrakteurs uit hierdie proses uit te sluit nie, om voort te gaan om die doelwitte van kontrakteurontwikkeling en die fokus op die bereiking van die sosio-ekonomiese verpligtinge van die regering na te streef.

Die DTVOW belê in voortgesette opleiding en ontwikkeling van personeel wat by die voorsieningskanaal betrokke is. Opleiding wat op infrastruktuurlewering en konstruksieverkryging gefokus het, is aan 36 amptenare in die departement aangebied en opleiding wat op projekbestuur gefokus het, is aan 46 amptenare in die departement aangebied.

Vir die doeleindes van transversale droogteverkrygingsbehoefte is ooreengekom dat die DVOW VKB die mees geskikte verkrygingsagentskap is ten opsigte van die vlak van verskaffingskanaal volwassenheid, behendigheid, tegniese vaardighede en kapasiteit wat benodig word.

Die DVOW het die erns van die dreigende waterkrisis dwarsoor die Wes-Kaap erken en verskeie inisiatiewe word tans geïmplementeer om die sekuriteit van voorsiening by ons provinsiale geboue te verbeter, insluitende die verkryging van aanvullende toevoer waar moontlik.

Die DVOW duld bedrog en korrupsie glad nie. Die direktoraat finansiële bestuursbeheer het bedrogbewusmakingopleidingsessies gekoördineer wat deur die PFD aangebied is en deur 266 amptenare vanuit die departement bygewoon is. Voorbeelde van werklik gerapporteerde gevalle en hul uitkomst is aan amptenare voorgehou.

Interne beheermaatreëls is verder verskerp om werk te maak van gapings wat die PFD in sy ondersoek na onreëlmatige, vrugtelose en verkwistende uitgawes geïdentifiseer het. Opleiding om die risiko te verlaag dat beheermaatreëls gesystap word, is aan DVOW-amptenare gebied.

Die departement het sy departementele korporatiewe bestuurstoësiimplementeringsplan gehandhaaf, wat 'n strategiese intervensie is om 'n beheeromgewing te skep en deurlopend te verbeter wat die DVOW ondersteun in die behaling van sy dienslewingsdoelwitte en beplande ouditresultate. Deur werk te maak van kwessies via die DCGIP is 'n ongekwalfiseerde ouditmening in 2017/18 ontvang.

Noudat 'n "gevorderde" stadium stelsel daargestel is om 'n skoon oudit van voorafbepaalde doelwitte te help verseker, is die DVOW besig om 'n programuitkomstemoniteringstelsel te implementeer. Dit het gehelp om die DVOW se fokus vanaf 'n "nakoming"-stadium na die "prestasie"-stadium van organisatoriese bevoegdheid te verskuif.

Konseptuele ontwerpe is voltooi en gedetailleerde ontwerpe vir 'n uitkomsmoniteringstelsel het begin, wat 'n instrument insluit om ooreenkoms te fasiliteer oor die gebruik van verwagte uitkomst en aanwysers vir die monitering van vervoer- en openbare werke.

Die ontwerp van sewe evaluasies is deur teorieë van verandering ingelig, wat pas by die huidige begrip van hoe die programme daarop gemik is om die beoogde resultate te bereik. Die sewe evalueringe wat gedurende 2017/18 onderneem is, sluit in:

- Implementeringsevaluering van die GVP-program;
- Impak-assessering van die Provinsiale Paaie-onderhoudstoekenning (PRMG)
- Impak-assessering van die Uitgebreide Openbare Werke Geïntegreerde-toekenningsprogram;
- Impak-assessering van die Openbare Vervoerbedrywevoorwaardelike toekenning;
- Ontwerpsevaluering van die PVVP;
- Ontwerpsevaluering van die Padveiligheidsimplementeringsprogram (PVIP); en
- Voordeel verwesenliking van die ECM-stelsel.

Besprekings van evalueringsontwerp, bevindings, aanbevelings en beplande verbeterings as gevolg van evaluerings met die onderskeie Programbestuurders, het begin en die beplanning van verbeterings sal in die tweede kwartaal van die nuwe finansiële jaar voortduur.

Die program se strategiese doelwitte, prestasie-aanwysers, beplande teikens en werklike prestasies word in Tabelle 14 en 15 aangebied.

## Strategiese doelwitte

Tabel 14: Program 1: Administrasie: Strategiese doelwitte

| Nr.   | Strategiese doelwitte/<br>Aanwysers  | Werklike<br>prestasie<br>2016/2017 | Beplande<br>teiken<br>2017/2018 | Werklike<br>prestasie<br>2017/2018 | Afwyking van<br>beplande<br>teiken teenoor<br>werklike<br>prestasie<br>2017/2018 | Opmerking oor afwykings   |
|---|--|------------------------------------|---------------------------------|------------------------------------|--|---|
| <b>Subprogram 1.3: Korporatiewe ondersteuning</b> |  |                                    |                                 |                                    |  |   |
| <b>1.1</b>  | <b>Verbeter gehalte van finansiële bestuur</b>   |                                    |                                 |                                    |  |   |
| 1.1.1   | Vlak van finansiële bevoegdheid.   | 3+                                 | 3+                              | 3+                                 | 0  | -   |
| <b>1.2</b>  | <b>Fasiliteer doeltreffende en beveiligde benutting van inligtingstelsels, prosesse en kennis binne die departement</b>    |                                    |                                 |                                    |  |   |
| 1.2.1   | Vlak van bevoegdheid ten opsigte van onderneminginligtingbestuur.  | 2                                  | 2+                              | 2+                                 | 0  | -   |
| <b>1.3</b>  | <b>Verbeter vaardighede en kapasiteit op die terreine van vervoer, konstruksie, ingenieurswese en verwante dissiplines</b> |                                    |                                 |                                    |  |   |
| 1.3.1   | Getal kandidate wat by tersaaklike professionele geregistreer is.  | 15                                 | 16                              | 19                                 | 3  | Verbetering van registrasieprosesse, d.w.s. professionele liggame wat satellietkantore in die Provinsie open. |



| Nr.   | Strategiese doelwitte/<br>Aanwysers   | Werklike<br>prestasie<br>2016/2017 | Beplande<br>teiken<br>2017/2018 | Werklike<br>prestasie<br>2017/2018 | Afwyking van<br>beplande<br>teiken teenoor<br>werklike<br>prestasie<br>2017/2018 | Opmerking oor afwykings  |
|---|---|------------------------------------|---------------------------------|------------------------------------|--|--|
| <b>Subprogram 1.4: Departementele strategie</b> |   |                                    |                                 |                                    |  |  |
| <b>1.4</b>                                      | <b>Verbeter bestuur van transversale en geïntegreerde strategiese beplanning, beleidsonwikkeling, koördinerings en monitering en evaluering</b> |                                    |                                 |                                    |  |  |
| 1.4.1   | Getal departementele beplanningsprosesse behaal.  | 1                                  | 31                              | 8                                  | (23)   | Die DVOW help munisipaliteite op twee maniere om aan artikel 36 van die NLTA te voldoen, d.w.s. deur die projekbestuur van die GVP-proses en deur fondse oor te dra. Die projekbestuur van die GVP'e vir hierdie rondte van bywerking is gekonsentreer op die Bedryfslisensiestelsel en Huidige Openbare Vervoerrekord waar opnames benodig word. Die resultate word nog steeds geverifieer teen PRE-inligting. Die afwyking van provinsiale en munisipale boekjare blyk problematies te wees wat die oordrag van fondse betref. Die oordrag van fondse kan slegs binne die munisipale boekjaar plaasvind wat die nakoming van die GVP-bywerkings moeilik maak aangesien die bywerkings nie binne die provinsiale boekjaar afgehandel kan word nie. Ten spyte van die lang verskaffingskanaalproses het die DVOW 15 van die verwagte 30 uitsette behaal. |

*Prestasie-aanwysers*

**Tabel 15: Program 1: Administrasie: Prestasie-aanwysers**

| Nr.   | Prestasie-aanwyser                                     | Werklike prestasie 2014/2015 | Werklike prestasie 2015/2016 | Werklike prestasie 2016/2017 | Beplande teiken 2017/2018 | Werklike prestasie 2017/2018 | Afwyking van beplande teiken vir 2017/2018 | Opmerking oor afwykings  |
|---|--|------------------------------|------------------------------|------------------------------|---------------------------|------------------------------|--|--|
| <b>Subprogram 1.3: Korporatiewe ondersteuning</b> |  |                              |                              |                              |                           |                              |  |  |
| 1.1.1.1   | Getal strategieë hersien, VKB en FB (FR, BA en FR)*    | n.v.t.                       | 4                            | 4                            | 4                         | 4                            | 0  | -  |
| 1.2.1.1   | Getal fases van kennisbestuurinisiatief geïmplementeer | n.v.t.                       | 4                            | 1                            | 1                         | 1                            | 0  | -  |
| 1.3.1.1   | Aantal ondertekende verbintenisse en ondernemings      | n.v.t.                       | 16                           | 14                           | 10                        | 20                           | 10   | Uitbreiding van die POP om konstruksieprojekbestuur in te sluit. |

| Nr.   | Prestasie-aanwyser                                | Werklike prestasie 2014/2015 | Werklike prestasie 2015/2016 | Werklike prestasie 2016/2017 | Beplande teiken 2017/2018 | Werklike prestasie 2017/2018 | Afwyking van beplande teiken vir 2017/2018 | Opmerking oor afwykings   |
|---|---|------------------------------|------------------------------|------------------------------|---------------------------|------------------------------|--|---|
| <b>Subprogram 1.4: Departementele strategie</b> |   |                              |                              |                              |                           |                              |  |   |
| 1.4.1.1   | Getal vervoergeïntegreerde prosesse geëvalueer    | n.v.t.                       | 29                           | 0                            | 29                        | 6                            | (23)                                       | Teen einde Maart 2018 het geen munisipaliteit konsepdokumente aan die DVOW voorgelê nie, aangesien hulle nog besig was om inligting bymekaar te maak om die eerste konsep van die munisipale GVP te ontwikkel. Munisipaliteite struktureer die finalisering van hul GVP'e rondom die munisipale finansiële jaar, in teenstelling met die provinsiale finansiële jaar. |
| 1.4.1.2   | Aantal infrastruktuur status quo verslae opgestel | n.v.t.                       | 2                            | 1                            | 2                         | 2                            | 0  | -   |

Let wel: \* VKB – voorsieningskanaalbestuur, hoofdirektoraat: finansiële bestuur, FR – finansiële rekeningkunde, BR – bestuursrekeningkunde, FB – finansiële bestuurtoesig

n.v.t. – nie van toepassing nie omdat hierdie h nuwe aanwyser is

## Strategieë om areas van onderprestasie die hoof te bied

Die DVOW doen tans 'n evaluering van die GVP'e deur die werklike belegging teenoor die uitsette te verstaan in terme van die werklike vervoerimplementering deur munisipaliteite. Die DVOW ondersoek ook in hoeverre bystand aan munisipaliteite voorsien word ingevolge voldoening aan artikel 36 van die NLTA. Dit moet genoem word dat dit weens die verskil tussen provinsiale en munisipale boekjare moeilik is om die teikens te bereik aangesien munisipaliteite die afhandeling van hul GVP'e aan die einde van die munisipale finansiële jaar, eerder as die provinsiale finansiële jaar, skeduleer. Teikens sal dienoooreenkomstig hersien word.

## Veranderings aan beplande teikens

Daar was geen veranderings aan beplande teikens nie.

## Subprogrambesteding

Tabel 16: Program 1: Administrasie: Subprogrambesteding

| Subprogram    |                            | 2017/2018              |                          |                             | 2016/2017              |                          |                             |
|---------------|----------------------------|------------------------|--------------------------|-----------------------------|------------------------|--------------------------|-----------------------------|
|               |                            | Finale begroting R'000 | Werklike besteding R'000 | (Oor)/Onder-besteding R'000 | Finale begroting R'000 | Werklike besteding R'000 | (Oor)/Onder-besteding R'000 |
| 1.1           | Kantoor van die LUR        | 6 937                  | 6 584                    | 353                         | 6 533                  | 6 345                    | 188                         |
| 1.2           | Bestuur van die DVOW       | 5 100                  | 4 599                    | 501                         | 4 581                  | 4 481                    | 100                         |
| 1.3           | Korporatiewe Ondersteuning | 122 665                | 122 346                  | 319                         | 122 290                | 120 273                  | 2 017                       |
| 1.4           | Departementel e strategie  | 40 279                 | 39 224                   | 1 055                       | 32 064                 | 31 546                   | 518                         |
| <b>Totaal</b> |                            | <b>174 981</b>         | <b>172 753</b>           | <b>2 228</b>                | <b>165 468</b>         | <b>162 645</b>           | <b>2 823</b>                |

## 4.2 Program 2: Openbarewerke-infrastruktuur

### Doel

Die doel van hierdie program is om 'n gebalanseerde gebou-infrastruktuur vir die provinsiale regering te verskaf wat integrasie, toeganklikheid, volhoubaarheid, billikheid, omgewingsensitiwiteit, ekonomiese groei en sosiale bemagtiging bevorder.

### Subprogram

- Programondersteuning
- Beplanning
- Konstruksie
- Instandhouding
- Bestuur van onroerende bates
- Fasiliteitsbedryf

### Strategiese doelwitte

|     |  |
|-----|--|
| 2.1 | Verbeter doeltreffendheid van kantoorakkommodasie deur die verlaging van koste en verbeterde ruimtebenutting     |
| 2.2 | Lewer volhoubare infrastruktuur en akkommodasie aan kliënte  |
| 2.3 | Doeltreffende benutting van provinsiale onroerende bates   |
| 2.4 | Bevorder en fasiliteer sosio-ekonomiese ontwikkeling deur infrastruktuurontwikkeling- en eiendomsbestuurprojekte |

### Strategiese doelwitte, prestasie-aanwysers, beplande teikens en werklike prestasies

Hierdie program dra by tot departementele strategiese uitkomsgeoriënteerde doelstelling 2: Bestuur provinsiale infrastruktuur en onroerende bates in die Wes-Kaap.

Dit is van kritieke belang om die provinsiale batebasis te behou wat bestaan uit 'n eiendomsportefeulje van 8 375 683 m<sup>2</sup> met 'n vervangingswaarde van ongeveer R105 801 miljard. Die risiko om nie die batebasis te beskerm nie, kan verstaan word in die lig van die belangrikheid van openbare werke-infrastruktuur, insluitend:

- Die konstruksiesektor bly 'n sentrale bestuurder van provinsiale ekonomiese groei;
- DVOW bied gebalanseerde provinsiale staatsgebou-infrastruktuur wat integrasie, toegang, volhoubaarheid, gelykheid, omgewingsensitiwiteit, ekonomiese groei, en sosiale bemagtiging bevorder;
- Die gehalte van sulke infrastruktuur is van kritieke belang vir die dienste wat aan die inwoners van die Wes-Kaap gebied word; en
- Sedert 2014/15 is meer as 5 700 werksgeleenthede geskep, 85 onderwysfasiliteite voltooi, 17 gesondheidsfasiliteite voltooi, 34 kapitaalprojekte gelewer, en talle kantoorakkommodasieprojekte voltooi ter ondersteuning van gesondheid en onderwys.

Daar is egter 'n instandhoudings agterstand van ongeveer R27 miljard.

Alhoewel daar al 'n geruime tyd oor klimaatsverandering as 'n risiko gepraat is, het die droogtekrisis dit 'n werklikheid gemaak. Die impak van die waterkrisis sal nie die provinsie ewe veel beïnvloed nie. Sommige munisipaliteite sal harder en langer as ander getref word. Die gediversifiseerde impak sal die DVOW se bedrywighede in hierdie munisipaliteite uitdaag en sal heroorweging vereis van hoe ons sleutelprojekte gesamentlik beplan, begroot en implementeer.

Die DVOW reageer op die volgende maniere op die krisis:

- Dag zero, 'n besigheidskontinuiteit- en ramherstelplan word vir die DVOW ontwikkel, sowel as 'n provinsiale besigheidskontinuiteitsplan; en
- Die tweede, lang termynstrategie is om infrastruktuur in 'n water-skaars omgewing op 'n alternatiewe wyse as die "nuwe normaal" te lewer.

Namate produkmarkte verander, sal daar 'n impak op kritieke infrastruktuur wees wat hierdie markte bedien. Namate weerspatrone tot uiterstes gaan, sal die potensiële risiko vir hierdie kritiese bates ook toeneem.

Die "nuwe normaal" vereis vennootskappe tussen al drie regeringsfere. Dit is nie meer moontlik om kritieke besluite in isolasie te neem nie. Die gebruik en gehalte van infrastruktuur is afhanklik van hoe die drie regeringsfere die meganismes van klimaatsverandering hanteer.

Terwyl die DVOW alles binne die bestaande begrotingsraamwerk doen om Provinsiale geboue meer klimaat-bestand te maak en kritieke dienslewering te verseker, moet hierdie aksies deur diegene wat die mandaat het oor grootmaatinfrastruktuur aangevul word.

Die "nuwe normaal" vereis 'n holistiese benadering om kritieke infrastruktuuruitdagings aan te pak en die behoud van die algehele bateportefeulje te verseker. In hierdie konteks is dit kritiek dat 'n "hele bate"-benadering gevolg word, waar elke poging aangewend word om klimaat-bestendigheid eerste aan die bateportefeulje bekend te stel, voordat die bou van nuwe infrastruktuur oorweeg word.

Die historiese agterstand in die instandhouding van kritieke infrastruktuur soos onderwysfasiliteite vereis onmiddellike ingryping om die kritieke rol wat hierdie infrastruktuur in die verskaffing van die werksmag van die toekoms speel, te behou.

Sedert 1995 was die ontwikkeling van onderwysinfrastruktuur hoofsaaklik op kapitaalwerke gefokus. Onderhoudsbehoefte het nie onderhoudsbegrotings in ag geneem nie en was reaktief eerder as proaktief. Hierdie benadering het tot betekenisvolle implikasies gelei, insluitend:

- Geen eweredige verspreiding van relatiewe ouderdom van skole langs 'n natuurlike groeikurwe nie;
- Lewensiklusvervangingsvereistes wat eksponensieel vermeerder langs die waardevermindingskurwe;
- Huidige spits en dalings in instandhoudingsbestedingspatrone; en
- Moeilik om die instandhoudingsvereistes vir begrotingsdoeleindes te voorspel.

Weens die huidige batetoestand is daar in die afgelope 12 maande noodwerk aan onderwysinfrastruktuur gedoen weens die volgende vername elemente van mislukking:

- 38 persent loodgieterswerk en dreinerings;
- 26 persent dakke; en
- 19 persent elektries.

Die grootste oorsake van mislukking is as gevolg van swak onderhoud (30 persent) en normale slytasie.

Aansienlike vordering en verbeterings is gemaak ten opsigte van die DVOW se vermoë om eiendomsdata vas te lê en daarvoor verslag te doen, wat ook 'n impak gehad het op onroerende batebestuur se vermoë verbeterings in doeltreffendheid te weeg te bring. Hierdie stelsel van verslagdoening stel ook 'n basislyn daar vir toekomstige verslagdoening oor die optimale benutting van die provinsiale eiendomsportefeulje.

Die DVOW het 12 koopkontrakte aangegaan en die oordragte van hierdie onroerende bates sal na verwagting in die volgende boekjaar plaasvind.

Norme en standarde vir infrastruktuur is bepaal. Dit illustreer die DVOW se volgehoue voorneme om "groen beginsels" in alle algemene, gesondheid- en onderwysinfrastruktuur toe te pas sowel as om gehoor te gee and huidige waterkrisis.

Die beplanning van 'n bykomende slaapsaal by die Clanwilliam Kinder- en Jeugsorgsentrum is voltooi. Die projek is in die konstruksiefase en sal in die loop van 2018 voltooi word.

Die program se strategiese doelwitte, prestasie-aanwysers, beplande teikens en werklike prestasies word in die tabelle hieronder aangebied.

## Strategiese doelwitte

Tabel 17: Program 2: Openbarewerke-infrastruktuur: Strategiese doelwitte

| Nr.                                | Strategiese doelwitte / Aanwysers  | Werklike prestasie 2016/2017 | Beplande teiken 2017/2018  | Werklike prestasie 2017/2018 | Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie 2017/2018 | Opmerking oor afwykings  |
|------------------------------------|--|------------------------------|--|------------------------------|---|--|
| <b>Subprogram 2.2: Beplanning</b>  |  |                              |  |                              |   |  |
| <b>2.1</b>                         | <b>Verbeter doeltreffendheid van kantoorakkommodasie deur die verlaging van koste en verbeterde ruimtebenutting</b>            |                              |  |                              |   |  |
| 2.1.1                              | Voltydse werknemerskoste (FTEC) uitgedruk as rand / FTEC gelyk aan of minder as die toepaslike periode van die private sektor. | 2.8%                         | Minder as of gelyk aan die toepaslike privaat sektor maatstaf vir die tydperk. | R72 808.00                   | -R25 656.00 (35%)   | Die relatief hoë koste per persoon oor die eiendomsporsefeulje is hoofsaaklik as gevolg van relatief swak spasieverbruik, gekombineer met hoë vakaturekoerse per regeringsdepartement.   |
| <b>Subprogram 2.4: Konstruksie</b> |  |                              |  |                              |   |  |
| <b>2.2</b>                         | <b>Lewer volhoubare infrastruktuur en akkommodasie aan kliënte</b>   |                              |  |                              |   |  |
| 2.2.1                              | Getal kapitaal- en instandhoudingsprojekte voltooi   | 258                          | 222  | 206                          | (16)  | Uitstel van tyd is vir projekte toegestaan waardeur die voltooiingsdatums verleng word. Vertraagde voltooiing weens swak kontrakteursprestasie.  |
| 2.2.2                              | Getal huur- en koopoooreenkomste aangeaan vir kantoorakkommodasie  | 22                           | 19   | 25                           | 6   | Bekendstelling van 'n meer vereenvoudigde verkrygingsproses wat voorsiening maak vir die goedkeuring van meervoudige huurkontrakte in 'n enkele gekonsolideerde voorlegging, wat lei tot spoedige goedkeuring van die huurkontrak. |



| Nr.   | Strategiese doelwitte / Aanwysers   | Werklike prestasie 2016/2017 | Beplande teiken 2017/2018 | Werklike prestasie 2017/2018 | Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie 2017/2018 | Opmerking oor afwykings   |
|---|---|------------------------------|---------------------------|------------------------------|---|---|
| <b>Subprogram 2.6: Bestuur van onroerende bates</b>     |   |                              |                           |                              |   |   |
| <b>2.3</b>  | <b>Doeltreffende benutting van provinsiale onroerende bates</b>   |                              |                           |                              |   |   |
| 2.3.1   | Getal eiendomme vrygestel vir herlewingsdoeleindes  | 0                            | 1                         | 0                            | (1)   | Na aanleiding van 'n verfynde proses en dokumentasie en vereistes vir Versoek vir Voorleggings, is die projek weer geadverteer om betroubare en ervare kontrakteurs met bewese rekords te verkry.   |
| <b>Subprogram 2.4: Konstruksie, 2.5: Instandhouding</b> |   |                              |                           |                              |   |   |
| <b>2.4</b>  | <b>Bevorder en fasiliteer sosio-ekonomiese ontwikkeling deur infrastruktuurontwikkeling- en eiendomsbestuurprojekte</b> |                              |                           |                              |   |   |
| 2.4.1   | Getal werkseleenthede geskep  | 15 074                       | 12 221                    | 10 165                       | (2 056)   | Projekte het finale stadiums behaal en gevolglik is minder arbeidsintensiewe werkseleenthede nodig.<br>Die behoefte aan spesialisinstallasies aan die einde van gesondheidsinfrastruktuurkontrakte het die behoefte aan plaaslike arbeid verminder. |

## Prestasie-aanwysers

Tabel 18: Program 2: Openbare werke-infrastruktuur: Prestasie-aanwysers

| Nr.                               | Prestasie-aanwyser   | Werklike prestasie 2014/2015 | Werklike prestasie 2015/2016 | Werklike prestasie 2016/2017 | Beplande teiken 2017/2018 | Werklike prestasie 2017/2018 | Afwyking van beplande teiken vir 2017/2018 | Opmerking oor afwykings   |
|-----------------------------------|--|------------------------------|------------------------------|------------------------------|---------------------------|------------------------------|--|---|
| <b>Subprogram 2.2: Beplanning</b> |  |                              |                              |                              |                           |                              |  |   |
| 2.1.1.1                           | Bestuursplan vir behoud van onroerende bates aan die betrokke Tesourie voorgelê ooreenkomstig met GIAMA* | 1                            | 1                            | 1                            | 1                         | 1                            | -  | -   |
| 2.1.1.2                           | Aantal UOWP werksgeleenthede geskep deur die Provinsiale Departement van Openbare Werke / Paaie *        | n.v.t.                       | n.v.t.                       | n.v.t.                       | 15 751                    | 6 926                        | (8 825)                                    | Projekte het finale stadiums behaal en gevolglik is minder arbeidsintensiewe werksgeleenthede nodig. Die behoefte aan spesialisinstallasies aan die einde van gesondheidsinfrastruktuurkontrakte het die behoefte aan plaaslike arbeid verminder. |
| 2.1.1.3                           | Aantal voltydse ekwivalente (VTE'e) geskep deur die Provinsiale Departement van Openbare Werke / Paaie * | n.v.t.                       | n.v.t.                       | n.v.t.                       | 5 136                     | 3 277                        | (1 859)                                    | Projekte het finale stadiums behaal en gevolglik is minder arbeidsintensiewe werksgeleenthede nodig. Die behoefte aan spesialisinstallasies aan die einde van gesondheidsinfrastruktuurkontrakte het die behoefte aan plaaslike arbeid verminder. |

| Nr.                                | Prestasie-aanwyser  | Werklike prestasie 2014/2015 | Werklike prestasie 2015/2016 | Werklike prestasie 2016/2017 | Beplande teiken 2017/2018 | Werklike prestasie 2017/2018 | Afwyking van beplande teiken vir 2017/2018 | Opmerking oor afwykings   |
- Die DVOW het kontraktdokumentasie gewysig om die kontraktuele verpligting van hoofkontrakteurs te verbeter om van plaaslike subkontrakteurs en verskaffers gebruik te maak, dat daar goeie ondernemings met subkontrakteurs en verskaffers van 'n kontrak is, asook om kontrakteurs aan te moedig om meer mense in diens te neem.

## Veranderings aan beplande teikens

Daar was geen veranderinge aan beplande teikens nie.

## Subprogrambesteding

Tabel 24: Program 3: Vervoerinfrastruktuur: Subprogrambesteding

| Subprogram    |                                      | 2017/2018              |                          |                             | 2016/2017              |                          |                             |
|---------------|--------------------------------------|------------------------|--------------------------|-----------------------------|------------------------|--------------------------|-----------------------------|
|               |                                      | Finale begroting R'000 | Werklike besteding R'000 | (Oor)/Onder-besteding R'000 | Finale begroting R'000 | Werklike besteding R'000 | (Oor)/Onder-besteding R'000 |
| 3.1           | Programondersteunende infrastruktuur | 38 245                 | 37 791                   | 454                         | 38 922                 | 38 636                   | 286                         |
| 3.2           | Infrastruktuurbeplanning             | 52 341                 | 52 341                   | -                           | 84 807                 | 82 773                   | 2 034                       |
| 3.3           | Infrastruktuurontwerp                | 216 221                | 214 213                  | 2 008                       | 148 561                | 148 160                  | 401                         |
| 3.4           | Konstruksie                          | 1 710 930              | 1 704 416                | 6 514                       | 1 474 016              | 1 469 891                | 4 125                       |
| 3.5           | Instandhouding                       | 1 421 210              | 1 420 620                | 590                         | 1 510 033              | 1 504 195                | 5 838                       |
| <b>Totaal</b> |                                      | <b>3 438 947</b>       | <b>3 429 381</b>         | <b>9 566</b>                | <b>3 256 339</b>       | <b>3 243 655</b>         | <b>12 684</b>               |

## 4.4 Program 4: Vervoerbedrywe

### Doel

Die doel van hierdie program is om die voorsiening van geïntegreerde landvervoer dienste te beplan, te reguleer en te fasiliteer deur koördinerings- en samewerking met nasionale beplanningsowerhede, munisipaliteite, gemeenskapsgebaseerde en nieregeringsorganisasies en die privaat sektor ten einde die mobiliteit van alle gemeenskappe te versterk en te fasiliteer.

### Subprogramme

- Programondersteunende bedrywe
- Openbarevervoerdienste
- Vervoerveiligheid en -nakoming
- Vervoerstelsels

### Strategiese doelwitte

|     |  |
|-----|--|
| 4.1 | Versterk mobiliteit en toegang in munisipaliteite deur die ontwikkeling, implementering en bestuur van inkrementele openbare- en niegemotoriseerde vervoernetwerke.                          |
| 4.2 | Verbeter vervoerveiligheid deur die ontwikkeling en implementering van 'n implementeringsprogram vir openbare vervoerveiligheid.   |
| 4.3 | Versterk strategiese benadering tot spoor en vrag en versterk koördinerings- en samewerking met sleutelbelanghebbende deur die ontwikkeling van 'n implementeringsprogram vir spoor en vrag. |
| 4.4 | Verbeter ondersteuning aan openbare- en niegemotoriseerde belanghebbende deur institusionele veranderingsinisiatiewe.  |

### Strategiese doelwitte, prestasie-aanwysers, beplande teikens en werklike prestasies

Hierdie program dra by tot departementele strategiese uitkomsgeoriënteerde doelstelling 3: Lewer veilige, doeltreffende en geïntegreerde vervoerstelsels in die Wes-Kaap.

Gedurende die jaar onder oorsig, het die DVOW steeds die ontwikkeling van 'n GOVN vir George ondersteun deur spesialisdiens vir beplanning- en ondersteuningsdiens aan George se munisipaliteit te voorsien en deur die bedryfskoste van die diens te onderskryf.

Voorts, gedurende die 2017/18-boekjaar, is 'n aantal prestasies aangeteken:

- Die PVVP het voortgegaan om sy reik en impak uit te brei. 'n Minibustaxi-transformasie model is ontwikkel met die doel om die benadering in die 2018/19-boekjaar in werking te stel. Die model herdefinieer die benadering tot die verbetering van openbare vervoer en fokus op meganismes om die bestaande bedryfswêreld te verbeter.
- Die Stellenbosch Munisipaliteit is gehelp om 'n Konsep Volhoubare Vervoerstrategie te voltooi en die voorsiening van uitgebreide vervoerbeplanning en bestuursondersteuning vir inisiatiewe, insluitend die bestuur van op-reis-aanvraag en insette oor vervoer vir die Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk. Bykomende ondersteuning is vir die ontwerp, implementering en konstruksie van verskeie hoë-prioriteit, hoë impak NGV-infrastruktuurprojekte voorsien.

- As deel van die PVVP, het die DVOW 'n nuwe vennootskap met die Overstrand Munisipaliteit aangegaan nadat hulle in Oktober 2017 'n MVO gesluit het. Ondersteuning wat in 2017/18 aan die munisipaliteit gegee is sluit in die ontwikkeling van 'n PVVP Stadium 1-plan wat die oorkoepelende visie vir volhoubare vervoer in die Overstrand bepaal. Die DVOW het ook ondersteuning vir die ontwerp, implementering en konstruksie van verskeie hoë-prioriteit, hoë impak NGV-infrastruktuurprojekte in Overstrand voorsien.
- Die DVOW gaan voort om geleenthede vir samewerking en gesamentlike inisiatiewe met PRASA te soek en identifiseer ten einde te reageer op die huidige spookkrisis. Die DVOW het tot 'n vennootskap met PRASA en die Stad Kaapstad ingestem om 'n Metaaldiefstaleenheid te vestig wat tot 100 bykomende toepassingsbeamptes sal sien, wat op die spoornetwerk ontplooi word met die doel om passasierssekuriteit en sekuriteit van bates te verbeter. Die aanvangsfase van die projek sal vir een jaar wees en sal vroeg in die nuwe finansiële jaar begin.
- Om bestaande databasisse in lyn te bring en te integreer ten einde sake-intelligensie en dienslewering te verbeter, het die DVOW gedurende die boekjaar met die stigting van die Intelligente Vervoersentrum (of Vervoerdata Hub) in 'n gefaseerde benadering begin, wat die aanvang van die ontwikkeling van die E-Visie / Digitale Strategie vir Vervoer is.
- Die DVOW het die konsep Provinsiale Vragstrategie en 'n Vragimplementeringsprogram ontwikkel. Die Vragstrategie het 'n omvattende lys van strategiese aksies ingesluit wat in oorleg met interne en eksterne belanghebbers ontwikkel is. Hierdie lys strategiese aksies word in die Vragimplementeringsprogram uiteengesit. As gevolg van die kompleksiteit van die implementering van baie van die aksies, is 'n inkrementele benadering tot implementering aangeneem. Die Vragimplementeringsprogram is dus in twee aparte stadiums verdeel, 'n voorbereidingsstadium (Stadium 1) bestaande uit aanvanklike aksies, en 'n tweede stadium (Stadium 2) bestaande uit 'n meer omvattende lys van aksies wat die grootste deel van die strategiese inhoud verteenwoordig. Die aanvanklike aksies sal in die 2018/19-boekjaar geïmplementeer word, terwyl die volledige lys van strategiese aksies in die 2019/20-boekjaar en daarna geïmplementeer sal word.

'n Kernfunksie van die PVVP is om die toestande vir voetgangers en fietsers (NGV-gebruikers) te versterk deur infrastruktuur, toegang vir fietse, veiligheid en sekuriteit te verbeter en spoedgrense te verlaag.

Gedurende die jaar onder oorsig, het die DVOW die verspreiding van 319 fietse in die Kaapse Wynlande en Sentrale Karoo ondersteun as deel van die nasionale regering se Shova Kulula-program.

Soos hierbo genoem, het die DVOW ook ondersteuning aan beide die Stellenbosch- en Overstrand-munisipaliteite verskaf vir die ontwerp en konstruksie van prioriteits-NMT-infrastruktuurprojekte. In Stellenbosch is verskeie NGV-konstruksieprojekte teen Junie 2017 voltooi, insluitend voetganger- en fietsryroetes en nuwe voetoorgange, en 12 bykomende projekte is ter voorbereiding vir konstruksie in latere boekjare aangepak. In Overstrand is

twee prioriteitsprojekte deur die ontwerp en konstruksieproses ondersteun. Hierdie werk is aan die gang, en die konstruksie behoort teen Junie 2018 voltooi te wees.

Die openbare vervoerprojekte is afhanklik van sterk vennootskappe met belanghebbers, insluitende die Stad Kaapstad vervoerentiteite (soos PRASA) en die distriks- en plaaslike munisipaliteite. Daarbenewens sit die mandaat vir die lewering van sleutelfunksies, soos spoorvervoer, nie by die DVOW nie. Dit voeg 'n vlak van projekkompleksiteit toe wat sterk betrokkenheid van belanghebbers en die strewe na effektiewe interregeringsverhoudinge vereis.

Die program se strategiese doelwitte, prestasie-aanwysers, beplande teikens en werklike prestasies word in tabelle hieronder aangebied.



*Strategiese doelwitte*

**Tabel 25: Program 4: Vervoerbedrywe: Strategiese doelwitte**

| Nr.   | Strategiese doelwitte / Aanwysers  | Werklike prestasie 2016/2017 | Bepalende teiken 2017/2018 | Werklike prestasie 2017/2018 | Afwyking van bepalende teiken teenoor werklike prestasie 2017/2018 | Opmerking oor afwykings   |
|---|--|------------------------------|----------------------------|------------------------------|--|---|
| <b>Subprogram 4.2: Openbare vervoerdienste</b>        |  |                              |                            |                              |  |   |
| <b>4.1</b>  | <b>Versterk mobiliteit en toegang in munisipaliteite deur die ontwikkeling, implementering en bestuur van inkrementele openbare- en niegemotoriseerde vervoernetwerke.</b>         |                              |                            |                              |  |   |
| 4.1.2   | Getal gesubsidieerde kilometers bedryf ooreenkomstig goedgekeurde rooster  | 38 315 171                   | 37 446 908                 | 37 361 592                   | (85 316)   | Die PTOG km betalingskoers vir 2017/18 is eers na die finalisering van die JPP 2017/18 deur die toesighoudende moniteringsfirma (TMF) gefinaliseer; die JPP bevat die bepalende teiken. |
| <b>Subprogram 4.3: Vervoerveiligheid en -nakoming</b> |  |                              |                            |                              |  |   |
| <b>4.2</b>  | <b>Verbeter vervoerveiligheid deur die ontwikkeling en implementering van 'n implementeringsprogram vir openbare vervoerveiligheid.</b>  |                              |                            |                              |  |   |
| 4.2.1   | Getal implementeringsprogramme vir openbare vervoer veiligheid ontwikkel.  | 0                            | 1                          | 1                            | 0  | -   |
| <b>Subprogram 4.4: Vervoerstelsels</b>                |  |                              |                            |                              |  |   |
| <b>4.1</b>  | <b>Versterk mobiliteit en toegang in munisipaliteite deur die ontwikkeling, implementering en bestuur van inkrementele openbare- en niegemotoriseerde vervoernetwerke.</b>         |                              |                            |                              |  |   |
| <b>4.3</b>  | <b>Versterk strategiese benadering tot spoor en vrag en versterk koördinerings met sleutelbelanghebbers deur die ontwikkeling van 'n implementeringsprogram vir spoor en vrag.</b> |                              |                            |                              |  |   |
| <b>4.4</b>  | <b>Verbeter ondersteuning aan openbare- en niegemotoriseerde belanghebbers deur institusionele veranderingsinisiatiewe.</b>  |                              |                            |                              |  |   |
| 4.1.1   | Getal intervensies ondersteun om mobiliteit en toegang te versterk.  | 1                            | 2                          | 2                            | 0  | -   |
| 4.3.1   | Getal implementeringsprogramme vir spoor en vrag ontwikkel.  | 1                            | 1                          | 1                            | 0  | -   |

| Nr.   | Strategiese doelwitte / Aanwysers             | Werklike prestasie 2016/2017 | Beplande teiken 2017/2018 | Werklike prestasie 2017/2018 | Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie 2017/2018 | Opmerking oor afwykings |
|-------|---|------------------------------|---------------------------|------------------------------|---|-------------------------|
| 4.4.1 | Getal institusionele veranderingsinisiatiewe. | 1                            | 1                         | 1                            | 0   | -                       |

## Prestasie-aanwysers

Tabel 26: Program 4: Vervoerbedrywe: Prestasie-aanwysers

| Nr.  | Prestasie-aanwyser            | Werklike prestasie 2014/2015 | Werklike prestasie 2015/2016 | Werklike prestasie 2016/2017 | Beplande teiken 2017/2018 | Werklike prestasie 2017/2018 | Afwyking van beplande teiken vir 2017/2018 | Opmerking oor afwykings   |
|--|-------------------------------|------------------------------|------------------------------|------------------------------|---------------------------|------------------------------|--|---|
| <b>Subprogram 4.2: Openbare vervoerdienste</b> |                               |                              |                              |                              |                           |                              |  |   |
| 4.1.2.1  | Getal roetes gesubsidieer     | 2 417                        | 2 462                        | 2 520                        | 2 460                     | 2 547                        | 87   | Die toename in die vraag na die diens het gelei tot die skep van bykomende roetes om die vraag na die diens te akkommodeer. Aansoeke vir roeteveranderings is gedoen ooreenkomstig die kontrak. |
| 4.1.2.2  | Getal kilometers gesubsidieer | 36 733 044                   | 37 495 646                   | 38 315 171                   | 37 446 908                | 37 361 592                   | (85 316)                                   | Die PTOG km betalingskoers vir 2017/18 is eers na die finalisering van die JPP 2017/18 deur die toesighoudende moniteringsfirma (TMF) gefinaliseer; die JPP bevat die beplande teiken.          |

| Nr.   | Prestasie-aanwyser  | Werklike prestasie 2014/2015 | Werklike prestasie 2015/2016 | Werklike prestasie 2016/2017 | Beplande teiken 2017/2018 | Werklike prestasie 2017/2018 | Afwyking van beplande teiken vir 2017/2018 | Opmerking oor afwykings  |
|---|---|------------------------------|------------------------------|------------------------------|---------------------------|------------------------------|--|--|
| 4.1.2.3   | Getal ritte gesubsidieer  | 1 333 276                    | 1 360 113                    | 1 422 856                    | 1 325 066                 | 1 351 421                    | 26 355                                     | Toenemende passasiersaanvraag na bykomende reise het 'n oorprestasie vir die jaar onder oorsig tot gevolg gehad. Aansoeke vir bykomende ritte is ingevolge die kontrak gedoen. |
| 4.1.2.4   | Getal verhore deur provinsiale regulatoriese entiteit (PRE) gehou*                      | -                            | -                            | -                            | -                         | -                            | -  | -  |
| <b>Subprogram 4.3: Vervoerveiligheid en -nakoming</b> |   |                              |                              |                              |                           |                              |  |  |
| 4.2.1.1   | Getal padveiligheidsbewusmakingsprogramme**   | -                            | -                            | -                            | -                         | -                            | -  | -  |
| 4.2.1.2   | Getal skole betrek by padveiligheidsopvoedingsprogramme **                              | -                            | -                            | -                            | -                         | -                            | -  | -  |
| 4.2.1.3   | Getal fases vir openbare vervoerveiligheidsprogramme ontwikkel                          | n/a                          | 0                            | 0                            | 1                         | 1                            | 0  | -  |
| 4.2.1.4   | Getal bewusmakingsveldtogte vir padveiligheid uitgevoer                                 | n/a                          | 13                           | 19                           | 12                        | 12                           | 0  | -  |
| <b>Subprogram 4.4: Vervoerstelsels</b>                |   |                              |                              |                              |                           |                              |  |  |
| 4.1.1.1   | Getal gedetailleerde inkrementele openbare- en niegemotoriseerdevervoerplanne ontwikkel | 0                            | 0                            | 1                            | 1                         | 1                            | 0  | -  |
| 4.1.1.2   | Getal PVVP-toetsprojekte geïnisieer   | 0                            | 0                            | 0                            | 1                         | 1                            | 0  | -  |

| Nr.     | Prestasie-aanwyser   | Werklike prestasie 2014/2015 | Werklike prestasie 2015/2016 | Werklike prestasie 2016/2017 | Beplande teiken 2017/2018 | Werklike prestasie 2017/2018 | Afwyking van beplande teiken vir 2017/2018 | Opmerking oor afwykings |
|---------|--|------------------------------|------------------------------|------------------------------|---------------------------|------------------------------|--|-------------------------|
| 4.3.1.1 | Getal implementeringsprogramme vir spoor en vrag ontwikkel   | 0                            | 0                            | 1                            | 1                         | 1                            | 0  | -                       |
| 4.4.1.1 | Getal institusionele veranderingsintervensies geïmplementeer | 0                            | 0                            | 1                            | 1                         | 1                            | 0  | -                       |

*Let wel:* \* Hierdie programprestasie-aanwyser word in subprogram 5.3 Bedryfslisensies en -permitte gerapporteer.

\* Hierdie programprestasie-aanwyser word in subprogram 5.4 Wetstoepassing gerapporteer

n.v.t. – nie van toepassing nie omdat hierdie 'n nuwe aanwyser is

## Strategieë om areas van onderprestasie die hoof te bied

Die DVOW is tevrede dat toereikende beheermaatreëls en strategieë daargestel is om te verseker dat die stel diensleweringstandaarde behaal kon word.

Die nasionale prestasie-aanwysers binne openbare vervoerdienste is tot 'n groot mate vraaggedrewe en die bereiking van die teikens is buite die beheer van die DVOW.

## Veranderinge aan beplande teikens

Daar was geen veranderinge aan beplande teikens nie.

## Subprogrambesteding

Tabel 27: Program 4: Vervoerbedrywe: Subprogrambesteding

| Subprogram    |                                | 2017/2018              |                          |                            | 2016/2017              |                          |                            |
|---------------|--------------------------------|------------------------|--------------------------|----------------------------|------------------------|--------------------------|----------------------------|
|               |                                | Finale begroting R'000 | Werklike besteding R'000 | (Oor)/Onderbesteding R'000 | Finale begroting R'000 | Werklike besteding R'000 | (Oor)/Onderbesteding R'000 |
| 4.1           | Programondersteunende bedrywe  | 2 747                  | 2 679                    | 68                         | 2 329                  | 2 251                    | 78                         |
| 4.2           | Openbarevervoerdienste         | 1 110 888              | 1 110 885                | 3                          | 1 097 000              | 1 096 342                | 658                        |
| 4.3           | Vervoerveiligheid en -nakoming | 5 254                  | 4 917                    | 337                        | 11 142                 | 10 912                   | 230                        |
| 4.4           | Vervoerstelsels                | 93 182                 | 93 115                   | 67                         | 79 085                 | 78 782                   | 303                        |
| <b>Totaal</b> |                                | <b>1 212 071</b>       | <b>1 211 596</b>         | <b>475</b>                 | <b>1 189 556</b>       | <b>1 188 287</b>         | <b>1 269</b>               |

## 4.5 Program 5: Vervoerregulering

### Doel

Die doel van hierdie program is om die vervoeromgewing te reguleer deur die registrasie en lisenasiering van voertuie, verenigings, operateurs en bestuurders; om veiligheid te bevorder deur verkeerswetstoepassingsdienste; padveiligheidsopvoeding, -kommunikasie en -bewusmaking sowel as die bedryf van weegbrûe te fasiliteer; en om opleiding te verskaf aan verkeerspolisiering- en ander wetstoepassingsamptenare.

### Subprogramme

- Programondersteunende regulering
- Vervoeradministrasie en -lisenasiering
- Operateurlisensies en -permitte
- Wetstoepassing

### Strategiese doelwitte

|     |  |
|-----|--|
| 5.1 | Verbeter staatsbestuur in die vervoer- regulatoriese omgewing                    |
| 5.2 | Verbeter padvervoerveiligheid  |
| 5.3 | Implementeer 'n doeltreffende, doelmatige en professionele verkeersbestuurdienst |

### Strategiese doelwitte, prestasie-aanwysers, beplande teikens en werklike prestasies

Hierdie program dra by tot departementele strategiese uitkomsgeoriënteerde doelstelling 3: Lewer veilige, doeltreffende en geïntegreerde vervoerstelsels in die Wes-Kaap.

Om die omvang van die beperkte hulpbronne wat in die program beskikbaar is te verbeter en uit te brei om dienslewering en die doeltreffendheid van die stelsel te verbeter, is die besluit 'n paar jaar gelede geneem om in tegnologie en ander vernuwende inisiatiewe te belê, waarvan sommige hieronder gelys word:

Noue samewerking met die Nasionale Vervolgingsgesag het die DVOW in staat gestel om vereenvoudigde EBAT-prosesse by die alkohol-bewysesentrum by die Vangate Shared Service Centre in Athlone weer bekend te stel en 'n tweede alkohol-bewysesentrum in George oop te maak.

Die uitkoms van die herinstelling van EBAT is dat die verkeersbeamptes nie meer by hospitale hoef te wag sodat oortreders geprosesseer word nie en dit skakel ook die behoefte uit om bloedtoetse na patologiese laboratoriums te stuur waar lang verdragings ervaar word.

Verder is mobiele elektroniese asemtoetse ook bekendgestel. 'n Voertuig is in 'n mobiele elektroniese asemtoetsvoertuig omskep, en nadat die nodige goedkeurings van die NVG ontvang is, is die voertuig teen die einde van die boekjaar ontplooi.

Die gebruik van die mobiele EBAT-voertuig maak voorsiening vir onmiddellike toetsing op die plek en verkeersbeamptes het nie nodig om die bedryfsterrein te verlaat om oortreders hospitaal toe te vat vir verdere toetse nie. Die gevolg van hierdie inisiatief is vinniger prosessering van oortreders, geen wagtye vir uitslae van bloedtoetse by patologie laboratoriums nie, vinniger hofprosesse en die verbeterde doeltreffendheid van verkeersbeamptes.

Die EAT-konsep is in die Wes-Kaap bekendgestel en geïmplementeer. Hierdie konsep het 'n toename in die bewustheid rondom die negatiewe effekte van drink en bestuur tot gevolg gehad, en dit het bygedra tot die persepsie dat daar 'n groter waarskynlikheid is om gevang te word as jy drink en bestuur.

Die Geïntegreerde Vervoerintelligensiestelsel is verder ontwikkel en verbeter om die volgende in te sluit – verkeersbeamptes se diensroosters, integrasie met voertuigkameras, skakels met PRE-stelsels om buite-roete taxibedrywe te bepaal, verbeterde analise en afdrucke van dokumente vir boetes.

Hierdie stelsel is gedeeltelik 'n verkeersbeampte se toepassingsinstrument waarmee verkeersbeamptes geregtelike stappe teen oortreders kan neem deur die handtoestelle te gebruik in teenstelling met die wyse wat voorheen in gebruik was. Meer as 250 handtoestelle is gekry om die proses te begin om die stelsel aan alle verkeersbeamptes bekend te stel. Die stelsel verbeter die doeltreffendheid van verkeersbeamptes deur onder meer:

- Die tyd wat dit neem om geregtelike stappe teen oortreders te neem te verminder. Verkeersbeamptes handel nou oortreders in ongeveer 7 minute af. Voorheen het dieselfde oortreder tussen 30 en 40 minute geneem om af te handel;
- Die tyd vir administrasie wat deur verkeersbeamptes in die kantoor gedoen moes word wat ongeveer tussen 1 en 2 ure 'n dag was, te verminder;
- Verslagdoening op die terrein toe te laat en die afhanklikheid van inskrywings by verkeersentrums weg te neem; en
- Verbeterde teikenmonitering en makliker toesig.

Daarbenewens bied die stelsel beter beplanning, waardeur die effektiwiteit en doeltreffendheid van elke verkeersbeampte verbeter word.

Die DVOW het binne-voertuig kamerategnologie gekry en in 50 verkeersbeamptes se voertuie geïnstalleer. Hierdie binne-voertuig kamerategnologie:

- Lees die nommerplate van voertuie en stel verkeersbeamptes in kennis van onder andere ongelisensieerde voertuie, gesteelde voertuie en buite-roete taxis;
- Laat die provinsiale beheersentrum toe om, indien nodig, op 'n afstand aan die kameras van geïnstalleerde voertuie te koppel; en
- Is aan 'n paniekknoppie gekoppel wat verbeterde sekuriteit aan verkeersbeamptes bied.

Na die sukses van die eerste DVP in die Overberg wat tot 'n 29,7 persent afname in sterfgevälle gelei het, het die DVOW met die Stad Kaapstad geskakel om met 'n tweede DVP in die Khayelitsha/ Lingeletu-Wes-gebied te begin en het vir 'n derde DVP in die Weskusdistrik begin beplan. Die aanvanklike resultate na die eerste kwartaal is uiters



bemoedigend, wat 'n afname van 70 persent in sterftes in die Khayelitsha / Lingeletu-Wes-gebied tot gevolg gehad het.

Met die provinsiale minibustaxi-verkiesings wat in 2017/18 plaasgevind het, het partystryde en knoeiery vir uitvoerende posisies 'n kritieke punt bereik met die opkoms van die sogenaamde MTIT wat die geldigheid van die verkose provinsiale leierskap van SANTACO Wes-Kaap uitgedaag het. Die DVOW het 'n onafhanklike bemiddelaar, 'n afgetrede Hoogste Hof van Appèl regter, aangestel om tussen die twee groepe te bemiddel en aanbevelings aan alle partye oor die interpretasie en toepaslikheid van betwiste grondwette aan die verkiesings te maak wat agter geraak het.

Die program se strategiese doelwitte, prestasie-aanwysers, beplande teikens en werklike prestasies word in tabelle hieronder aangebied.

*Strategiese doelwitte*

**Tabel 28: Program 5: Vervoerregulering: Strategiese doelwitte**

| Nr.  | Strategiese doelwitte / Aanwysers                                    | Werklike prestasie 2016/2017 | Bepaalde teiken 2017/2018 | Werklike prestasie 2017/2018 | Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie 2017/2018 | Opmerking oor afwykings  |
|--|--|------------------------------|---------------------------|------------------------------|---|--|
| <b>Subprogram 5.2: Vervoeradministrasie en -lisensiëring</b> |  |                              |                           |                              |   |  |
| <b>5.1</b>   | <b>Verbeter staatsbestuur in die vervoer- regulatoriese omgewing</b> |                              |                           |                              |   |  |
| 5.1.1  | Getal staatsbestuurintervensies geïmplementeer                       | 2                            | 2                         | 2                            | 0   | -  |
| <b>Subprogram 5.4: Wetstoepassing</b>                        |  |                              |                           |                              |   |  |
| <b>5.2</b>   | <b>Verbeter padvervoerveiligheid</b>                                 |                              |                           |                              |   |  |
| 5.2.1  | Getal padongeluksterftes per 100 000 populasie                       | 21                           | 18                        | 21                           | 3   | Padverkeersveiligheid is 'n gedeelde mandaat oor al drie regeringsfere. Die gebrek aan 'n gekoördineerde reaksie op die probleem binne Suid-Afrika word breedweg in die Wes-Kaap weerspieël, veral in die agteruitgang van die Provinsiale Koördinerende Komitee vir Padverkeersbestuur. Onderprioritisering en onderbefondsing van padveiligheidsaktiwiteite op nasionale vlak, ten spyte van groot toenames in die bevolking, dra ook tot die probleem by. Onderbefondsing beperk die impak van padveiligheidsopvoeding deur die implementering van padveiligheidspraktisyns te beperk en die omvang en reik van bemarkingspogings te beperk. Verbeterings in toerusting en die bekendstelling van beter stelsels, insluitend vir beide veldbedrywighede en data-ontleding, neem tyd om in resultate te manifesteer. In tussentyd bly die sterftesyfers steeds hardkoppig. |

| Nr.        | Strategiese doelwitte / Aanwysers   | Werklike prestasie 2016/2017 | Bepaalde teiken 2017/2018 | Werklike prestasie 2017/2018 | Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie 2017/2018 | Opmerking oor afwykings  |
|------------|---|------------------------------|---------------------------|------------------------------|---|--|
| <b>5.3</b> | <b>Implementeer 'n doeltreffende, doelmatige en professionele verkeersbestuursdiens</b> |                              |                           |                              |   |  |
| 5.3.1      | Getal verkeerswetstoepassingoperasies geïmplementeer                                    | 7 251                        | 7 445                     | 9 331                        | 1 886   | Bykomende bedrywighede wat in samewerking met die SAPD uitgevoer is om openbare vervoerverwante aangeleenthede en ander operasionele vereistes aan te spreek.          |
| 5.3.2      | Getal opvoeding- en bewusmakingsingrypings gefasiliteer                                 | 782                          | 530                       | 764                          | 234   | Bykomende aanvraag na Lopende Bus-opleidingsingrypings van die Departement van Gemeenskapsveiligheid het bykomende opvoedingsbewusmakings-ingrypings tot gevolg gehad. |

## Prestasie-aanwysers

Tabel 29: Program 5: Vervoerregulering: Prestasie-aanwysers

| Nr.  | Prestasie-aanwyser  | Werklike prestasie 2014/2015 | Werklike prestasie 2015/2016 | Werklike prestasie 2016/2017 | Beplande teiken 2017/2018 | Werklike prestasie 2017/2018 | Afwyking van beplande teiken vir 2017/2018 | Opmerking oor afwykings  |
|--|---|------------------------------|------------------------------|------------------------------|---------------------------|------------------------------|--|--|
| <b>Subprogram 5.2: Vervoeradministrasie en -lisensiëring</b> |   |                              |                              |                              |                           |                              |  |  |
| 5.1.1.1  | Getal nakomingsinspeksies uitgevoer                               | 367                          | 390                          | 390                          | 390                       | 383                          | (7)  | Twee nakomingsinspekteurs is tydelik herontplooi om die Valke en NVG met belangrike kriminele ondersoeke by te staan.  |
| <b>Subprogram 5.3: Bedryfslisensies en -permitte</b>         |   |                              |                              |                              |                           |                              |  |  |
| 5.1.1.2  | Getal verhore deur provinsiale regulatoriese entiteit (PRE) gehou | n.v.t.                       | 111                          | 113                          | 120                       | 139                          | 19   | PRE-verhore hang van die hoeveelheid en tipe aansoeke af wat deur die jaar ingedien word, wat deur die aanvraag gedryf word. Die PRE voer ook afsonderlike navrae uit wat tussen openbare verhore gedoen word. |
| 5.1.1.3  | Getal taxiverenigings wat AJV's gehou het                         | 132                          | 98                           | 105                          | 110                       | 105                          | (5)  | Taxigeweld in sekere gebiede gedurende kwartaal 4 het die situasie te onstabiel vir beide verenigings en personeel gemaak om voort te gaan met beplande algemene jaarvergaderings in sekere gebiede.           |
| <b>Subprogram 5.4: Wetstoepassing</b>                        |   |                              |                              |                              |                           |                              |  |  |
| 5.3.1.1  | Getal spoed-operasies uitgevoer                                   | 2 276                        | 3 085                        | 4 708                        | 3 200                     | 4 854                        | 1 654                                      | Die implementering van nuwe tegnologie by ASOD-terreine en verhoogde ontplooiing by hierdie terreine.  |

| Nr.     | Prestasie-aanwyser                                      | Werklike prestasie 2014/2015 | Werklike prestasie 2015/2016 | Werklike prestasie 2016/2017 | Beplande teiken 2017/2018 | Werklike prestasie 2017/2018 | Afwyking van beplande teiken vir 2017/2018 | Opmerking oor afwykings  |
|---------|---|------------------------------|------------------------------|------------------------------|---------------------------|------------------------------|--|--|
| 5.2.1.1 | Getal voertuie geweeg                                   | 673 920                      | 668 101                      | 591 064                      | 675 000                   | 620 212                      | (54 788)                                   | Die onderprestasie was te wyte aan die herontplooiing van operasionele personeel om te help met die sluiting van paaie as gevolg van 'n abnormale hoë aantal proteste as gevolg van dienslewering en ongemagtigde openbare vervoerverwante stakings. Die sluiting van Vredenburg weegbrug en die verlengde diens van die Rawsonville weegbrûe het ook daartoe bygedra. |
| 5.3.1.2 | Getal operasies teen dronkbestuur                       | n.v.t.                       | 1 421                        | 2 467                        | 2 380                     | 3 007                        | 627  | EAT-projekte is by alle verkeersentrums geïmplementeer en is suksesvol uitgevoer.  |
| 5.2.1.2 | Getal voertuie afgetrek en nagegaan                     | n.v.t.                       | 1 170 701                    | 1 128 873                    | 1 195 000                 | 1 112 071                    | (82 929)                                   | Die herontplooiing van beamptes by drie verkeersentrums om met die Knysna brande te help het 'n impak op die bedrywe gehad.  |
| 5.2.1.3 | Getal padveiligheidsbewusmakings-programme              | 634                          | 384                          | 562                          | 420                       | 574                          | 154  | Bykomende aanvraag na Lopende Bus-opleidingsingrypings van die Departement van Gemeenskapsveiligheid het bykomende opvoedingsbewusmakings-ingrypings tot gevolg gehad.   |
| 5.2.1.4 | Getal skole betrek by padveiligheid-opvoedingsprogramme | 362                          | 281                          | 361                          | 345                       | 423                          | 78   | Bykomende aanvraag na Lopende Bus-opleidingsingrypings van die Departement van Gemeenskapsveiligheid is gehou.   |

| Nr.     | Prestasie-aanwyser   | Werklike prestasie 2014/2015 | Werklike prestasie 2015/2016 | Werklike prestasie 2016/2017 | Beplande teiken 2017/2018 | Werklike prestasie 2017/2018 | Afwyking van beplande teiken vir 2017/2018 | Opmerking oor afwykings  |
|---------|--|------------------------------|------------------------------|------------------------------|---------------------------|------------------------------|--|--|
| 5.3.2.1 | Getal studente wat formele verkeersopleidingskursusse suksesvol voltooi as 'n persentasie van studente wat vir formele opleidingskursusse ingeskryf is | n.v.t.                       | (94%)<br>149                 | 98%<br>154                   | 90%<br>130                | 96%<br>150                   | 6%<br>20                                   | Die oormatige prestasie van die vasgestelde teiken kan toegeskryf word aan die behoefte om meer beamptes as voertuigondersoekers op te lei. Dit kan ook toegeskryf word aan behoorlike beplanning en toewyding om te verseker dat voldoende leerderondersteuning in plek is om aan leerdergesentreerde uitkomsgebaseerde opleidingsbeginsels te voldoen. |

## Strategieë om areas van onderprestasie die hoof te bied

’n Aantal strategieë word tans geïmplementeer om prestasie te verbeter.

- Bekendstelling, toetsing en ontwikkeling van binne-voertuig-toepassingstechnologie om die beplanning en bedryfseffektiwiteit van verkeerswetstoepassing te verbeter.
- Voortgesette ontplooiing van beamptes by onbeplande padaktiwiteite wat rampe, protesaksies, begeleidingspligte van abnormale vragte en ander hulpdienste insluit.

## Veranderings aan beplande teikens

Daar was geen veranderinge aan beplande teikens nie.

## Subprogrambesteding

Tabel 30: Program 5: Vervoerregulering: Subprogrambesteding

| Subprogram    |                                       | 2017/2018              |                          |                             | 2016/2017              |                          |                             |
|---------------|---------------------------------------|------------------------|--------------------------|-----------------------------|------------------------|--------------------------|-----------------------------|
|               |                                       | Finale begroting R'000 | Werklike Besteding R'000 | (Oor)/Onder-besteding R'000 | Finale begroting R'000 | Werklike Besteding R'000 | (Oor)/Onder-besteding R'000 |
| 5.1           | Programondersteunende regulering      | 7 315                  | 6 765                    | 550                         | 6 964                  | 6 949                    | 15                          |
| 5.2           | Vervoeradministrasie en -lisensiering | 384 541                | 379 989                  | 4 552                       | 337 557                | 335 150                  | 2 407                       |
| 5.3           | Operateurslisensies en -permitte      | 63 400                 | 62 203                   | 1 197                       | 56 806                 | 56 806                   | -                           |
| 5.4           | Wetstoepassing                        | 346 656                | 345 471                  | 1 185                       | 289 398                | 283 068                  | 6 330                       |
| <b>Totaal</b> |                                       | <b>801 912</b>         | <b>794 428</b>           | <b>7 484</b>                | <b>690 725</b>         | <b>681 973</b>           | <b>8 752</b>                |

## 4.6 Program 6: Gemeenskapsgebaseerde Programme

### Doel

Die doel van hierdie program is om die implementering van programme en strategieë te bestuur wat aanleiding sal gee tot die ontwikkeling en bemagtiging van gemeenskappe en kontrakteurs, met inbegrip van die provinsiale bestuur en koördinerings van die UOWP.

### Subprogramme

- Programondersteuning vir gemeenskapgebaseerde projekte
- Innovasie en bemagtiging
- Koördinasie en nakomingsmonitering

### Strategiese doelwitte

|     |   |
|-----|---|
| 6.1 | Om by te dra tot volhoubare ekonomiese groei en indiensneming in gemeenskappe deur konstruksieverwante ontwikkeling- en bemagtigingsintervensies. |
| 6.2 | Fasiliteer provinsiale koördinerings en monitering van UOWP-aktiwiteite tussen alle implementerende liggame.                                      |

### Strategiese doelwitte, prestasie-aanwysers, beplande teikens en werklike prestasies

Hierdie program dra by tot departementele strategiese uitkomsgeoriënteerde doelstelling 1: Maksimeer bemagtiging en werkskepping in die Wes-Kaap. Dit word bereik deur drie vername gebiede van aktiwiteit.

- Koördinerings van die UOWP in die Wes-Kaap: Om te verseker dat die UOWP se doelwitte en teikens bereik is, is 12 institusionele forums as platforms vir monitering en verslagdoening gehandhaaf. Dit het die tegniese ondersteuning wat aan 40 provinsiale openbare liggame verskaf is, ingelig.
- Fasilitering van programme om opkomende kontrakteurs te ontwikkel: Hierby ingesluit is vaardigheid- en sake-opleiding, inligtingsessies, grondslagfaseopleiding, gevorderde opleiding en mentorskapprogramme en Empla's vir kontrakte vir meer as R5 miljoen; en
- Die aanbieding van konstruksieverwante vaardigheidsontwikkelingsgeleenthede, met inbegrip van vakleerlingskappe; konstruksieverwante ambag- en vaardigheidsontwikkeling as deel van die NJD-program; en vakmanopleiding in ambagte soos elektriese bedrading, sweiswerk, skrynwerkery en loodgieterswerk as deel van die Wes-Kaapse "game-changer" vir vakleerlingskappe.

Die program se strategiese doelwitte, prestasie-aanwysers, beplande teikens en werklike prestasies word in tabelle hieronder aangebied.



*Strategiese doelwitte*

**Tabel 31: Program 6: Gemeenskapsgebaseerde programme: Strategiese doelwitte**

| Nr.  | Strategiese doelwitte / Aanwysers   | Werklike prestasie 2016/2017 | Bepaalde teiken 2017/2018 | Werklike prestasie 2017/2018 | Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie 2017/2018 | Opmerking oor afwykings |
|--|---|------------------------------|---------------------------|------------------------------|---|-------------------------|
| <b>Subprogram 6.3: Innovasie en bemagtiging</b>                                  |   |                              |                           |                              |   |                         |
| <b>6.1</b>   | <b>Om by te dra tot volhoubare ekonomiese groei en indiensneming in gemeenskappe deur konstruksieverwante ontwikkeling- en bemagtigingsintervensies</b> |                              |                           |                              |   |                         |
| 6.1.1  | Getal bemagtigingsprogramme in die konstruksiebedryf volgehou   | 3                            | 3                         | 3                            | -   | -                       |
| <b>Subprogram 6.4: Provinsiale koördinerings en nakomingsmonitering van UOWP</b> |   |                              |                           |                              |   |                         |
| <b>6.2</b>   | <b>Fasiliteer provinsiale koördinerings en monitering van UOWP-aktiwiteite tussen alle implementerende liggame.</b>                                     |                              |                           |                              |   |                         |
| 6.2.1  | Getal provinsiale UOWP-forums gehandhaaf  | 12                           | 12                        | 12                           | -   | -                       |

## Prestasie-aanwysers

Tabel 32: Program 6: Gemeenskapsgebaseerde programme: Prestasie-aanwysers

| Nr.  | Prestasie-aanwyser   | Werklike prestasie 2014/2015 | Werklike prestasie 2015/2016 | Werklike prestasie 2016/2017 | Bepaalde teiken 2017/2018 | Werklike prestasie 2017/2018 | Afwyking van beplande teiken vir 2017/2018 | Opmerking oor afwykings  |
|--|--|------------------------------|------------------------------|------------------------------|---------------------------|------------------------------|--|--|
| <b>Subprogram 6.3: Innovasie en bemagtiging</b>                                  |  |                              |                              |                              |                           |                              |  |  |
| 6.1.1.1  | Getal intervensies vir bemagtiging van begunstigdes  | 4                            | 3                            | 3                            | 3                         | 3                            | -  | -  |
| <b>Subprogram 6.4: Provinsiale koördinerings en nakomingsmonitering van UOWP</b> |  |                              |                              |                              |                           |                              |  |  |
| <b>Nasionale aanwysers</b>   |  |                              |                              |                              |                           |                              |  |  |
| 6.2.1.1  | Getal openbare instansies in die provinsie wat UOWP-teikens rapporteer*  | 40                           | 40                           | 40                           | 40                        | 40                           | -  | -  |
| 6.2.1.2  | Getal intervensies geïmplementeer om openbare liggame te ondersteun in die skep van geteikende aantal werksgeleenthede in die provinsie                          | 53                           | 88                           | 81                           | 80                        | 80                           | -  | -  |
| 6.2.1.3  | Getal werksgeleenthede in die UOWP-verslagstelsel deur openbare liggame aangeteken wat met die goedgekeurde UOWP Stadium III Besigheidsplan teikens in lyn is ** | n.v.t.                       | n.v.t.                       | n.v.t.                       | 82 973                    | 74 384                       | 8 589                                      | Teiken deur die Nasionale Departement van Openbare Werke gestel. |

Let wel: \*Teikenaanwyser is nie kumulatief nie.

\*\* Hierdie getal van 74 384 sluit nie die bydrae van die Nasionale departemente wat in die Provinsie is in nie.

n.v.t. – nie van toepassing nie omdat hierdie h nuwe aanwyser is

## Strategie om areas van onderprestasie die hoof te bied

Die DVOW is tevrede dat toereikende beheermaatreëls en strategieë daargestel is om te verseker dat die stel diensleweringstandaarde behaal kon word.

## Veranderings aan beplande teikens

Daar was geen verandering aan beplande teikens nie.

## Subprogrambesteding

Tabel 33: Program 6: Gemeenskapsgebaseerde programme: Subprogrambesteding

| Subprogram se naam |   | 2017/2018              |                          |                             | 2016/2017              |                          |                             |
|--------------------|---|------------------------|--------------------------|-----------------------------|------------------------|--------------------------|-----------------------------|
|                    |   | Finale begroting R'000 | Werklike besteding R'000 | (Oor)/Onder-besteding R'000 | Finale begroting R'000 | Werklike besteding R'000 | (Oor)/Onder-besteding R'000 |
| 6.1                | Programondersteuning                        | 1 872                  | 1 829                    | 43                          | 1 925                  | 1 731                    | 194                         |
| 6.2                | Gemeenskapsontwikkeling*                    | -                      | -                        | -                           | -                      | -                        | -                           |
| Kaapse Wynlande | Langeberg Plaaslike Munisipaliteit       | C0820: Rehabilitasie van HW287 van km 14.0 tot km 32 - Robertson/Bonnievale                | Die rehabilitasie van HW287 tussen km 14 en km 32, insluitend die herkonstruksie van 'n groot duiksloot by km 31 en die verbreding van brug by km 14.5. Geotegniese stabilisering van helling by km 19 en km 26. Skeidingsvlak pad en parkering deur die dorp Bonnievale met dreinerings- en dienste. Parkeringskeidingsvlak Bonnievale by km 29 tot 31. Geotegniese rehabilitasie by km 26. | 09/11/2016    | 12/12/2018                    | 258 160              |
| Eden            | Mosselbaai Plaaslike Munisipaliteit      | C0822: Rehabilitasie HW344 & DR1578 - Glentana   | Die rehabilitasie van HW344 van Hartenbos (km 1.71) tot Groot Brak (km14.84) en 'n gedeelte van DR1578.  | 15/01/2018    | 13/04/2020                    | 208 479              |
| Overberg        | Theewaterskloof Plaaslike Munisipaliteit | C0984: Herseël HW191 & HW279 naby Theewaterskloofdam & HW279 tussen Villiersdorp & Grabouw | Herseël HW191 & HW279 naby Theewaterskloofdam & HW279 tussen Villiersdorp & Grabouw. Verbreding van brûe op HW279.   | 28/04/2017    | 05/07/2018                    | 117 719              |
| Eden            | Oudtshoorn Plaaslike Munisipaliteit      | C0998: Herseël TR07502 tussen Oudtshoorn & Kangogrotte                                     | Herseël TR75/2 tussen Oudtshoorn & Kangogrotte.  | 28/08/2017    | 31/05/2018                    | 38 581               |

| Distrik        | Plek                                   | Projek se naam  | Gedetailleerde beskrywing  | Aanvangsdatum | Beraamde datum van voltooiing | Projekskoste (R'000) |
|----------------|--|---|--|---------------|-------------------------------|----------------------|
| Unicity        | Kaapstad Administrasie                 | C1046: Verleng die 3de baan op TR09/1 wes van Durbanweg-wisselaar tot die NR0101          | Verleng die 3de baan Wes van Durbanweg-wisselaar tot die NR0101 en herseël/oorlegging van die bestaande pad.   | 19/02/2016    | 02/04/2019                    | 587 078              |
| Sentraal-Karoo | Prince Albert Plaaslike Munisipaliteit | C1037: Herseël TR34/01 & TR34/02 tussen Prince Albertweg en Prince Albert.                | Herseël TR34/01 van km 0.00 tot km 43.34 tussen Prince Albertweg en Prince Albert. Herseël TR34/2 km 43.34 tot km 43.9 en TR34/2 van km 0.00 tot km 3.16. Maatreëls vir beskerming teen erosie teen die Swartrivier. | 13/11/2017    | 15/07/2018                    | 78 909               |
| Weskus         | Swartland Plaaslike Munisipaliteit     | C1009.01: Rehabilitasie DR01111 van km 23.5 tot km 38,951 tussen Kalbaskraal & Malmesbury | Rehabilitasie van DR1111 tussen Abbotsdale en Malmesbury insluitend die remediëring van alle beskadigde strukture.   | 14/09/2015    | 21/05/2018                    | 144 480              |
| Weskus         | Bergrivier Plaaslike Munisipaliteit    | C0821: Rehabilitasie TR23/3 - Porterville/Piketberg                                       | Rehabilitasie en herkonstruksie van dele van TR23/3 van Porterville tot Piketberg km (36,54 to 60,87).   | 07/11/2016    | 01/07/2018                    | 183 333              |
| Unicity        | Helderberg Administrasie               | C0733.06: Nuwe stuitbedding op TR2/2 naby kruising op N2 en Sir Lowryspasweg              | Implementering van 'n stuitbedding langs TR2/2 aan die voet van Sir Lowryspas.   | 15/01/2018    | 20/07/2018                    | 12 646               |



# Deel C: Staatsbestuur

## 1 Inleiding

Die DVOW is daartoe verbind om die hoogste standaard van bestuurstoelig te handhaaf, wat die grondslag lê vir die bestuur van openbare fondse en hulpbronne. Lesers van die jaarverslag wil die versekering hê dat die DVOW goeie bestuurstoeligstrukture in plek het vir die doeltreffende, doelmatige en ekonomiese benutting van staatshulpbronne tot sy beskikking wat deur die belastingbetaler befonds word. Een van die kernwaardes van die DVOW is "aanspreeklikheid" en dit word bevorder deur 'n versterkte bestuurstoeligomgewing.

## 2 Risikobestuur

Die RB vir die DVOW neem verantwoordelikheid vir die implementering van ondernemingsrisikobestuur (ORB) ooreenkomstig met die NT se raamwerk vir openbaresektor-risikobestuur (PSRMF). Die direktoraat ondernemingsrisikobestuur in die DotP verskaf 'n gesentraliseerde strategiese ondersteunings diens aan die DVOW.

Ter nakoming van die NTPSRMF en om risikobestuur verder binne die DVOW vas te lê, het die WKR 'n ORB-beleid aanvaar wat die WKR se algehele voorneme ten opsigte van ORB uiteensit. Die DVOW het die ORB-beleid vir 2016/17 – 2017/18, soos op 18 April 2016 deur die rekenpligtige beampte goedgekeur, aanvaar sowel as 'n ORB-strategie en -implementeringsplan vir 2017/18 wat op 11 Mei 2017 deur die rekenpligtige beampte goedgekeur is. Die ORB-implementeringsplan het die departementele ORB-beleid en -strategie tot uitvoer gebring en sit die rolle en verantwoordelikhede van bestuur en personeel uiteen in soverre risikobestuur in die DVOW aanbetref.

Die DVOW het beide beduidende strategiese en programrisiko's wat 'n impak op die bereiking van sy doelwitte kan hê op 'n kwartaallikse basis geëvalueer. Risiko's is geprioritiseer gegrond op hul waarskynlikheid en impak (inherent en residueel) en daar is op addisionele mitigasie ooreengekom ten einde risiko's tot aanvaarbare vlakke te verlaag. Nuwe/opkomende risiko's is tydens die kwartaallikse hersieningsproses en gedurende die weeklikse vergaderings van die topbestuurskomitee geïdentifiseer.

Die Departement het 'n Ondernemingsrisikobestuurkomitee (ORBKO) gevestig om die RB te ondersteun om haar verantwoordelikhede teenoor risikobestuur uit te voer. Die komitee het bedryf onder 'n opdrag wat deur die rekenpligtige beampte goedgekeur is. ORBKO het hoofsaaklik die doeltreffendheid van die versagende strategieë geëvalueer om die risiko's van die departement te hanteer en het verdere aksie aangevra waar toepaslik.

Die Ouditkomitee van die DVOW monitor ook die risikobestuurproses onafhanklik as deel van sy kwartaallikse hersiening van die Departement.

## Impak op institusionele prestasie

Gesonde risikobestuurspraktyke in die DVOW het bygedra tot die behaling van 'n skoon audit vir die sesde opeenvolgende jaar.

### 2.1 Verslag van die komitee vir ondernemingsrisikobestuur (ORBKO):

Die DVOW is trots om die Jaarlikse ORBKO-verslag vir die boekjaar einde 31 Maart 2018 voor te lê.

#### Komitee vir ondernemingrisikobestuur se verantwoordelikheid

Die ORBKO berig dat dit voldoen aan die verantwoordelikhede wat uit Artikel 38 (1)(a)(i) van die PFMA en Tesourie Regulasie 3.2.1 voortspruit. Die ORBKO berig ook dat dit die toepaslike formele opdrag (op 17 Mei 2017 goedgekeur deur ORBKO-voorsitter) as sy ORB-manifes aangeneem het, sy sake in ooreenstemming met hierdie manifes gereguleer het en het al sy verantwoordelikhede nagekom soos daarin vervat.

#### Lede van komitee vir ondernemingrisikobestuur

Die ORBKO bestaan uit gekose lede van die DVOW se seniorbestuurspan. Soos per sy opdrag het die ORBKO minstens vier keer (kwartaalliks) gedurende die oorsigjaar vergader.

Tersaaklike inligting oor die ORBKO-lede word in die tabel hieronder openbaargemaak:

| Lid                        | Pos   | Geskeduleerde vergaderings | Bygewoon | Datum aangestel |
|----------------------------|---|----------------------------|----------|-----------------|
| Me. J Gooch                | Rekenpligtige beampte (risikoverdediger en ORBKO-voorsitter)                | 4                          | 4        | n.v.t.          |
| Mnr. C Ismay               | Adjunk-direkteur-generaal (ADG): Finansies – (HFB) – Op 31/05/2017 afgetree | 4                          | 1        | 23/03/2017      |
| Adv C Smith                | Hoofdirekteur (HD): Voorsieningskanaalbestuur                               | 4                          | 1        | 23/03/2017      |
|                            | Aangestel as ADG: Finansies – HFB van 01/06/2017                            |                            | 3        |                 |
| Mnr. F Hanekom             | ADG: Strategie, beplanning en koördinerings                                 | 4                          | 2        | 23/03/2017      |
| Mnr. G van Schalkwyk       | HD: Beleid en strategiese integrasie  | 4                          | 3        | 23/03/2017      |
| Mnr. R Maharaj             | HD: Strategiese bestuur en operasionele ondersteuning                       | 4                          | 3        | 23/03/2017      |
| Mnr. G Kode                | ADG: Provinsiale openbare werke   | 4                          | 2        | 23/03/2017      |
| Mnr. L Fourie              | HD: Padnetwerkbestuur   | 4                          | 4        | 23/03/2017      |
| Adv K Reinecke             | ADG: Vervoerbestuur   | 4                          | 4        | 23/03/2017      |
| Me. H Robson               | ADG: Korporatiewe versekering (DvdP)  | 4                          | 3        | 23/03/2017      |
| Mnr. R Jansen van Rensburg | HD: Provinsiale forensiese diens (DotP)                                     | 4                          | 4        | 23/03/2017      |

| Lid                 | Pos   | Geskeduleerde vergaderings | Bygewoon | Datum aangestel |
|---------------------|---|----------------------------|----------|-----------------|
| Me. E de Bruyn      | Direkteur: Sentrum vir e-innovasie (DotP)                 | 4                          | 4        | 23/03/2017      |
| Me. A Haq           | Direkteur: Ondernemingsrisikobestuur (DotP)               | 4                          | 2        | 23/03/2017      |
| Me. P van der Merwe | Direkteur: Staatsbestuur en Aanvraag – VKB (Etiekbeampte) | 4                          | 2        | 02/08/2017      |
| Mnr. Y Ahmed        | HD: Vervoerregulasies                                     | 4                          | 4        | 28/03/2017      |

| Ander deelnemers | Pos  | Geskeduleerde vergaderings | Bygewoon |
|------------------|--|----------------------------|----------|
| Mnr. B Rahim     | Direkteur: Finansiële bestuurtoesig (bedrogbevegter) | 4                          | 4        |
| Me. G Solomons   | Hoof Risiko-adviseur: ORB                            | 4                          | 4        |
| Me. W Hansby     | Direkteur: Provinsiale forensiese diens (DvdP)       | 4                          | 3        |

### Komitee vir ondernemingsrisikobestuur se sleutelaktiwiteite

Die RB is die risikobevegter en voorsitter van die ORBKO.

In die uitvoering van sy pligte het die ORBKO die volgende sleutelaktiwiteite gedurende die jaar verrig:

- Die werktuig vir bestuursprestasië-evaluering (MPAT) hersien namate dit met risikobestuurskwessies verband hou;
- Enige vraelyste rakende die hersiening van en vooruitsigte vir korporatiewe bestuurtoesig oorweeg ten opsigte van risikobestuursaanleenthede;
- Die DVOW se risikobestuursbeleid, -strategie en -implementeringsplan hersien (vir oorweging deur die ouditkomitee en goedkeuring deur die rekenpligtige beampte);
- Gepaste risiko-aptit en -toleransies gestel, hersien en toegepas en hierdie vir goedkeuring deur die rekenpligtige beampte aanbeveel;
- Die DVOW se metodologie vir risiko-identifisering en -evaluering hersien;
- Verslag aan die RB gedoen oor enige wesentlike veranderinge aan die risikoprofiel van die DVOW;
- Die bedrogvoorkomingsplan (strategie, beleid en implementeringsplan) hersien en dit vir goedkeuring deur die RB aanbeveel;
- Die doeltreffendheid van die implementering van die bedrogvoorkomingsplan geëvalueer;
- Enige wesentlike bevindinge en aanbevelings deur leweraars van waarborge op die stelsel vir risikobestuur hersien en toegesien dat gepaste aksies ingestel is om van swakhede werk te maak;
- Doelwitte en sleutelprestasië-aanwysers vir die ORBKO vir goedkeuring deur die RB ontwikkel;

- Doelwitte, oogmerke en sleutelprestasie-aanwysers ontwikkel om die doeltreffendheid van die departementele strategiese risikobestuursaktiwiteit te meet;
- Die mate waartoe risikobestuur binne die DVOW geïntegreer word, geëvalueer sowel as die doeltreffendheid daarvan;
- Die implementering van die departementele risikobestuursbeleid, -strategie en -implementeringsplan geëvalueer;
- Die implementering van die departementele etiesebestuurimplementeringsplan;
- Die doeltreffendheid van die versagtende strategieë om die wesentliche etiese- en korrupsierisiko's van die DVOW geëvalueer; en
- Het oorsig oor die etiesebestuur van die DVOW voorsien.

### **Belangrike strategiese risiko's wat gedurende die jaar in ag geneem en aangespreek is**

Die volgende is belangrike strategiese risiko's vir die DVOW wat gedurende die jaar in ag geneem en aangespreek is:

- Onvermoë om geskikte gespesialiseerde vaardighede te lok, te werf en te behou.
- Gapings in die beleide, prosesse en prosedures.
- Mededingende tenderproses by CIDB Graad 9 in gevaar gestel omdat die getal Graad 9-konstruksies wat betrek word die poel van potensiële kontrakteurs heeltemal uitput.
- Onvermoë om toegang tot IT-stelsels en verwante inligting te verkry in die geval van beduidende ontwinging of ramp.
- Onvoldoende inligtingsekuriteitsmaatreëls wat lei tot beperkte vermoë om IT-stelsels en departementele inligting te beskerm.
- Besigheid Kontinuiteit vir die DVOW – veral oor die gebrek aan water en die risiko van onvoldoende energie, en die impak daarvan op die DVOW.
- Ontoereikende elektrisiteitstoevoer.
- Verdere openbarevervoergeweld en kriminele dade.

Elke program se risiko's word beraadslaag / bespreek tydens die kwartaallike ORBKO-vergaderings. Programbestuurders word vereis om terugvoering te gee oor vordering met die implementering van aksieplanne om die waarskynlikheid van risiko's te verminder en / of die impak daarvan te versag, indien dit verwesenlik word. ORBKO verwys ook risiko's wat meer omvattend ontleed moet word terug en beveel bykomende versagtings of aksies aan om risiko's te bestuur.

### **Belangrike risiko's vir die volgende boekjaar**

Geen belangrike ontlukende risiko's is vir die komende boekjaar geïdentifiseer nie.

### **Ter afsluiting**

Gedurende die oorsigtydperk het die ORBKO daarop gefokus om 'n aantal kritieke risiko's wat die bedrywighede van die DVOW kan óf moontlik kan beïnvloed, te identifiseer. Terwyl belangrike uitdagings in die openbare vervoerruimte bly, veral in verband met die uitdagings wat die duisende pendelaars wat daaglik op openbare vervoer staatmaak,

deur die instandhoudingsagterstand van provinsiale geboue en paaie-bates sowel as in sommige van die bedryfsmeganismes waardeur die DVOW sy dienste lewer aan te pak, het die beraadslagings by die ORBKO, die versagtende maatreëls wat ingestel is en die nagaan van die implementering van hierdie maatreëls die DVOW toegelaat om die risiko te verminder en sy bydrae tot die algehele doelwitte van die NOP, die PSD'e en sy eie doelwitte en doelstellings, te verhef.



---

**JT Gooch**  
**Rekenpligtige Beampte**  
**Departement van Vervoer en Openbare Werke**

**Datum: 31 Augustus 2018**

### 3 Bedrog en korrupsie

Bedrog en korrupsie verteenwoordig beduidende potensiele risiko's vir die departement se bates en kan 'n negatiewe impak hê op die doeltreffendheid van dienslewering en die DVOW se reputasie.

Die WKR het 'n teenbedrog en -korrupsiestrategie aanvaar wat die provinsiale regering se houding van zeroverdraagsaamheid teenoor bedrog, diefstal en korrupsie bekragtig. In lyn met hierdie strategie is die DVOW verbind tot zeroverdraagsaamheid ten opsigte van korrupte of bedrieglike aktiwiteite, hetsy intern of ekstern, en vervolg enige partye wat by sulke praktyke betrokke raak of probeer om daarby betrokke te raak aktief by wyse van alle beskikbare regsinniddele.

Die DVOW het 'n goedgekeurde bedrog-en-korrupsievoorkomingsplan en 'n bedrogvoorkoming-implementeringsplan wat die voorkomingsplan tot uitvoer bring.

Verskeie kanale vir die rapportering van beweerde bedrog, diefstal en korrupsie bestaan en hierdie word in detail in die provinsiale teenbedrog- en korrupsiestrategie en die departementele bedrog-en-korrupsievoorkomingsplan beskryf. Elke bewering wat deur die PFD-eenheid ontvang word, word in 'n sakebestuurstelsel aangeteken wat as 'n bestuurswerktuig gebruik word om verslag te doen oor vordering met sake wat met die DVOW verband hou en om statistiek vir die WKR en die DVOW voort te bring.

Werknemers wat die fluitjie blaas rakende vermoede bedrog, korrupsie en diefstal word beskerm mits die openbaarmaking 'n beskermde openbaarmaking is (d.w.s. aan statutêre vereistes voldoen, bv. in goedertrou). In hierdie verband voorsien die transversale beleid oor bedagmakers riglyne aan werknemers oor hoe om hul klagtes onder die aandag van die tersaaklike lynbestuurders, personeel wat spesifiek vir hierdie doel in die WKR aangewys is of eksterne instansies kan bring. Die geleentheid om anoniem te bly, word aan elke persoon gegun wat dade van bedrog, diefstal en korrupsie wil rapporteer en indien hulle dit persoonlik sou doen, word hulle identiteit vertroulik gehou deur die persoon aan wie hulle rapporteer.

Wanneer bedrog, diefstal of korrupsie bevestig is nadat 'n ondersoek afgehandel is, word die werknemer wat aan sulke dade deelgeneem het aan 'n dissiplinêre verhoor onderwerp. In alle sodanige gevalle word daar van die WKR-verteenwoordiger wat die dissiplinêre prosedures geïnisieer het, verwag om ontslag van die betrokke werknemer aan te beveel. Waar *prima facie* bewyse van kriminele gedrag bespeur word, word 'n kriminele saak by die SAPD aangemeld.

Vir die jaar onder oorsig het die PFD 'n saakbewegingsertifikaat vir die DVOW uitgereik wat die volgende aandui:

| Sake                             | Getal sake |
|----------------------------------|------------|
| Oop sake soos op 1 April 2017    | 5          |
| Oop sake (2017/18)               | 6          |
| Sake wat afgehandel is (2017/18) | (1)        |
| Gevallestudies (2017/18)         | (1)        |
| Oop sake soos op 31 Maart 2018   | 9          |

Die volgende tabel ontleed die afgehandelde gevalle wat hierbo aangedui word, verder:

| Uitkomst van sake wat afgehandel is             | Afgehandelde sake | Sake verwys |
|---|-------------------|-------------|
| Departement om aandag te skenk aan aanbevelings | 1                 | -           |
| Departement om beheermaatreëls te implementeer  | -                 | 1           |

#### 4 Minimalisering van botsing van belange

Die DVOW het die volgende prosesse bestuur om botsende belange op die terrein van voorsieningskanaalbestuur te minimaliseer:

- Die rekenpligtige beampte se VKB-stelsel verwag van alle werknemers in die departement se voorsieningskanaal om jaarliks 'n openbaarmaking van finansiële belange in te dien en om jaarliks aansoek te doen vir werk teen vergoeding buite die staatsdiens (RWOPS) met inagneming van die nuwe Staatsdiensregulasies wat op 1 Augustus 2016 in werking getree het.
- Die inhoud van die nuwe Staatsdiensregulasies wat op 1 Augustus 2016 in werking getree het, is aan amptenare oorgedra waar 'n moontlikheid van nienakoming bestaan;
- Die oorgangreëlings soos voorgeskryf in bylae 1(2) tot die SDR is ook in werking gestel;
- Die e-openbaarmaking soos voorgeskryf deur die Departement van Staatsdiens en Administrasie (DSDA) -platform is geïmplementeer in die voorsieningsketting van die DVOW;
- Verklarings van belange is verlang vanaf almal wat betrokke is by die oorweging, aanbeveling en/of toekenning van tenders;
- Alle voornemende tenderaars moet voldoen aan die vereistes van die Wes-Kaapse tenderdokument (WKBD) 4 (openbaarmaking van belange / verskafferprestasie / verklaring deur werknemers en onafhanklike bodbepaling);
- Daar word van alle DVOW-personeel verlang om aan etiese standaarde te voldoen;
- Bepalings oor vertroulikheid is in plek;
- 'n Gedragskode vir VKB-praktisyns is in plek;
- NT se Gedragskode vir bodtoekenningskomitees word nagevolg;
- Die moontlikheid dat die aanvaarding van gratifikasie, gasvryheid en geskenke as 'n botsing van belange gesien kan word, is uitgelig; en
- Daarbenewens is prosesse om tenderaar/werknemerprofile te verifieer, in plek en behels 'n maandelikse vergelyking van werknemerinligting op die personeelsalarisstelsel (PERSAL) met die WKVD sowel as die NT se SVD se inligting oor verskaffers. Dit dien as beide 'n voorkomende en 'n bespeurende maatreeël om amptenare te identifiseer wat sake met die regering doen.

Provinsiale tesourie-instruksies vereis die verpligte registrasie op die Wes-Kaap se verskafferdatabasis van alle verskaffers wat van voorneme is om sake met die Wes-Kaapse Regering te doen, met inbegrip van:

- Bevestiging deur die Maatskappy- en Intellectuele-eiendomskommissie van inligting rakende maatskappyregistrasie en -eienaarskap.
- 'n Beëdigde verklaring in die vorm van die WKBD 4 deur alle voornemende tenderaars.
- Die indiening van 'n SEB-profiel wat teen die DTI se SEB-databasis geverifieer word.

Nasionale tesourie-instruksie 4A van 2016 vereis die registrasie op die sentrale verskafferdatabasis van alle verskaffers wat van voorneme is om sake met die regering te doen. NT het toestemming aan die provinsiale tesourie vergun om die WKVD tesame met die SVD te gebruik. Die volgende sleutelinligting van voornemende verskaffers word op die SVD geverifieer:

- Sakeregistrasie, insluitend besonderhede van direkteure en lede;
- Bankrekeninghouer se inligting;
- Hetsy in diens van die staat, of nie;
- Belastingnakomingstatus;
- Identiteitsnommer;
- SEB-statusvlak;
- Wanprestasie en beperkings ten opsigte van tenders; en
- Identifisering en verifikasie van potensiële botsing van belange van werknemers deur die Provinsiale Tesourie se Voldoeningsverslag.

Jaarlikse opleiding en formele werksessies word via VKB verskaf.

---

## 5 Gedragkode

---

Die DVOW kom die Staatsdiens se Gedragkode na. Die hoogste standaard van etiese sake word van staatsamptenare in diens van die departement in die uitvoering van hul pligte verlang. Alle werknemers is persoonlik daarvoor verantwoordelik om te verseker dat hulle gedrag eties is en daar word van hulle verwag om enige moontlike oortredings van die kode onder hulle toesig hou se aandag te bring. Die Gedragkode word elke tweede maand elektronies na alle werknemers versprei. Alle nuwe werknemers word in hul aanstellingsbriewe ingelig dat die Gedragkode op die WKR se webwerf beskikbaar is.

---

## 6 Gesondheid-, veiligheid- en omgewingskwessies

---

Die Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid (Wet 85 van 1993) lê 'n verantwoordelikheid op die departement om die fisiese beveiliging van sy infrastruktuurpersele te verseker, sowel as om die fisiese gesondheid en veiligheid van die kontrakteur en sy/haar werknemers te verseker. Met hierdie doel voor oë is die minimumvereistes verwant aan hoe die risiko op infrastruktuurpersele bestuur moet word, gestandaardiseer en opgeneem in die konstruksietenderdokumente wat deur die CIDB voorgeskryf word. Namate dit met vervoerinfrastruktuur verband hou, moet omgewingsimpakevaluering uitgevoer word.



Die DVOW het 'n operasionele veiligheid- en sekuriteitskomitee waarop verteenwoordigers van die departement van gemeenskapsveiligheid ook dien.

Ter ondersteuning van doeltreffende noodontruiming is 13 ontruimingsplanne goedgekeur. Twee-en-twintig ontruimingsplanne is in die 2017/18-boekjaar hersien. Vyf ontruimingsoefeninge is gehou. Die DVOW het begin om die Besigheid Kontinuiteitsplan (BKP) te hersien en 'n Water BKP te ontwikkel.

## 7 Staande Komitee oor Vervoer en Openbare Werke

### 7.1 Staande Komitee oor Vervoer en Openbare Werke

7.1.1 Die staande komitee se brief (11/4/1/1/2/7) gedateer 13 Februarie 2017, 11 April 2017, 9 Mei 2017 en 11 Julie 2017, en die DVOW se antwoord word hierna getabuleer.

| Referate, verslae en inligting deur die Komitee versoek   | DVOW se antwoord   |
|---|--|
| In sy brief gedateer 13 Februarie 2017 het die komitee versoek dat die DVOW dit oor sy Paasfeesverkeersveiligheidsplan inlig.   | Die DVOW se antwoord in hierdie verband is aan die Komitee voorgelê in briewe (verwys na 11/1/2/2 / Standing Committee on Transport and Public Works), gedateer 10 Maart 2017 en 28 Julie 2017, asook 'n aanbieding met die titel: Paasfees Bedryfsplan (15 Maart-30 Junie). |
| In sy briewe gedateer 11 April 2017 en 9 Mei 2017 het die komitee versoek dat die DVOW dit oor die implementering en impak van sy Paasfeesverkeersplan 2017 inlig.  |  |
| In sy brief van 11 Julie 2017 het die komitee die volgende inligting versoek: <ul style="list-style-type: none"> <li>'n Statusverslag oor 43 inhegtenisnemings wat oor die Paasfees gemaak is en die vordering op die vervolgings;</li> <li>Die statistieke van die Direkoraat Verkeersdienste se hoeveelheid personeel vir die tydperk van 2014-2017, asook 'n verduideliking oor die impak van hierdie statistieke op veiligheid en sigbaarheid; en</li> <li>'n Verslag oor die Paasseisoen-mediaveldtogvideo.</li> </ul> |  |
| Die Komitee het verder besluit dat die Stad Kaapstad, in samewerking met die DVOW, hul inligting oor die plan om die uitdagings van die regulering van die informele taxibedryf ("Amaphela") aan te pak.  |  |
| Die Komitee het ook inligting oor die vordering van die befondsing van vakante poste binne die Direkoraat Verkeersdienste aangevra, aangesien dit een van die bydraende faktore tot 'n suksesvolle verkeersveiligheidsplan kan wees.  |  |

7.1.2 Die staande komitee se brief verwysing 11/4/1/1/2/7 gedateer 24 April 2017 en 3 Augustus 2017, asook e-pos korrespondensie gedateer 11 September 2017 en 17 Oktober 2017, en die DVOW se antwoord word hierna getabuleer.

| Referate, verslae en inligting deur die Komitee versoek  | DVOW se antwoord  |
|--|---|
| In sy brief van 24 April 2017 het die Komitee versoek dat die DVOW 'n voorlegging verskaf oor aangeleenthede rakende die vordering van die projek by die Wesfleur Laerskool. | Die DVOW se antwoord in hierdie verband is aan die Komitee voorgelê in in briewe (verwys na 11/4/1/1/2/7/ Standing Committee on Transport and Public Works en 11/1/2/2/ Standing Committee on Transport and Public Works), gedateer 30 Mei 2017, 14 |

| Referate, verslae en inligting deur die Komitee versoek  | DVOW se antwoord   |
|--|--|
| In sy brief gedateer 3 Augustus 2017 het die Komitee versoek dat die DVOW opdatings verskaf met betrekking tot terugvoer van Wesfleur en Parkview Laerskole op die volgende: <ul style="list-style-type: none"> <li>• Herstel van die hoof- en sekondêre varswatervoorsieningslyne;</li> <li>• Herstel van lekkende dakke (Wesfleur Laerskool); en</li> <li>• Herstel van die lugversorger.</li> </ul> | Augustus 2017, 25 September 2017 en 25 Oktober 2017.<br>Die Komitee is voorsien van 'n vorderingstatus oor die volgende: <ul style="list-style-type: none"> <li>• Herstel van die hoof- en sekondêre varswatervoorsieningslyne;</li> <li>• Herstel van lekkende dakke (Wesfleur Laerskool); en</li> <li>• Herstel van die lugversorger.</li> </ul> |
| In 'n e-pos korrespondensie van 11 September 2017 het die Komitee versoek dat die DVOW terugvoering gee oor die ondersoek na die dak by die Wesfleur Laerskool.  | Daarbenewens het die DVOW die komitee voorsien met 'n vorderingstatus oor 'n beoogde inspeksie m.b.t. die herstel van die lekkende dak van die Wesfleur Laerskool.<br>Verdere bevestiging is gegee dat alle latente gebreke by die Wesfleur Laerskool aandag gekry het, spesifiek die:   |
| In 'n e-pos korrespondensie gedateer 17 Oktober 2017 het die Komitee versoek dat die DVOW hulle 'n opdatings sal gee oor of 'n opvolgingspeksie gedoen is en inligting daarvan.  | <ul style="list-style-type: none"> <li>• Dakke wat lek;</li> <li>• Kraallyste van vensters;</li> <li>• Saal se vloer; en</li> <li>• Toiletbakke.</li> </ul>  |

7.1.3 Die staande komitee se brief verwysing 11/4/1/1/2/7 van 2 Junie 2017, 3 Augustus 2017 en 5 Februarie 2018, na aanleiding van 'n oorsigbesoek aan Masakhane en Hawston Laerskole, asook 'n verslag gedateer 5 April 2017 met verwysing na die vordering van projekte, en die DVOW se antwoord word hierna getabuleer.

| Referate, verslae en inligting deur die Komitee versoek   | DVOW se antwoord  |
|---|---|
| In sy brief gedateer 2 Junie 2017 het die Komitee die volgende versoek: <ul style="list-style-type: none"> <li>• Duidelikheid aangaande die beplande voltooiingsdatum by Hawston Laerskool, of dit nagekom is en maandelike redes wat tot maandelike vertragings gelei het indien die voltooiingsdatum nie nagekom is nie.</li> <li>• Masakhane Laerskool.</li> </ul> | Die DVOW se antwoord in hierdie verband is aan die Komitee voorgelê in briewe (verwys na 11/4/1/1/2/7/ Standing Committee on Transport and Public Works), gedateer 19 April 2017, 6 Julie 2017 en 14 Augustus 2017, asook e-pos korrespondensie gedateer 27 Februarie 2018. |
| In sy brief gedateer 3 Augustus 2017 het die Komitee 'n verslag versoek wat die vertragings (indien enige), die redes vir die vertragings, asook enige remediërende maatreëls wat ingestel is, uiteen sit.  |   |
| In sy brief van 5 Februarie 2018, het die Komitee versoek dat die DVOW met die WKOD konsulteer om 'n besoek aan Hawston Laerskool te fasiliteer.  |   |

7.1.4 Die staande komitee se brief verwysing 11/4/1/1/2/7 van 3 April 2017, 12 Junie 2017 (na aanleiding van 'n oorsigbesoek aan Kwa-Faku Laerskool en die Komitee se vergadering op 6 Junie 2017) en 11 Julie 2017, en die DVOW se antwoord word hieronder getabuleer.

| Referate, verslae en inligting deur die Komitee versoek  | DVOW se antwoord   |
|--|--|
| <p>In sy brief gedateer 3 April 2017 het die Komitee versoek dat die DVOW met die WKOD konsulteer om 'n besoek aan Kwa-Faku Laerskool te fasiliteer.</p> <p>Die Komitee het verder versoek dat die DVOW inligting verskaf oor die toestand van die infrastruktuur van die skool.</p>   | <p>Die DVOW se antwoord in hierdie verband is aan die Komitee voorgelê in 'n e-pos korrespondensie gedateer 7 April 2017, 'n voorlegging getitel: Onderwysinfrastruktuur (Inligting: Infrastruktuurdefekte by Kwa-Faku Laerskool, 20 Junie 2017) en 'n brief met verwysing 11/1/2/2/ Standing Committee on Transport and Public Works gedateer 14 Augustus 2017.</p> |
| <p>In sy brief van 12 Junie 2017, het die Komitee die volgende inligting versoek:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• DVOW, in konsultasie met die WKOD, verskaf inligting aan die Komitee oor infrastruktuurdefekte by die Kwa-Faku Laerskool:</li> <li>• Agtergrond en oorsig oor die eksperimentele projek;</li> <li>• 'n Opsomming van die probleme wat ingevolge die infrastruktuur van die gebou ervaar word;</li> <li>• Die impak van hierdie probleme op die leerders en onderwysers;</li> <li>• Hulpmiddels; en</li> <li>• Die finansiële implikasie.</li> </ul>   |  |
| <p>In sy brief van 11 Julie 2017, het die Komitee die volgende inligting versoek:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• DVOW se beleid oor Alternatiewe Bou Tegnologie.</li> <li>• 'n Omvattende verslag van die WKOD op die Kwa-Faku Laerskool waarin die klagtes wat deur die skool ingedien is en die redes vir die stadige vordering tot op datum, uiteengesit word.</li> <li>• Die toegangswêë wat deur die WKOD aan leerders en onderwysers beskikbaar gestel is in die lig van die gesondheidsprobleme wat as gevolg van die probleem met stof by die skool ervaar word.</li> </ul> <p>'n Verbintenis van die WKOD dat dit gedurende die week van 26 Junie 2017 met die beheerliggaam van die skool sal ontmoet om die proses vorentoe te kommunikeer.</p> |  |

7.1.5 Die aangeleenthede wat in die Staande Komitee se e-pos korrespondensie van 3 April 2017 verskyn het, asook die briewe met verwysing 11/4/1/1/2/7 en gedateer 11 Julie 2017, 31 Augustus 2017 (na aanleiding van 'n oorsigbesoek aan George Munisipaliteit en George Link op 25 Julie 2017) en 5 Februarie 2018, en die DVOW se antwoord word hieronder getabuleer.

| Referate, verslae en inligting deur die Komitee versoek  | DVOW se antwoord  |
|--|---|
| <p>In sy e-pos korrespondensie, het die Komitee 'n geskrewe vorderingsverslag aangevra oor die navraag na regsadvies rakende die Finansiële Jaarstate.</p> | <p>Die DVOW se antwoord in hierdie verband is aan die komitee voorsien in 'n brief met verwysing 11/1/2/2/ Standing Committee on Transport and Public Works van 20 April 2017 en 29 September 2017, sowel as in e-pos korrespondensie gedateer 21 Julie 2017 (insluitend 'n</p> |
| <p>In sy brief gedateer 11 Julie 2017, het die Komitee versoek dat die DVOW 'n besoek aan die George Munisipaliteit fasiliteer.</p>                        |   |

| Referate, verslae en inligting deur die Komitee versoek   | DVOW se antwoord   |
|---|--|
| <p>Die Komitee het versoek dat die DVOW die voorgestelde verbintenis met die Direkteure van George Link fasiliteer en daaraan deelneem om onder andere die volgende dinge te bespreek:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Korporatiewe Maatskaplike Verantwoordelikheid en die Korporatiewe Maatskaplike Beleggingsplan;</li> <li>• Die VKB-beleid;</li> <li>• EE-plan met verwysing na die Swart-, Bruin- en Indiese vroue op bestuurs- en direksievlak; en</li> <li>• Die Geouditeerde Finansiële State.</li> </ul> | <p>voorstelling getitel: GGOVN-Standing Committee on Transport and Public Works [SCOTPW], 25 Julie 2017) en 26 Februarie 2018.</p> |

7.1.6 Die staande komitee se brief (verwysing 11/4/1/1/2/7) gedateer 3 November 2017, 1 Februarie 2018 en sy e-pos korrespondensie gedateer 6 Februarie 2018, en die DVOW se antwoord word hieronder getabuleer.

| Referate, verslae en inligting deur die Komitee versoek  | DVOW se antwoord  |
|--|---|
| <p>In sy brief van 3 November 2017, het die Komitee versoek dat die DVOW by die geleentheid op 14 November 2017 aanwesig is m.b.t. 'n inligtingsessie op die Administrasie Beoordeling van die Padverkeersoortredings Wysigingswetsontwerp (B 38B-2017).</p> | <p>Die DVOW se antwoord in hierdie verband is aan die Komitee voorgelê in 'n e-pos korrespondensie gedateer 07 November 2017, 15 Februarie 2018 en 'n brief (verwysing TPW1/3/1/1/1-AARTO Amendments Bill comments) gedateer 27 Maart 2018.</p> |
| <p>In sy brief gedateer 1 Februarie 2018, het die Komitee die DVOW uitgenooi om die openbare verhore by te woon en daaraan deel te neem en geskrewe insette op die Wysigingswetsontwerp in te dien.</p>  |   |
| <p>In sy e-pos korrespondensie gedateer 6 Februarie 2018, het die Komitee die DVOW en sy vennote uitgenooi om die openbare verhore by te woon en daaraan deel te neem en geskrewe insette op die Wysigingswetsontwerp in te dien.</p>                        |   |

7.1.7 Die Staande Komitee se besluit in die brief met verwysing 11/4/1/1/2/7 en gedateer 14 Desember 2017, na vergaderings op 17 en 24 November 2017 aangaande die EBAT-stasie en die RBT-mobiele eenhede, en die DVOW se antwoord word hieronder getabuleer.

| Referate, verslae en inligting deur die Komitee versoek   | DVOW se antwoord  |
|---|---|
| <p>Die Komitee het versoek dat die DVOW die volgende inligting aangaande die EBAT-stasie, veral die RBT-mobiele eenhede wat in die Overberg Distrik in werking gestel is, verskaf:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Die koste implikasies;</li> <li>• Die personeelkapasiteit;</li> <li>• Bedryfstye; en</li> <li>• Die vennootskap met die betrokke munisipaliteit.</li> </ul> | <p>Die DVOW se antwoord is in 'n brief (met verwysing 11/1/2/2/ Standing Committee on Transport and Public Works) gedateer 22 Januarie 2018 voorsien.</p> |

| Referate, verslae en inligting deur die Komitee versoek   | DVOW se antwoord |
|---|------------------|
| <p>Die Komitee het ook versoek dat die DVOW 'n gedetailleerde uiteensetting aangaande die aangepaste ramings van die volgende voorsien:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>Die R4,5 miljoen wat vanaf die 2016/2017 -boekjaar vir die opstel van skutregulasies oorgedra is en ook of die opstel van hierdie regulasies uitgekонтракteer is.</li> <li>Die R18,3 miljoen wat tot dusver bestee is in terme van nuwe en vervangende bates met spesifieke verwysing na die BLMEP Conradie Game-Changer.</li> </ul> |                  |
| <p>Die Komitee het aanbeveel dat gedetailleerde verduidelikings wat die redes vir afwyking duidelik uiteensit, in die aangepaste ramings van provinsiale uitgawes vasgelê moet word, waar die ramings van provinsiale uitgawes na verwys word.</p>  |                  |
| <p>Die Komitee het verder versoek dat die DVOW dit oor Program 4: Vervoerbedrywighede, met verwysing na die beplanning, ontwikkeling, toesig en implementering van verskeie projekte by prioriteitsmunisipaliteite in terme van die PSVP, inlig.</p>  |                  |

7.1.8 Die Staande Komitee se besluit in die brief met verwysing 11/4/1/1/2/7 en gedateer 29 Maart 2017, 9 November 2017 (na 'n vergadering op 20 Oktober 2017) en versoek gedateer 26 Maart 2018 (na vergaderings op 14 Maart 2018), en die DVOW se antwoord word hieronder getabuleer.

| Referate, verslae en inligting deur die Komitee versoek   | DVOW se antwoord   |
|---|--|
| <p>Die Komitee het versoek dat die DVOW die volgende inligting verskaf:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>'n Lys van die eiendomme en die waarde verbonde aan elke eiendom wat die R200 miljard van die regering se onroerende infrastruktuur bates uitmaak;</li> <li>'n Uiteensetting van die eiendomme wat deur nasionale, provinsiale en private entiteite gehuur word en die tariewe wat gehef word;</li> <li>'n Uiteensetting volgens distriktvlak van die 88 953 werksgeleenthede wat ingevolge die UOWP geskep is;</li> <li>'n Uiteensetting volgens distriktvlak van die 539 werklose jong mense wat opleidingsgeleenthede in konstruksie aangebied is;</li> <li>Die koste van die konstruksie van die Kwa Faku Laerskool wat die gebruik van alternatiewe bou tegnologie-tegnieke betrek het, die koste om mobiele eenhede by die skool op te rig, die verwagte koste van 'n tydelike skool en die koste van enige instandhouding aan die oorspronklike struktuur wat moontlik onderneem is;</li> <li>'n Lys van werksinkels wat aangebied is, met vermelding van die gebiede waarin hulle aangebied is, vir die opleiding van gemeenskappe op die tenderprosedure;</li> <li>'n Datum waarop die hospitaal wat die vorige GF Jooste sal vervang, voltooi sal word;</li> <li>Die name van die kontrakteurs wat tenders ontvang het tydens die verskillende stadiums van die konstruksie van die nuwe SMV-perseel in Maitland, die kontrakwaardes wat aan elke tender geheg is asook die planne vir die huidige terreine in Paardeneiland en Roelandstraat, en die versekering dat openbare fondse nie in die proses verlore gegaan het nie;</li> <li>'n Duidelike plan, begroting en tydsraamwerk vir die implementering van die tweede en derde stadium van Ruspierstraat, Maitland asook die projekvoltooiingsdatum; en</li> <li>Die duur van die kontrak ter waarde van R30 miljoen wat aan Third Quarter Consulting BK toegeken is.</li> </ul> | <p>Die DVOW se antwoord is in briewe met verwysings 11/1/2/2/Standing Committee on Transport and Public Works gedateer 28 April 2017, 22 Januarie 2018 en 6 April 2018 voorsien.</p> |

| Referate, verslae en inligting deur die Komitee versoek  | DVOW se antwoord |
|--|------------------|
| Die Komitee het aanbeveel dat wysigings aan die vervreemdingsbeleid op infrastruktuur 'n aktiewe strategie vir openbare deelname insluit asook deurlopende betrokkenheid deur geaffekteerde belanghebbendes.   |                  |
| Die Komitee het ook aanbeveel dat kommunikasie met spoorpendelaars verbeter moet word, nie net ten opsigte van huidige foute en treinvertragings nie, maar ook op die toekomstige planne van Metrorail.  |                  |
| Verder het die Komitee versoek dat die DVOW inligting oor die volgende verskaf: <ul style="list-style-type: none"> <li>Die DVOW se vervreemdingsbeleid met betrekking tot die Helen Bowden-terrein wat die huidige situasie asook huidige staatsake op die terrein uiteensit; en</li> <li>Die DVOW se STP en EE-plan met spesifieke verwysing na maatreëls wat onderneem is om die ongelykheid in diensbillikheidsdoelwitte aan te spreek, spesifiek rakende ras, geslag en persone met gestremdhede, ten einde verteenwoordiging binne die departement en SMV te verseker.</li> </ul> |                  |

7.1.9 Die Staande Komitee se sessie van 22 Oktober 2017 waar 'n verbale voorlegging deur Nyanga-toerismeplatform gehou is en die DVOW se antwoord word hieronder getabuleer.

| Referate, verslae en inligting deur die Komitee versoek   | DVOW se antwoord   |
|---|--|
| Nyanga-toerisme het navrae aangaande jeugvaardigheidsontwikkelingsprogramme, CDP-leerder en gestremde vervoerdienste geopper. | Die DVOW se antwoord is in 'n brief (verwysing TPW 8/6/R) gedateer 2 Maart 2018 uiteengesit. |

7.1.10 Die Staande Komitee se e-pos korrespondensie gedateer 4 September 2017, en die DVOW se antwoord word hieronder getabuleer.

| Referate, verslae en inligting deur die Komitee versoek   | DVOW se antwoord   |
|---|--|
| Die Komitee het die teenwoordigheid van beide die DVOW en die Stad Kaapstad in 'n vergadering met verskeie taxiverenigings versoek. | Die DVOW se antwoord is in 'n brief (verwysing 11/1/2/2/ Standing Committee on Transport and Public Works) gedateer 8 September 2017 voorsien. |
| Die Komitee het verder versoek dat die DVOW die kontakbesonderhede van alle betrokke verenigings verskaf.                           |  |

7.1.11 Die Staande Komitee se brief 11/4/1/1/2/7 gedateer 3 November 2017 en die DVOW se antwoord word hieronder getabuleer.

| Referate, verslae en inligting deur die Komitee versoek  | DVOW se antwoord  |
|--|---|
| Die Komitee het gevra dat die DVOW dit oor die Verkeersveiligheidsplan vir die feestyd van 2017 inligting gee. | Die DVOW se reaksie is vervat in 'n voorlegging met die titel: Integrated Festive Season Traffic Law Enforcement / Road Safety Operational Plan, wat op 15 November 2017 deur e-pos gestuur is. |

7.1.12 Die Staande Komitee se brief (met verwysing 11/4/1/1/2/7) gedateer 20 Julie 2017 en 31 Augustus 2017 en 12 Februarie 2018, en die DVOW se antwoord word hieronder getabuleer.

| Referate, verslae en inligting deur die Komitee versoek   | DVOW se antwoord   |
|---|--|
| In 'n brief van 20 Julie 2017 versoek die Komitee die DVOW om aanwesig te wees by 'n vergadering met Metrorail aangaande die uitdagings wat hulle ervaar.     | Die DVOW se antwoorde is in e-posse op 4 September 2017 en 20 Februarie 2018 voorsien. |
| In 'n brief van 12 Februarie 2018 versoek die Komitee die DVOW om aanwesig te wees by 'n vergadering met Metrorail aangaande die uitdagings wat hulle ervaar. |  |

7.1.13 Die Staande Komitee se briewe (met verwysing 11/4/1/1/2/7) gedateer 11 Augustus 2017, 24 Augustus 2017 (na 'n vergadering op 22 Augustus 2017), 29 September 2017, 10 November 2017 (na 'n openbare verhoor op 31 Oktober 2017), asook 'n e-pos korrespondensie van 20 Julie 2017 en 12 Desember 2017, en die DVOW se antwoord word hieronder getabuleer.

| Referate, verslae en inligting deur die Komitee versoek  | DVOW se antwoord   |
|--|--|
| In die e-pos korrespondensie gedateer 20 Julie 2017 het die Komitee die DVOW versoek om inligting oor die inhoud van die Wes-Kaapse Provinsiale Padverkeeradministrasie Wysigingswetsontwerp (B 3-2017) te verskaf.  | Die DVOW se gedetailleerde antwoorde aan die Komitee op die gelyste kwessies is in briewe (verwysing 11/1/2/2/Standing Committee on Transport and Public Works) gedateer 22 November 2017, 15 Januarie 2018 en 13 Maart 2018, 'n e-pos korrespondensie gedateer 28 Augustus 2017, asook 'n voorlegging (titel: Western Cape Provincial Road Traffic Administration Amendment Bill, 2017) wat 22 Augustus 2017 gedateer is. |
| In 'n brief van 11 Augustus 2017, het die Komitee die DVOW versoek om by 'n vergadering wat vir 22 Augustus 2017 geskeduleer is, inligting oor die inhoud van die Wes-Kaapse Provinsiale Padverkeeradministrasie Wysigingswetsontwerp (B 3-2017) te voorsien.  |  |
| In 'n brief van 24 Augustus 2017, het die Komitee die volgende bekommernisse geopper: <ul style="list-style-type: none"> <li>• Klousule 4 van die Wysigingswetsontwerp ken funksies aan die Provinsiale Minister en Hoof van die Departement toe, maar dit spreek nie die prosedure aan vir die implementering van hierdie funksies nie;</li> <li>• Die Wysigingswetsontwerp verwys nie na die proses wat gevolg moet word vir die opleiding van beamptes binne die departement en munisipaliteite nie, asook die gebrek aan kapasiteit binne hierdie instellings om uitvoering te gee aan die implementeringstrategie;</li> <li>• Klousule 5 van die Wysigingswetsontwerp bepaal dat die Provinsiale Minister toepaslike gelde mag voorskryf wat vir die skut van voertuie geadministreer moet word, maar dit bepaal nie die hoeveelheid gelde of kategorie van gelde wat vir oortreders toepaslik is nie; en</li> <li>• Toepassing van remediërende maatreëls soos 'n appèlliggaam is afwesig en dit is nie duidelik watter owerheid sulke aansoeke sal oorweeg nie.</li> </ul> Die Komitee het ook besluit om die DVOW uit te nooi om die bogenoemde probleme te bespreek, asook die volgende: <ul style="list-style-type: none"> <li>• Die koste en die gepaardgaande tydraamwerke vir die implementering van die inhoud van die Wysigingswetsontwerp;</li> <li>• Die status van die besigheidsaak wat die regulasies sal inlig; en</li> <li>• 'n Aanduiding van wanneer die konsepregulasie beskikbaar sal wees.</li> </ul> |  |

| Referate, verslae en inligting deur die Komitee versoek  | DVOW se antwoord |
|--|------------------|
| <p>In 'n brief gedateer 29 September 2017, het die Komitee die DVOW se teenwoordigheid by alle openbare verhore versoek en ook om die lede van die publiek oor die inhoud van die Administrasie Wysigingswetsontwerp in te lig.</p>  |                  |
| <p>In 'n brief gedateer 10 November 2017, het die Komitee besluit om die moontlikheid te ondersoek om na die Nasionale Wet op Landvervoer, 2009 (Wet 5 van 2009) in hierdie Wysigingswetsontwerp te veryws of om sekere definisies in te sluit sodat die betekenis van die woorde "skut" en "voertuie" verduidelik word.</p> <p>Die Komitee het verder voorgestel dat die DVOW betrokke raak by munisipaliteite en taxiverenigings oor nasionale en provinsiale wetgewing wat direk op hierdie Wysigingswetsontwerp inwerk, waarin die impak wat dit op die spesifieke verenigings sal hê, uiteensit.</p>                  |                  |
| <p>In 'n e-pos korrespondensie van 12 Desember 2017, het die Komitee die DVOW versoek om sy insette bymekaar te sit in 'n dokument getitel: Matrix of comments/Concerns/Suggestions from Members of the Public Hearings on the Western Cape Provincial Road Traffic Administration Amendment Bill (B 3-2017).</p>  |                  |
| <p>In 'n brief van 29 Januarie 2018, het die Komitee die DVOW se teenwoordigheid by 'n Staande Komitee-vergadering versoek wat vir 6 Februarie 2018 geskeduleer was.</p>   |                  |
| <p>In 'n brief van 2 Februarie 2018, het die Komitee die DVOW se teenwoordigheid by twee Staande Komitee-vergaderings versoek wat vir 9 en 15 Februarie 2018 geskeduleer was.</p>  |                  |
| <p>In 'n brief gedateer 5 Maart 2018, is daar besluit om:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Die DVOW te versoek om die proses van samestelling van die besigheidsaak te versnel met betrekking tot die Wes-Kaapse Provinsiale Padverkeersadministrasie Wysigingswetsontwerp (B 3-2017) sodat sodra dit afgehandel is, die DVOW meer gedetailleerde bepalings in verband met die skut van voertuie bekend kan stel; en</li> <li>• Sy oorweging van die Wysigingswetsontwerp op te skort totdat die DVOW die meer gedetailleerde bepalings met betrekking tot die skut van voertuie bekend gestel het.</li> </ul> |                  |



---

## 8 Resolusies van die Komitee op Openbare Rekeninge (ORK)

---

### 8.1 Antwoord oor die verslag van die ORK oor die 2016/17-jaarverslag gedateer 14 Desember 2017

"Die Komitee het kennis geneem van die ouditmening van die OGSA ten opsigte van die finansiële state van die DVOW vir die 2016/17-boekjaar, nadat 'n skoon ouditverslag sonder bevindings verkry is. Die ouditmening bly onveranderd vanaf die 2015/16-boekjaar.

#### Ouditmening

Die OGSA het geen bevindinge met die DVOW geopper oor die nakoming van wette en regulasies óf voorafbepaalde doelwitte nie.

#### Finansiële bestuur

Die DVOW het R7,093 miljard van 'n begroting van R7,093 miljard bestee, wat 'n algehele onderbesteding van R64,0 miljoen (0,9%) tot gevolg gehad het. Voorts is die totale departementele inkomstebegroting van R1,381 miljard met R203,8 miljoen oorvorder wat 'n departementele ontvangs van R1,584 miljard tot gevolg gehad het.

Die oorvordering van inkomste is toe te skryf aan die volgende faktore:

- Motorvoertuiglisensies;
- Verkoop van goedere en dienste;
- Oordragfondse wat ontvang is;
- Rente, dividende en verhuring van grond;
- Boetes, strafboetes en verbeurings;
- Verkoop van departementele kapitale bates; en
- Finansiële transaksies in bates en laste.

Die komitee het egter kennis geneem dat die algehele onderbesteding binne die departement te danke was aan die volgende faktore:

- Lopende betalings;
- Oordragte en subsidies;
- Betalings vir kapitaalbate; en
- Betalings vir finansiële bates.

Die DVOW het R2,910 miljard van 'n kapitaalbegroting van R2,921 miljard (99.6%) bestee, wat 'n algehele onderbesteding van R11 miljoen (0,4%) vir die boekjaar onder oorsig tot gevolg gehad het.

Die Komitee wil graag die volgende nuwe verklarings onder die aandag van die DVOW bring, wat as opkomende risiko's beskou word wat deurlopend gemoniteer moet word:

- Voorraad;
- Kapitalisering van paaie;
- Gedeproklameer pad; en
- OBR.

NT instruksie notas:

- Rekeningkundige handleiding oor oordragbetalings; en
- Prestasie-inligting UOWP."

Die menings en besluite van die Komitee word in die tabel hieronder uiteengesit:

| Resolusienommer | Onderwerp  | Besonderhede   | Departement se antwoord   | Opgelos?  |
|-----------------|--|--|---|-----------|
|                 | <p><b>Bladsy:</b>455 van die jaarverslag</p> <p><b>Paragraaf 6 –</b> Transversale departementele resoluie</p> <p><b>Beskrywing:</b> Die Komitee is deur OGSA aangeraai dat die NT tans 'n Rekeningkundige Handleiding opstel om te onderskei tussen "Goedere en dienste" en "Oordragbetalings". Hierdie onderskeid kan moontlik 'n negatiewe toekomstige ouditmeningsuitkoms vir departemente en entiteite hê indien dit nie nagekom word nie.</p> | <p>Die PAC moedig egter die departemente en entiteite van die WKG aan om met die DEDAT te konsulteer, wat 'n meganisme suksesvol geïmplementeer het om die potensiële oudituitkomsterisiko aan te pak.</p> | <p>Kennis geneem.</p> <p>Verder het die NT 'n konsep omsendbrief vir kommentaar op 28 Februarie 2018 uitgereik om die klassifikasie van Oordrag en Subsidies teenoor Goedere en dienste of Kapitaalbates aan te spreek.</p> | <p>Ja</p> |

| Resolusienommer | Onderwerp   | Besonderhede   | Departement se antwoord | Opgelos? |
|-----------------|---|--|-------------------------|----------|
|                 | <p><b>Bladsy:</b> 457 van die jaarverslag<br/> <b>Paragraaf 9</b> – Algemene bevindinge</p> | <p>Die Komitee wil departemente en entiteite adviseer om kennis te dra van die transversale risiko's wat deur die Ouditkomitee gedurende die 2016/17-boekjaar geïdentifiseer is. Dit sluit die volgende in:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Nuwe regulasies wat deur die Nasionale of Provinsiale Tesourie ingestel mag word;</li> <li>• Openbaarmakingsrisiko's as gevolg van die deurlopende gebruik van die Gewysigde Kontantstandaard van rekeningkunde (komponentisering van bates en die ontwikkeling van 'n effektiewe voorraadbestuurstelsel);</li> <li>• Die auditmening veranderinge van die OGSA wat die audituitkomst van die departemente en entiteite negatief kan beïnvloed, veral met betrekking tot bevindings oor voorafbepaalde doelwitte;</li> <li>• Die waterkrisis wat tans in die Wes-Kaap ervaar word en hoe dit die ekonomiese ontwikkeling en dienslewingsuitkomst van die WKG se departemente en entiteite kan beïnvloed;</li> <li>• VKB en die deurlopende geassosieerde veranderinge wat deur NT geïmplementeer word ten opsigte van die SVD en Nasionale kontrakte; en</li> </ul> | Kennis geneem.          | Ja       |

| Resolusienommer | Onderwerp   | Besonderhede   | Departement se antwoord  | Opgelos? |
|-----------------|---|--|--|----------|
|                 |   | <ul style="list-style-type: none"> <li>Enige veranderinge wat nodig is om die nuwe ODB te komplimenteer, wat 1 Augustus 2016 van krag is.</li> </ul> <p>Net so wil die Komitee die departemente en entiteite van die WKG bewus maak van die volgende risiko's wat voortgesette monitering gedurende die 2017/18 finansiële jaar benodig:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>B-BBEE sertifikate;</li> <li>SVD;</li> <li>eTenders Portaal; en</li> <li>ODB</li> </ul>  |  |          |
| 18.1.1          | <p><b>Bladsy:</b> 162 van die jaarverslag</p> <p><b>Opskrif:</b> "Ondernemings Risikobestuur Staande Komitee Resolusies"</p> <p><b>Beskrywing:</b> Die Komitee neem kennis dat die Departement die volgende risiko's gedurende die 2016/17-boekjaar oorweeg en aangespreek het, wat insluit:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>Mededingende tenderproses by CIDB Graad 9 wat in gevaar gestel is; en</li> <li>Beperkte vermoë van studente uit benadeelde gemeenskappe om toegelaat te word en wiskunde en verwante vakke by hoër onderwysinstellings te slaag.</li> </ul> <p>Die Komitee het die waarde vir geld gevra wat uit die voorgenome geïdentifiseerde risiko's afgelei is, met spesifieke verwysing na insette en uitkomstes.</p> <p>Daarbenewens het die Komitee gevra hoe die CIDB Graad 9 diensverskaffers 'n risiko kan hê om in gevaar te wees. In ooreenstemming daarmee het die Komitee 'n begeerte om te verstaan hoe die DVOW die CIDB Graad 1 en</p> | <ol style="list-style-type: none"> <li>Dat die DVOW die Komitee inlig oor die risiko's wat aangegaan is met betrekking tot die mededingende tenderproses by die CIDB Graad 9 wat in gevaar gestel is, insluitend die ondersteunende meganisme vir CIDB Graad 1 en 2 diensverskaffers.</li> <li>Dat die DVOW die Komitee inlig oor die waarde wat verkry is van die risiko wat die beperkte vermoë van studente uit benadeelde gemeenskappe beklemtoon om toegelaat te word tot wiskunde en verwante vakke by hoër onderwysinstellings en dit te laat slaag.</li> </ol> | <p>Kennis geneem.</p> <p>Inligtingsessie deur die PAC vir 9 Mei 2018 geskeduleer.</p> <p>Die ADG: Finansies asook die HD: UOWP is oor die verwagte inligtingsessie ingelig onder verwysing 4/6/4/1 gedateer 26 Februarie 2018 en 22 Maart 2018 onderskeidelik.</p> | Ja       |

| Resolusienommer | Onderwerp   | Besonderhede  | Departement se antwoord  | Opgelos? |
|-----------------|---|---|--|----------|
|                 | 2 diensverskaffers ondersteun het om kontrakte suksesvol te voltooi, wat sal verseker dat die DVOW sy jaarlikse teikens bereik.   |   |  |          |
| 18.1.2          | <p><b>Bladsy:</b> 195 en 310 van die jaarverslag</p> <p><b>Opskrif:</b> "Interne Oudit- en Ouditkomitees" en "Betalings vir finansiële bates"</p> <p><b>Beskrywing:</b> Die Komitee neem kennis dat die Departement die Ouditkomitee ingelig het oor sy huidige en ouer departementele skuld gedurende die 2016/17-boekjaar. Dit is in die lig van die wesenlike verliese en skuld wat gedurende die boekjaar onder oorsig afgeskryf is.</p> <p>Daarbenewens neem die Komitee kennis van Staatskoerant No 2241, wat die Tesourie Regulasie vir departemente is (gelees in samewerking met die PFMA) ingevolge skuldbestuur. Die RB van 'n instelling moet doeltreffende en gepaste stappe doen om alle geld verhaal wat aan die instelling geskuld word, insluitende, soos nodig -</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>(a) Instandhouding van behoorlike rekeninge en rekords vir alle debiteure, insluitend bedrae ontvang in deelbetaling; en</li> <li>(b) Verwysing van 'n saak aan die Staatsprokureur, waar ekonomies, om 'n regsbevel en moontlike regsgeding in 'n geregshof te oorweeg.</li> </ul> <p>Daarbenewens kan skuld wat aan die staat verskuldig is, na goeiddunke van die RB van die instelling, in paaiemente verhaal word.</p> | Dat die DVOW die Komitee inlig oor die huidige en ouer departementele skuld gedurende die 2016/17-boekjaar, insluitend die meganismes wat in die DVOW in plek is om só 'n gebeurtenis te verminder, indien dit nie gemitigeer kan word nie. | Kennis geneem.<br>Inligtingsessie deur die PAC vir 9 Mei 2018 geskeduleer.<br>Die ADG: Finansies is oor die verwagte inligtingsessie ingelig onder verwysing 4/6/4/1 gedateer 26 Februarie 2018. | Ja       |

## 8.2 Lys van inligting verlang

Dat die DVOW die komitee van die volgende voorsien:

- 8.2.1 'n Gedetailleerde verslag wat verband hou met die oorweegde risiko van die DVOW, waar dit nie moontlik was om die provinsiale padnetwerk te handhaaf nie soos aangedui op bladsy 163 van die Jaarverslag.  
(Hierdie inligting is aan die komiteekoördineerder verskaf.)
- 8.2.2 'n Afskrif van die Provinsiale Forensiese se Saakbewegingsertifikaat wat met die sake verband hou wat vir die 2016/17-boekjaar aan SAPD verwys is, insluitend saaknommers, soos aangedui op bladsy 166 van die Jaarverslag.  
(Hierdie inligting is aan die komiteekoördineerder verskaf.)
- 8.2.3 'n Verslag wat die beurse uitlig wat aan werknemers van die DVOW toegeken is, insluitend die posvlakke of salarisbande, soos aangedui op bladsy 251 van die Jaarverslag.  
(Hierdie inligting is aan die komiteekoördineerder verskaf.)
- 8.2.4 'n Verslag wat alle eise bo R1 miljoen uitlig wat volgens Bylae 2B vir die 2016/17-boekjaar teen die staat ingedien is, soos aangedui op bladsy 347 van die Jaarverslag.  
(Hierdie inligting is aan die komiteekoördineerder verskaf.)

---

## 9 Vorige wysigings aan ouditverslae

---

Daar was geen wysigings aan die ouditverslae oor die afgelope vier jaar nie.

## 10 Direkoraat Finansiële Bestuurstoestig

Die doel van die direkoraat finansiële bestuurstoestig is om gesonde finansiële bestuurspraktyke te verseker. In die loop van die finansiële oorsigjaar was die fokus op die verifiëring van voldoening aan goedgekeurde delegasies, nakomingstoetsing van uitgawebewyse, bespeuring en voorkoming van onreëlmatige, vrugtelose en verkwistende uitgawes, uitvoering van voorafbepaalde finansiële inspeksies soos aangetoon in die bedryfsplan, *ad hoc* ondersoeke, en die voorsiening van doeltreffende en doelmatige bedrog- en verliesbeheerbestuursdienste.

| Aangeleenthede geopper   | Werk verrig   |
|--|---|
| Finansiële delegasies  | PFMA RB'e delegasies –Delegasieraamwerk 2014 Finansiële Instruksie 6 van 2006: <ul style="list-style-type: none"> <li>• (Wysiging 1 van 2017) uitgereik op 3 Julie 2017</li> <li>• (Wysiging 2 van 2017) uitgereik op 17 Augustus 2017</li> <li>• (Wysiging 3 van 2017) uitgereik op 8 September 2017</li> </ul> PFMA RB'e delegasies – volledige stel tans onder hersiening.   |
| Die ontwikkeling, hersiening en wysiging van standaardbedryfsprosedures en -beleide om finansiële bestuurstoestig te verbeter. | <ul style="list-style-type: none"> <li>• Regulerende Ouditproses – Finansiële Instruksie 2 van 2007: (Aanvullend 1 van 2017) uitgereik op 11 Desember 2017</li> <li>• Regulerende Oudit: Ouditbetrokkenheidsbriewe en OGSA-riglyne – Finansiële Instruksie 2 van 2007: (Aanvullend 1 van 2018) uitgereik op 10 Januarie 2018</li> <li>• ERMCO-opdrag 2017-18 - Finansiële Instruksie 5 van 2012: (Aanvullend 1 van 2016) uitgereik op 25 Mei 2017</li> <li>• Spysenieringsuitgawes: Finansiële Instruksie 4 van 2014 (Wysiging 1 van 2016) uitgereik op 15 September 2017</li> <li>• Jaarlikse hersiening van bestaans- en kamptoelae: Finansiële Instruksie 1 van 2017 uitgereik op 18 April 2017</li> <li>• Bestuur en hantering van onreëlmatige, vrugtelose en verkwistende en ongemagtigde uitgawes: Finansiële Instruksie 2 van 2010 (Aanvullend 1 van 2017) uitgereik op 17 Augustus 2017</li> <li>• Verkryging van Ondernemingshulpbronne-beplanningstelsel: Finansiële Instruksie 2 van 2017 uitgereik op 25 Mei 2017</li> <li>• Vermaakuitgawes: Finansiële Instruksie 3 van 2014                         <ul style="list-style-type: none"> <li>○ (Wysiging 1 van 2017) uitgereik op 15 September 2017</li> <li>○ (Wysiging 2 van 2017) uitgereik op 22 November 2017</li> </ul> </li> </ul> |



| Aangeleenthede geopper  | Werk verrig   |
|---|---|
|   | <ul style="list-style-type: none"> <li>• Bywoning van eksterne konferensies, gebeure of studiereise: Finansiële Instruksie 3 van 2017 uitgereik op 1 Augustus 2017</li> <li>• Aanstelling van OGSA hoof-ouditspanlede: Finansiële Instruksie 8 van 2017 uitgereik op 16 Oktober 2017</li> <li>• Bedrogbewusmakingsopleiding 2017-18: Finansiële Instruksie 15 van 2013:                         <ul style="list-style-type: none"> <li>◦ (Aanvullend 1 van 2017) uitgereik op 1 Augustus 2017</li> <li>◦ (Aanvullend 2 van 2017) uitgereik op 13 September 2017</li> </ul> </li> <li>• Banktenderdienste – Aanvaarding van geskenke, donasies en borgskappe: Finansiële Instruksie 23 van 2016 (Aanvullend 1 van 2017) uitgereik op 31 Maart 2017</li> <li>• Kostebesparingsmaatreëls: Finansiële Instruksie 31 van 2016 (Aanvullend 1 van 2017) uitgereik op 30 November 2017</li> <li>• Departementele implementeringsplan vir die voorkoming van bedrog 2017/18 tot 2018/19: Finansiële Instruksie 32 van 2016 (Aanvullend 1 van 2017) uitgereik op 20 Junie 2017</li> </ul> |
| PFD-verslae   | Aandag geskenk aan die aanbevelings van die 1 verslag wat ontvang is  |
| Eksterne ouditproses  | Om kontinuïteit met die resultaat van die vorige jaar se oudit te verseker, is noodsaaklike voorbereidingswerk verrig voordat die nuwe ouditsiklus in Desember 2017 h aanvang geneem het.   |
| Interne ouditproses   | Soos op 31 Maart 2018 is 6 verslae ontvang en die implementering van aanbevelings word deur die DCGIP behartig.   |
| Behoud van finansiële inligting   | Gedurende die 2017-2018-boekjaar is 37 109 BAS-bestedingsbewyse geverifieer teen die maandelikse dokumentbestuursverslae om volledigheid te verseker en finansiële inligting te beveilig.   |
| Verslagdoening  |   |
| <ul style="list-style-type: none"> <li>• Resolusies van die Komitee op Openbare Rekening (ORK)</li> </ul>                         | Jaarliks  |
| <ul style="list-style-type: none"> <li>• Staatsdienskommissie (finansiële wangedrag)</li> </ul>                                   | Kwartaalliks  |
| <ul style="list-style-type: none"> <li>• Departement van Staatsdiens en Administrasie (DSDA) (korrupsie en bedrog)</li> </ul>     | Kwartaalliks  |
| <ul style="list-style-type: none"> <li>• Topbestuur (departementele plan om korporatiewe bestuurstoetsing te verbeter)</li> </ul> | Maandeliks  |

| Aangeleenthede geopper   | Werk verrig  |
|--|--|
| <ul style="list-style-type: none"> <li>Ouditkomitee (departementele plan om korporatiewe bestuurtoesig te verbeter)</li> </ul>         | Kwartaalliks   |
| <ul style="list-style-type: none"> <li>Topbestuur (onreëlmatige, vrugtelose en verkwistende uitgawes)</li> </ul>                       | Maandeliks   |
| <ul style="list-style-type: none"> <li>ERMCO (implementeringsplan vir bedrogvoorkomingstrategie en bedrogrisikoregisters)</li> </ul>   | Kwartaalliks   |
| <ul style="list-style-type: none"> <li>IJM (onreëlmatige, vrugtelose en verkwistende uitgawes)</li> </ul>                              | Maandeliks   |
| DCGIP  | Die DCGIP word bygewerk met bevindinge vanuit die OGSA se bestuursverslag, interne auditverslae, provinsiale tesourie se GAP-analise, PFD se verslae en die ORK se resolusies. Teen jaareinde is 15 projekte in hierdie verband gemoniteer.  |
| Finansiële handleiding oor die bestuurstelsel vir elektroniese inhoud  | Instandhouding van die stelsel en die laai van bestuursdokumente geskied op 'n deurlopende basis.  |
| Finansiële inspeksies  | Getal nakomingsinspeksies en ad-hoc-inspeksies uitgevoer: 32<br>Na-auditinspeksies is op 4 895 BAS en LOGIS betaalbewyse gedoen.<br>As deel van die inspektoraat se bedryfsplan word alle opgeloopte bedrae vir die boekjaar vir korrektheid geverifieer voordat dit by die finansiële jaarstate ingevoer word. Alle LOGIS- en BAS-betalings is geverifieer. |
| Sakelêers vir verliesbeheer:<br>Sake hou verband met eise teen die staat, skade aan staatsmotorvoertuie en verlies aan roerende bates. | Beginsaldo 1 April 2017 (488)<br>Nuwe sake geregistreer (235)<br>Sake afgehandel 31 Maart 2018 (377)<br>Balans soos op 31 Maart 2018 (346)   |
| Sakelêers rakende onreëlmatige, vrugtelose en verkwistende uitgawes  | Beginsaldo 1 April 2017 (0)<br>Nuwe sake geregistreer (3)<br>Totale sake ondersoek (3)<br>Sake afgehandel (3)<br>Balans soos op 31 Maart 2018 (0)  |

## 11 Hoofdirektoraat: Voorsieningskanaalbestuur: Direktoraat Bestuurstoesig en Aanvraagbestuur

Die direktoraat bestuurstoesig en aanvraagbestuur se doel is om 'n diens te lewer ten opsigte van beplanning, nakoming, prestasiebestuur, kapasiteitsbou en aanvraagbestuur. In die loop van die finansiële oorsigjaar was die direktoraat hoofsaaklik betrokke by die implementering en toepassing van die rekenpligtige beampte se VKB-stelsel wat prosesse versterk het deur die ontwikkeling, hersiening en wysiging van prosedures ten einde werk te maak van tekortkominge in interne beheer. Die direktoraat was ook verantwoordelik vir die bestuur van opleidingsprogramme.

| Aangeleenthede geopper   | Werk verrig  |
|--|--|
| VKB  | <ul style="list-style-type: none"> <li>VKB Besigheidskarteringsessie met die van die Hoofverkrygingsbeampte</li> <li>Hersiene Tenderaar se Verklaring van Belang Boddokument</li> <li>Kommentaar op die Strategiese Verkrygingsraamwerk, Strategiese Verkrygingsproses, Goeie Prakttykgidse</li> <li>Die Voorkeurverkrygingsregulasies, 2017</li> </ul>  |
| Staande Komitee:   | <ul style="list-style-type: none"> <li>Die VKB-eenheid het voorbereidingswerk, ondersteuning en voorleggings vir die Staande Komitee bestuur en uitgevoer, asook hulle op verskeie terreinbesoeke gedurende die jaar vergesel</li> </ul>   |
| Die ontwikkeling, hersiening en wysiging van standaardbedryfsprosedures en -beleide om voorsieningskanaalbestuur te verbeter | <ul style="list-style-type: none"> <li>VKB-instruksie                             <ul style="list-style-type: none"> <li>VKB-instruksie 1 van 2018: SMV: Nuwe gesubsidieerde motorvervoerhandleiding</li> <li>VKB-instruksie 2 van 2018: Misbruik van staatsvoertuie: prosedures om konsekwentheid te verseker met die toepassing van dissipline (misbruik van GG-voertuie)</li> <li>VKB-instruksie 4 van 2017/18: Implementering van die gewysigde vereistes vir die openbaarmaking van finansiële belange deur werknemers wat in die VKB- en finansiële eenhede in diens is</li> <li>VKB-instruksie 5 van 2017/18: Boekjaar 2017/2018 batetelling en verifikasie program / skedule</li> </ul> </li> <li>VKB-instruksie 7 van 2017/18: 2017 Advertering van jaareindedatums</li> <li>VKB-instruksie 8 van 2017/18: Hernuwing van sagtewarelisensies</li> <li>VKB-instruksie 7 van 2017/18: Aansoek vir (BTW)                             <ul style="list-style-type: none"> <li>VKB-instruksie 10 van 2017/18: Uitreik van hersiene transaksie-oorsiglys vir aankope tussen R2001 en R500 000</li> <li>VKB-instruksie 15 van 2017/18: Hersiene tariewe ingevolge die nieterugbetaalbare betalings van boddokumente</li> </ul> </li> </ul> |
| Samewerkende inisiatiewe met lynfunksie  | Weeklikse vergaderings met die lynfunksie oor die implementering van die RB se VKB-stelsel<br>Weeklikse vergaderings met die lynfunksie oor lewering van die VKB-program<br>Tweeweeklikse vergaderings met die Sentrum vir e-Innovasie oor die visualisering van die VKB-stelsel   |

| Aangeleenthede geopper   | Werk verrig   |                  |  |                          |       |                               |                  |
|--|---|------------------|--|--------------------------|-------|-------------------------------|------------------|
| Verslagdoening   |   |                  |  |                          |       |                               |                  |
| <ul style="list-style-type: none"> <li>• Verkrygingstatistieke                             <ul style="list-style-type: none"> <li>- HvD</li> <li>- HFB</li> <li>- Provinsiale Tesourie</li> <li>- NT (deur die CRA-stelsel)</li> <li>- Ouditeur-generaal</li> </ul> </li> <li>• Monitering van die verkrygingsplan</li> <li>• Toegekende kontrakte                             <ul style="list-style-type: none"> <li>o CIDB-register van kontrakte (I-Tender)</li> </ul> </li> <li>• DCGIP</li> <li>• Topbestuur</li> <li>• Komitee oor die Bestuur van Infrastruktuurlewering</li> <li>• ORK</li> <li>• Ouditkomitee</li> <li>• Staande Komitee oor Vervoer en Openbare Werke</li> </ul> | Maandeliks<br>Maandeliks<br>Maandeliks<br>Maandeliks<br>Maandeliks<br>Maandeliks<br>Maandeliks<br>Maandeliks<br>Maandeliks<br>Maandeliks<br>Maandeliks<br>Soos verlang<br>Soos verlang<br>Soos verlang  |                  |  |                          |       |                               |                  |
| Verkryging deur tenderprosesse   | Formele tenders: <table border="1" style="width: 100%; border-collapse: collapse;"> <thead> <tr> <th colspan="2" style="text-align: center;">2017-18-boekjaar</th> </tr> </thead> <tbody> <tr> <td style="text-align: center;">Getal kontrakte toegeken</td> <td style="text-align: center;">2 055</td> </tr> <tr> <td style="text-align: center;">Waarde van kontrakte toegeken</td> <td style="text-align: center;">3 972 164 660.27</td> </tr> </tbody> </table> | 2017-18-boekjaar |  | Getal kontrakte toegeken | 2 055 | Waarde van kontrakte toegeken | 3 972 164 660.27 |
| 2017-18-boekjaar   |   |                  |  |                          |       |                               |                  |
| Getal kontrakte toegeken   | 2 055   |                  |  |                          |       |                               |                  |
| Waarde van kontrakte toegeken  | 3 972 164 660.27  |                  |  |                          |       |                               |                  |

| Aangeleenthede geopper        | Werk verrig   |                  |  |                          |     |                               |                  |
|-------------------------------|---|------------------|--|--------------------------|-----|-------------------------------|------------------|
|                               | <p>* Het hoofsaak op konstruksieverkryging gefokus.<br/>                     Informele tenders:</p> <table border="1" data-bbox="651 355 1883 480"> <thead> <tr> <th colspan="2" data-bbox="651 355 1883 395">2017-18-boekjaar</th> </tr> </thead> <tbody> <tr> <td data-bbox="651 395 1290 435">Getal kontrakte toegeken</td> <td data-bbox="1290 395 1883 435">810</td> </tr> <tr> <td data-bbox="651 435 1290 480">Waarde van kontrakte toegeken</td> <td data-bbox="1290 435 1883 480">2 095 386 353.67</td> </tr> </tbody> </table>  | 2017-18-boekjaar |  | Getal kontrakte toegeken | 810 | Waarde van kontrakte toegeken | 2 095 386 353.67 |
| 2017-18-boekjaar              |   |                  |  |                          |     |                               |                  |
| Getal kontrakte toegeken      | 810   |                  |  |                          |     |                               |                  |
| Waarde van kontrakte toegeken | 2 095 386 353.67  |                  |  |                          |     |                               |                  |
| VKB-nakomingsinspeksies       | <p>Nakomingsinspeksies met die doel om nakoming te verbeter en hulp te verleen met die implementering van wysigings aan die rekenpligtige beampte se VKB-stelsel en meegaande delegasies: (3 nakomingsevaluerings is gedurende die oorsigjaar uitgevoer). Dit het bestaan uit die volgende:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Formele assessering met behulp van gedefinieerde metodologie</li> <li>• Beplan</li> <li>• Raak betrokke</li> <li>• Berei voor</li> <li>• Bates                             <ul style="list-style-type: none"> <li>• Verslag</li> <li>• Moniteer en evalueer</li> </ul> </li> <li>• Identifiseer tekortkominge                             <ul style="list-style-type: none"> <li>• Kom wedersyds ooreen oor hoe om tekortkominge uit die weg te ruim</li> <li>• Bied deurentyd een-tot-een-begeleiding aan</li> </ul> </li> <li>• Verifieer bates</li> </ul> |                  |  |                          |     |                               |                  |
| VKB-klagtemeganisme           | Onderzoek klagtes en rapporteer alle gevalle waar bedrog, korrupsie of tenderknoeiery vermoed word (26 voorvalle ondersoek)   |                  |  |                          |     |                               |                  |

| Aangeleenthede geopper  | Werk verrig   |
|---|---|
| Verifikasie van tenderaar en personeel  | <ul style="list-style-type: none"> <li>• Maandelikse nakomingsverslag (komende van provinsiale tesourie) om werknemers se potensiële botsende belange te identifiseer en te verifieer.                     <ul style="list-style-type: none"> <li>• VKB-instruksie 5 van 2013/14 - SBP om tenderaar en personeel te verifieer wat dit moontlik maak om profiele op te stel van potensiële en huidige diensverskaffers sowel as VKB-praktisyns namate dit verband hou met private belange en die moontlikheid van botsende belange tussen private belange en hul verpligting ten opsigte van hul openbare amp</li> <li>• WKBD4 - gekombineerde SBD 4, 8 en 9 - Verklaring van belange, tenderaars se vorige VKB-praktyke en bepaling van onafhanklike tender</li> <li>• Verklaring van belange deur VKB-praktisyns word nagekom en die VKB-gedragkode word toegepas</li> </ul> </li> <li>• Verklaring van belange deur lede van die tenderkomitee</li> </ul> |
| Verpligte registrasie op die Wes-Kaapse verskafferdatabasis (WKVD) – sentrale bewaarplek vir alle bestuursdokumente vir die Wes-Kaapse Regering, sowel as registrasie op die NT se sentrale verskaffersdatabasis (SVD). | <ul style="list-style-type: none"> <li>• Deurlopende fasilitering van die registrasie van verskaffers op die WKVD deur deelname aan die program vir kontrakteursontwikkeling met die UOWP tydens konstruksie-inligtingsessies (KIS) sowel as verskafferontwikkelingsessies (in samewerking met die departement van ekonomiese ontwikkeling en toerisme sowel as verskeie munisipaliteite); mini-werksessies met verskaffers, nagaan van registrasiedokumente vir volledigheid en opvolging van die status van dokumente wat vir registrasie ingedien is</li> <li>• SVD-promosietoere in samewerking met die provinsiale tesourie om verskaffers op die SVD te registreer</li> <li>• Monitering van die WKVD en SVD om seker te maak dat verskaffers steeds aktief is</li> <li>• Kontrolelyste wat nakoming van verpligte registrasie informeer en afdwing</li> </ul>  |
| DCGIP   | Behartig bevindings voortspruitend uit OGSA se bestuursverslag, interne ouditverslae, provinsiale tesourie se GAP-analise en SKOOR-resolusies ten opsigte van VKB ten einde gapings te oorbrug, tekortkominge in die proses uit die weg te ruim, vaardighede waar nodig oor te dra en enige ander gevolge te bestuur  |

## Kapasiteitsbou- en vaardighedsprogramme geïmplementeer

Die volgende opleidingsintervensies is gedurende die jaar bygewoon:

| Datum       | Beskrywing   | Tipe opleiding | Get. bywoners |
|-------------|--|----------------|---------------|
| 24 April    | UNISA Eerste Pre-Eksamen                                   | Werkswinkel    | 9             |
| 25 April    | UNISA Eerste Pre-Eksamen                                   | Werkswinkel    | 25            |
| 25-26 April | Standaard vir infrastruktuurverkryging en -leweringbestuur | Seminaar       | 3             |

| Datum           | Beskrywing  | Tipe opleiding       | Get. bywoners |
|-----------------|---|----------------------|---------------|
| 19 Mei          | Infrastruktuurprogressiemodel                           | Interne Werkswinkel  | 5             |
| 08 Junie        | Klein Besigheidsekspo-Kamer van Koophandel/DEDAT        | Ekspo/Opleiding      | 3             |
| 14 Junie        | Voorsieningkanaal Opedag- Villiersdorp                  | Opleiding            | 2             |
| 01-02 Augustus  | IT-sekureiteitsbewustheidsopleiding                     | Interne Werkswinkel  | 10            |
| 10 Augustus     | Opleidingsforum   | Vergadering          | 12            |
| 23-24 Augustus  | Kaapse Konstruksie Konferensie en Handels-ekspo         | Konferensie          | 2             |
| 11-15 September | Intermediêre Projekbestuur- George                      | Kort kursus          | 24            |
| 15 September    | Forensiese Seminaar                                     | Seminaar             | 3             |
| 17-18 September | ACFE Jaarlikse Konferensie 2017                         | Konferensie          | 6             |
| 02-06 Oktober   | Infrastruktuurverkryging en -lêweringbestuurskursus     | Kort kursus          | 20            |
| 02-06 Oktober   | Junior Bestuursprogram                                  | Kort kursus          | 1             |
| 09-10 Oktober   | UNISA 2de Pre-Eksamen Werkswinkel - Kaapstad            | Werkswinkel          | 15            |
| 11-12 Oktober   | Finansiële Indaba                                       | Konferensie          | 6             |
| 12-13 Oktober   | UNISA 2de Pre-Eksamen Werkswinkel -George               | Werkswinkel          | 5             |
| 18-19 Oktober   | IT-sekureiteitsbewustheidsopleiding                     | Interne Werkswinkel  | 8             |
| 06-10 November  | Intermediêre Projekbestuur - Kaapstad                   | Kort kursus          | 22            |
| 5-9 Februarie   | Toesighoudingspraktyke vir Junior Bestuurders           | Kort kursus          | 2             |
| 16 Februarie    | Strategiese Verkrygingsbewustheid                       | Interne Werkswinkel  | 2             |
| 16 Februarie    | NEC 4-werkswinkel                                       | Eksterne Werkswinkel | 16            |
| 19-20 Februarie | Inkomste Bestuursopleiding                              | Werkswinkel          | 2             |
| 22 Maart        | Nasionale Departement van Toerisme: Bewusmakingsveldtog | Veldtog              | 1             |
| 5-7 Maart       | Gesertifiseerde Bedrog-eksaminator Kursus               | Kort kursus          | 3             |

---

## 12 Interne Oudit- en Ouditkomitees

---

Interne oudit voorsien bestuur van onafhanklike, objektiewe versekering en raadplegende dienste wat ontwerp is om waarde tot die deurlopende verbetering van die DVOW se bedrywighede te voeg. Dit help die DVOW om sy doelwitte te behaal deur 'n sistematiese, gedissiplineerde benadering tot die evaluering en verbetering van die doeltreffendheid van bestuurstoedig, risikobestuur en beheerprosesse daar te stel.

Die volgende vername aktiwiteite is in hierdie verband verrig:

- Evaluering en maak van gepaste aanbevelings vir verbetering van die bestuurstoedigprosesse ten einde die DVOW se doelwitte te behaal;
- Evaluering van die toereikendheid en doeltreffendheid van en lewering van 'n bydrae tot die verbetering van die risikobestuurproses; en
- Hulpverlening aan die RB om die doeltreffendheid en doelmatigheid van beheermaatreëls te handhaaf deur daardie beheermaatreëls te evalueer ten einde hulle doeltreffendheid en doelmatigheid te bepaal en aanbevelings ter versterking en verbetering te ontwikkel.

Die volgende betrokkeheid ten opsigte van waarborge is in 2017/18 se interne-ouditplan goedgekeur en afgehandel:

- DSDA-delegasie;
- SMV – Vlootdienste; en
- Oordragbetalings – Dial a Ride.

Die volgende raadplegende betrokkeheid is in 2017/18 se interne-ouditplan goedgekeur en afgehandel:

- Finansiële betalings – SBP'e;
- Verkeerswetstoepassing; en
- UOWP.

Die Ouditkomitee is as 'n oorsigliggaam daargestel en verskaf onafhanklike oorsig oor bestuursbeheer, risikobestuur en beheerprosesse in die departement waarby oorsig en verantwoordelikhede verwant aan die volgende ingesluit is:

- Interne-ouditfunksie;
- Eksterne-ouditfunksie OGSA;
- Departementele boekhouding en rapportering;
- Departementele rekeningkundige beleide;
- Hersiening van OGSA se bestuur- en ouditverslag;
- Hersiening van departementele in-jaar-monitering;
- Departementele risikobestuur;
- Interne beheer;
- Voorafbepaalde doelwitte;
- Etiek; en
- Forensiese ondersoeke.



Tersaaklike inligting oor die ouditkomiteeëde word in die tabel hieronder openbaargemaak:

| Naam                  | Kwalifikasies  | Intern of ekstern | Indien intern, pos in die departement | Datum aangestel                | Datum bedank | Getal vergaderings bygewoon |
|-----------------------|--|-------------------|---------------------------------------|--------------------------------|--------------|-----------------------------|
| Mnr. Francois Barnard | BProc; BCompt (Hons.); CTA; nagraadse diploma in ouditkunde; MComm (Belasting); GR(SA) | Eksterne          | n.v.t.                                | 01 Januarie 2016 (2de termyn)  | n.v.t.       | 8                           |
| Mnr. Johannes Kleyn   | Finansies en sakestelsels, risikobestuur en nakoming.                                  | Eksterne          | n.v.t.                                | 01 Januarie 2018 (2de termyn)  | n.v.t.       | 8                           |
| Me. Judy Gunther      | BCompt; M-graad in Kosteberekening; CRMA; CIA; AGA                                     | Eksterne          | n.v.t.                                | 01 Januarie 2016 (1ste termyn) | n.v.t.       | 8                           |
| Mnr. Mervyn Burton    | B Compt; B Compt (Hons.); GR(SA)   | Eksterne          | n.v.t.                                | 01 Januarie 2018 (1ste termyn) | n.v.t.       | 2                           |

---

## 13 Verslag van die Ouditkomitee

---

Ons lê met genoë ons verslag vir die boekjaar geëindig 31 Maart 2018 voor.

### Ouditkomitee se verantwoordelikhede

Die Ouditkomitee rapporteer dat dit sy verantwoordelikhede voortspruitend uit artikel 38(1)(a)(ii) van die PFMA en Tesourieregulasie 3.1 ten volle nagekom het. Die Ouditkomitee rapporteer voorts dat dit gepaste formele opdragte as sy auditkomiteehandves aanvaar het, sy sake in nakoming van hierdie handves gereguleer het en al sy verantwoordelikhede uitgevoer het soos daarin vervat.

### Die doeltreffendheid van interne beheer

Ooreenkomstig die PFMA en die King IV Verslag oor Korporatiewe Bestuursvereistes verleen interne audit aan die Ouditkomitee en bestuur redelike waarborge dat interne beheermaatreëls toereikend en doeltreffend is. Dit word bereik deur 'n risikogebaseerde interne auditplan, interne audit wat die toereikendheid van beheermaatreëls wat die risiko's versag, evalueer en die Ouditkomitee wat die implementering van korrektiewe optrede moniteer.

Die volgende interne-auditbetrokkenheid is deur die Ouditkomitee goedgekeur en deur interne audit gedurende die oorsigjaar afgehandel:

- DSDA-delegasie (vergadering rakende waarborge);
- SMV – Vlootdienste (vergadering rakende waarborge);
- Oordragbetalings – Dial A Ride (vergadering rakende waarborge);
- Finansiële betalings – SBP'e (raadplegende betrokkenheid);
- Verkeerswetstoepassing (raadplegende betrokkenheid); en
- UOWP (raadplegende betrokkenheid).

Daar is met bestuur ooreengekom op die terreine vir verbetering, soos deur Interne Audit uitgewys in die uitvoering van hul pligte. Die Ouditkomitee moniteer die implementering van die ooreengekome optrede op 'n kwartaallikse basis.

### In-jaar-bestuur en maandelikse/kwartaallikse verslae

Die Ouditkomitee is tevrede met die inhoud en gehalte van kwartaallikse in-jaar-bestuurs- en -prestasieverslae wat ooreenkomstig die NT-regulasies en die Wet op die Verdeling van Inkomste tydens die oorsigjaar deur die departement se rekenpligtige beamppte voorberei en uitgereik is.

### Evaluering van finansiële state

Die Ouditkomitee het:

- die geouditeerde finansiële jaarstate wat by die jaarverslag ingesluit moet word, hersien en met die OGSA en die rekenpligtige beamppte bespreek;
- die OGSA se bestuursverslag en bestuur se reaksie daarop hersien;
- veranderings aan rekeningkundige beleide en praktyke, soos in die finansiële jaarstate gerapporteer, hersien; en

- wesenlike aansuiwerings voortspruitend uit die departement se oudit hersien.

## Voldoening

Die Ouditkomitee het die departement se prosesse ter nakoming van wetlike en regulerende bepalings hersien.

## Prestasie-inligting

Die Ouditkomitee het die inligting oor voorafbepaalde doelwitte, soos in die jaarverslag gerapporteer, hersien.

## Verslag van die Ouditeur-generaal van Suid-Afrika

Die Ouditkomitee het:

- op 'n kwartaallikse basis die departement se implementering hersien van ouditaangeleenthede wat in die vorige jaar geopper is;
- die OGSA se bestuursverslag en bestuur se reaksie daarop hersien; en
- met die OGSA vergader om te verseker dat daar geen onopgeloste aangeleenthede is wat uit die gereeldheidsoudit voortgespruit het nie.

Korrektiewe optrede rakende die gedetailleerde bevindinge wat deur die OGSA geopper is, word op 'n kwartaallikse basis deur die Ouditkomitee gemoniteer.

Die Ouditkomitee stem saam met en aanvaar die OGSA se mening rakende die finansiële jaarstate en stel voor dat die geouditeerde finansiële jaarstate aanvaar en saam met hul verslag gelees word.

Die Ouditkomitee betuig sy lof teenoor die departement vir die handhawing van 'n ongekwalifiseerde ouditmening sonder enige wesentlike bevindinge.



---

**Mnr. Francois Barnard**  
**Voorsitter van die Ouditkomitee**  
**Departement van Vervoer en Openbare Werke**  
**Datum: 07 Augustus 2018**

# Deel D: Mensehulpbronbestuur

---

## 1 Inleiding

---

Ons unieke bydrae tot die werk van die WKR is grotendeels toe te skryf aan die volhardende, en dikwels onbaatsugtige, pogings van die mense binne die DVOW.

Om konsekwent verbeterde dienste aan die inwoners van die Wes-Kaap te lewer, hou sy eie uitdagings in. Die moderne mensebestuurlandskap het in die onlangse jare aansienlik verskuif en verg komplekse navigasie tussen 'n reeks kompeterende veranderlikes.

Benewens die feit dat hierdie veranderlikes onderling afhanklik en onderling verwant is, word hulle beheer deur streng reëls en regulasies wat probleme veroorsaak wanneer retensie- en attraksie-inisiatiewe verken word.

Hierby ingesluit is die balansering van dienslewingsnoodsaaklikhede, die attraksie en retensie van kritieke en skaarsvaardighede, werkmagbemaagtiging, loopbaanbestuur, opvolgbeplanning, diensbillikheid en die skep van 'n bemaagtigende omgewing waarin werknemers kan floreer. Voorts word daar van die departement verwag om binne 'n streng omgewing te funksioneer wat vereis dat bestuurders die impak van "om meer met minder te doen" oorweeg.

Dit ten spyte die veranderende patrone en verhoogde eise wat 'n impak op die moderne werkplek het, het die konsekwente harde werk van ons mense tot gevolg gehad dat merkwaardige prestasies en dienslewingsverbeterings gedurende die oorsigjaar behaal is.

---

## 2 Stand van mensebestuur by die departement

---

### 2.1 Departementele werkmagbeplanning

Die rol van werkmagbeplanning is belangrik om te verseker dat die DVOW die vereiste aantal mense het met die nodige vaardighede, kennis en houdings om die werk te verrig. Deur hierdie proses, evalueer die DVOW jaarliks sy werkmag-profiel teenoor huidige en toekomstige organisatoriese behoeftes.

Die doel van die evaluasie is om te bepaal tot watter mate die huidige werkmag-profiel die hoof mensebestuuruitkomstes aanspreek wat die kontinuïteit en waarde van diens sal waarborg.

Die werkmagplan 2015-2020, is dus in lyn met die visie en missie van DVOW se strategiese plan, asook die mensebestuurstrategie.

Die aannames waarop hierdie werkmagplan ontwikkel is, is steeds geldig en die aksieplan is hersien om te verseker dat strategieë (soos per die vermelde prioriteite) sy uitkomste bereik:

- 'n Billike werkmag;
- Bevoegde mense in die regte getalle op die regte plek op die regte tyd met die regte houding;
- 'n Werkplek wat prestasie bevorder;
- Leiers wat die gedrag wat met die organisasie se waardes geassosieer word, uitleef;
- Mense wat hoogs betrokke is;
- Gemotiveerde werknemers wat in ooreenstemming is met die kultuur van die organisasie;
- Verbeterde etiese gedrag en 'n vermindering van korrupsie dade; en

Die werkmagplan is hersien om te verseker dat die werkmagstrategie en vername aktiwiteite steeds geldig en toepaslik vir die 2018/19-boekjaar is. Die huidige werkmagplan verval op 31 Maart 2020.

## 2.2 Bestuur van werknemerprestasie

Die doel van prestasiebestuur is om prestasie te verhoog deur individuele toewyding, aanspreeklikheid en motivering aan te moedig.

Alle werknemers moet elke jaar voor 31 Mei 'n prestasie-ooreenkoms voltooi. Die ooreenkoms is in wese 'n kontrak tussen die werkgewer en die werknemer wat die projekte, programme, aktiwiteite, verwagtinge en standaard vir die vereiste lewering bevat. Ten einde 'n gestandaardiseerde administrasieproses te fasiliteer, het die WKG 'n elektroniese stelsel ontwerp, naamlik Prestasiebestuursinligtingstelsel, wat toelaat dat die hele prestasiebestuursproses vasgelê, gemonitor en bestuur word.

Die prestasiebestuursproses vereis dat 'n halfjaarlikse oorsig en jaarlikse evaluasie gedoen word, maar dat die bedryfsteikens en -prestasies wat met die prestasie-ooreenkoms verband hou, deurlopend gemonitor en gekommunikeer word. In gevalle waar teikens of prestasieverwagtings nie nagekom word nie, word die gapings deur die bestuur van swak prestasie aangespreek. In hierdie konteks is 'n prestasie-konsultasie-eenheid in die KDS (Hoofdirektorat: Mensebestuurpraktyke) gevestig om lynbestuurders (mensebestuurders) met die hantering van swak prestasie by te staan. Hierdie is 'n ontwikkelingsproses, maar in gevalle waar individue ingevolge die wetgewende raamwerk as swak presteerders geïdentifiseer is, word hulle verplig om hulself aan 'n ontwikkelingsplan of alternatief tot dissiplinêre optrede onderworpe te wees.

## 2.3 Werknemerwelstand

Die WKR se transversal program vir werknemergesondheid en -welstand (WGWP) volg 'n holistiese benadering tot werknemergesondheid en is grootliks voorkomend van aard wat beide primêre en sekondêre dienste bied. Die departement moniteer die WGWP-program by wyse van maandelikse verslae oor die benutting van primêre dienste (24/7/365 telefoniese beradingsdiens, aanlyn e-Sorg-diens en rapportering) en sekondêre dienste (persoonlike berading, trauma en kritieke insidente, opleiding en geteikende intervensie, uitvoerende afrigting, bepleiting).

'n Kwartaallikse verslag word deur die direktoraat: organisatoriese gedrag binne die Sentrum vir Korporatiewe Dienste voorberei wat tendense ten opsigte van benutting ontleed, risiko's identifiseer en die impak daarvan op produktiwiteit aandui. Voorts is deurlopende verslagdoening aan die DSDA 'n vereiste en sodanige rapportering fokus op vier areas, naamlik, MIV/VIGS, gesondheid en produktiwiteit, welstandbestuur en SHEQ (veiligheid, gesondheid, omgewing, en gehalte).

## 2.4 Mensebestuurmonitering

Die DVOW, in samewerking met die KDS, moniteer die implementering van 'n reeks mensebestuur-nakomingsaanwysers. Die maandelikse Barometer Feite Lêer wat deur die Hoofdirektoraat: Mensebestuurspraktyke binne die KDS ontwikkel word, voorsien die DVOW met gereelde opdaterings oor die werkmagprofiel en ander toepaslike mensebestuurdata om besluitneming in staat te stel. Die aanwysers sluit onder andere diensstaat inligting, koptelling, projeksies oor mense uitgawes, patrone van siekverlof, die monetêre waarde van jaarlikse verlofkrediete, dissiplinêre sake, vakaturesyfers, personeelbeweging en indiensnemingsgelykheid, ens in.

Gedurende die jaar onder oorsig, het die DVOW ook aan die implementering van die jaarlikse MPAT 1.7 deelgeneem wat deur die Departement van Beplanning Monitering en Evaluering gekoördineer is. In hierdie geval is 'n gemiddelde telling van 3.6 uit 4 behaal vir die mense van die mensebestuur sleutelprestasie-aanwyser (KPA3). Dit is onder die hoogste tellings wat nasionaal vir hierdie prestasie-aanwyser behaal is.

---

## 3 Oorsigtelike statistiek verwant aan mensebestuur

---

### 3.1 Personeelverwante besteding

Die volgende tabelle bied 'n opsomming van die finale geouditeerde besteding per program (Tabel 3.1.1) en per salarisbande (Tabel 3.1.2).

Die syfers in Tabel 3.1.1 is ontleen van die BRS en die syfers in Tabel 3.1.2 is ontleen van die personeelsalarisstelsel PERSAL. Die twee stelsels is nie gesinkroniseer vir salaristerugbetalings ten opsigte van personeelaanstellings en bedankings en/of oorplasing na en van ander departemente nie. Dit beteken dat daar 'n verskil kan wees in totale besteding wat op hierdie stelsels weerspieël word.

Die sleutel in die tabel hieronder is 'n beskrywing van die programme binne die DVOW. Voortaan sal daar na programme per hul nommer verwys word.

| Program | Programbenaming               |
|---------|-------------------------------|
| 1       | Administrasie                 |
| 2       | Openbare werke-infrastruktuur |
| 3       | Vervoerinfrastruktuur         |
| 4       | Vervoerbedrywe                |

| Program | Programbenaming                 |
|---------|---------------------------------|
| 5       | Vervoerregulering               |
| 6       | Gemeenskapsgebaseerde programme |

**Tabel 3.1.1: Personeelbesteding per program, 2017/18**

| Program       | Totale besteding (R'000) | Personeelbesteding (R'000) | Opleidingbesteding (R'000) | Goedere en dienste (R'000) | Personeelbesteding as 'n % van totale besteding | Gemiddelde personeelbesteding per werknemer (R'000) | Getal werknemers |
